

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE



IN HIERDIE UITGAWE

- + C. M. van den Heever — Abel Coetzee
- C. M. van den Heever ter Gedachtenis — André Bernéts
- Die Prosa's — P. C. Schoones
- C. M. van den Heever as Mens en Kunstenaar — S. C. Hattingh
- De Gevarenis van Djooske Dekkers — Stijn Streuvels
- Die Twee Bome — C. Jacobsz
- Onsterflikeidsdrang in die Afrikaanse Digtens — M. S. du Buson
- Uitgesoekte Bibliografie, C. M. v. d. H. — Y. Garson
- Gedigte
- Oor Boeke
- Skrywersaangeleenthede

JAARGANG 7 NOMMER 3

SEPTEMBER 1957



Voor u brood gebotter word

. . . gaan die koringare deur die dorsmas-
ien, die korrels in die sakke, die sakke
na die meul en die meel na die bakker.

Die produsent voorsien die middelman
en die middelman die verbruiker . . . so
kom die brood op ons tafels. So dra die
boer jaar na jaar sy deel by tot die voed-
selstapel in Suid-Afrika se spens. So
bewys die Spoorweë dag na dag dat die
taak van laai, vervoer en aflewering op
breë skouers rus. En as 'n mens in tonne
en myle dink, dan besef jy hoe swaar die
vrag weeg om 'n groeiende volk soos
ons s'n te voed, te klee en te huisves . . .
besef jy presies hoe breed die skouers is
wat daardie vrag moet dra.



SAS

DIE PAD VAN SUID-AFRIKA

TRENDIENS • PADVERVOERDIENS • LUGDIENS

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad van die
AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

•
Redakteur: ABEL COETZEE
•

Letterkundige Adviseurs:

D. F. MALHERBE
H. A. FAGAN
P. C. SCHOONEES
W. A. DE KLERK
M. S. B. KRITZINGER
B. KOK

Administrasie:

Mej. S. VICTOR
Posbus 57 - Northcliff

Intekengeld: 20/- posvry
•

JAARGANG 7

NOMMER 3

SEPTEMBER — 1957

***Tyd is vir ons meer kosbaar as wat
dit vir ons grootvaders was***

Om tyd te spaar, open 'n rekening
by die Nederlandse Bank van
Suid-Afrika Beperk.

Flinke en doeltreffende bediening
wag hier op u.

SPAAR TYD — SPAAR GELD BY

NEDERLANDSE BANK
VAN SUID-AFRIKA BEPERK

(Geregistreerde Handelsbank)

Werk Reg Met U Geld En U Geld Sal Reg Met U Werk

Inhoud

Bladsy

BY DIE GRAF VAN C. M. VAN DEN HEEVER, Rud. P. Visser	1
†C. M. VAN DEN HEEVER, Abel Coetzee	2
IN DIE HAWE, gedig deur A.	6
IETS OOR C. M. VAN DEN HEEVER EN SY WERK, D. F. Malherbe	7
C. M. VAN DEN HEEVER TER GEDACHTENIS, André Demèdts	12
DIE PROSAIS, P. C. Schoonees	19
VERDWYN, gedig deur S. J. du Toit	32
C. M. VAN DEN HEEVER AS MENS EN KUNSTENAAR, S. C. Hattingh	34
DE GEVARENIS VAN DJOOSKE DEKKERS, Stijn Streuvels	51
NAG BY DIE KUS, gedig deur D. F. Malherbe	56
SMART, gedig deur J. P. Malan	57
DIE TWEE BOME, C. Jacobsz	58
VOOR HILDE, gedig deur André Demèdts	63
UIT DIE NEVELS, gedig deur Eliz. C. M. du Toit	65
DIE ONSTERFLIKHEIDSDRANG IN DIE AFRIKAANSE DIGKUNS, M. S. du Buson	67
'N UITGESOEKTE BIBLIOGRAFIE: C. M. VAN DEN HEEVER, 1902-1957, Y. Garson	72
OOR BOEKE	82
SKRYWERSAANGELEENTHEDE	91

Foto's: C. M. van den Heever

**ONS KONDIG MET GENOEE DIE VOLGENDE
BELANGRIKE NUWE PUBLIKASIES AAN:**

KALEIDOSKOOP — A. J. J. Visser

Die eersteling-bundel van 'n jong digter wie se werk reeds heelwat aandag getrek het waar dit in letterkundige tydskrifte verskyn het.

Prys 12/6

KRUIS EN KRAAI — D. F. Malherbe

'n Nuwe bundel deur een van ons oudste nog aktiewe digters. Alle liefhebbers van Malherbe behoort hierdie werk te lees.

Prys 15/9

DIE UNIEVLAG — C. Pama

Hierdie interessante boekie, deur 'n internasionaal bekende heraldikus, behandel op boeiende wyse die geskiedenis van die Unievlag se ontstaan. Ryklik geïllustreer en met 'n voorwoord deur dr. D. F. Malan.

Prys 7/6

Belangrike Herdrukke:

BELYDENIS IN DIE SKEMERING

— Elizabeth Eybers

Hierdie belangrike werk van ons vernaamste digteres is so pas vir die eerste keer sedert 1936 herdruk. Die teks is feitlik onveranderd.

Prys 10/9

DRIE VROUE — W. A. de Klerk

Dié bundel eenbedrywe het in 1944 die lig gesien en is nou ingrypend gewysig deur die dramaturg. Dit is feitlik 'n nuwe werk en dus van belang vir alle liefhebbers van die drama.

Prys 13/3

NASIONALE BOEKHANDEL BEPERK


Posbus 119
PAROW, K.P.

Posbus 1058
BLOEMFONTEIN


Posbus 9898
JOHANNESBURG

Posbus 95
PORT ELIZABETH

Groote Kerkgebou
KAAPSTAD



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services



C. M. van den Heever, Amsterdam 1928

RUD. P. VISSER:

By Die Graf Van
C. M. Van Den Heever

Oor hom het nou die stilte toegesak
en gaan by elk sekonde-tik 'n ewigheid verby...

'n Hopie grond, verwelkte kranse in die son:
dis al wat aards is nog oor hom.

Ver, ver in die ruimte bo,
miljoene jare anderkant die blou gewelf,
is hy.
En ai, my God, hy ken die antwoord nou!

Lewe?
Dood?
Hoe klaar is daardie raaisel opgelos vir hom!

'n Hopie grond, verwelkte kranse in die son...

Ek staan verslae, stil,
voel 'n wyle self verhewe bo die aardse om my heen.
Maar sondig weer sodra ek omdraai om te gaan
en bid om die besit van daardie kennis wat hy dra
terwyl ek lewe...

ABEL COETZEE:

† *C. M. van den Heever*

27 Februarie 1902—8 Julie 1957

Vir elkeen van ons breek die dag uiteindelik aan waarop die rumoer van die lewe om ons verstil, waarop die vetes waarby ons betrokke was vergeet word, waarop maagskap en vriend en kennis by ons skadelose stof saamvergader om onder mekaar te vra: Watter soort mens was hy? Wat het hy beteken? Waaraan sal ons hom onthou? Want waar die dood intree, word ons vir 'n oomblik gereinig van ons aardse kleinlikhede en ons word gekwel deur twyfel of ons oordele en veroordelings van die verlede nie dalk op eiegeregtigheid gegrond was nie. Dan, met verhelderde blik, sien ons vir 'n enkele oomblik die waarde wat 'n tydgenoot se lewe vir ons gehad het.

Ook vir Christiaan Maurits van den Heever, in lewe hoogleraar aan die Witwatersrand en wydbefaamde Afrikaanse kunstenaar, het hierdie oomblik aangebreek en ons agterblywendes skaar ons 'n tydjie byeen om oorleg te pleeg oor die waarde van die heengegane lewe.

Gebore in 'n konsentrasiekamp op 27 Februarie 1902, sou Christiaan Maurits van den Heever aan 'n geslag mense behoort wat telkemale die ondergang van eie volk en kultuur van aangesig tot aangesig sien dreig het. Kinders van die oorlog, het hulle nogtans nie langs die pad in die as gaan sit nie, maar met onverwoesbare ywer deur eie arbeid en inspanning die ondergang van hulle soort bekamp. Na 'n skool- en universiteitsloopbaan in Bloemfontein en Nederland het dit vir hom, wat aanvanklik as joernalis werksaam was, gou duidelik geword waar sy roeping lê in diens van sy volk. Hy sou dien met die woord, hoofsaaklik die geskrewe woord van die veelsydige kunstenaar wat te midde van die drukte van sy amp die tyd kon uitspaar en vir 'n menseleef tyd feitlik elke jaar minstens een boek aan sy omvangryke leserskring geskink het. Hy het hartstogtelik geglo dat die Afrikaanse taal en kultuur maar op een manier beveilig en bestendig kon word, naamlik deur middel van aansien en waardigheid wat verkry moes word deur 'n gesonde en bloeiende letterkunde. Hy self het aan die werk gegaan en deur die jare heen aan die werk gebly om sy geloof om te skeep in daade en om aan sy tydgenote

die weg te wys wat uitloop op verwesenliking van die volkstrewe.

Behalwe dat hy ontsaglik veel geskryf het, het hy hom ook op ander maniere in diens gestel van die Afrikaanse letterkunde. As hoogleraar wat self digter was, het hy menige jongere bygestaan in die eerste pogings om deur middel van die woord skoonheid te skeep. As onderlegde akademikus en gevormde kunstenaar kon hy menigmaal nie net voorgangers en tydgenote se werk onbevange na waarde skat nie, maar hy kon ook waarsku waar hy 'n medekunstenaar rigtings sien inslaan het wat op agteruitgang moes uitloop. Nog steeds in diens van dieselfde ideaal het hy die Afrikaanse Skrywerskring help stig en jarelank aan die spits daarvan gestaan waar hy hom beywer het nie net vir die geestelike belange van sy volk en sy vakgenote nie, maar ook vir die versorging van hulle stoflike nood. En toe dit op 'n keer duidelik geword het dat al te groot nadruk op die prikkelende in die letterkunde die Afrikaanse volkslewe in gevaar van verval gebring het, het hy onbevrees almal wat daarby betrokke was, opgeroep tot 'n suiwing van die boek. Dis dan ook begryplik dat hy jare lank aan die hoof gestaan het van die redaksie van die Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring en later van die Tydskrif vir Letterkunde.

So groot was sy drang om die aansien van Afrikaans te help verhoog en verstewig dat hy by herhaling die moeisame reis na ons stamlande aanvaar het en dáár die kennis van ons boek en van ons kultuur help versprei het. Telkemale was die besoek aan die stamlande vir hom 'n verfrissing van die gees, want hy het ewe hartstogtelik geglo dat hoe nouer die verband tussen Afrikaans en Nederlands, hoe stewiger sou Afrikaans groei en gedy. Helder en duidelik het hy die opvatting verkondig dat liefde vir die Noord- en Suid-Nederlandse boek die Afrikaner se pleganker moet wees teen taalverwilderings wat kom deur te noue aanraking met Engels. Hy het geglo en selfs die bewys gebring dat die Nederlandskundige Afrikaanse kunstenaar die gedegenste Afrikaans besig, en om daardie rede het hy onvermoeid gestry — ook teen sy nouste vriende in — om die behoud van die Dietse letterkunde vir die Afrikaanse skolier en student. Om dit te help bewerkstellig het hy studieboeke vir Afrikaanssprekendes saamgestel oor die Nederlandse letterkunde en bloemlesings met inleidings van Noord- en Suid-Nederlandse skrywers en digters.

In sy tyd en onder sy landgenote was Christiaan Maurits

een van die grootste vriende en een van die arbeidsaamste yweraars in belang van die Dietse boek in die ruimste sin van die woord. In hierdie opsig was hy nog kunstenaar van die ou soort, d.w.s. die kunstenaar wat gestaan het as geroepene in diens van sy volk, nie net as kunstenaar maar as volksman, die sogenoemde digter-profeet.

Sy lewe lank het hy 'n lewendige belangstelling gehad in die lotgevalle van sy volk, in hulle kultuur, in hulle geestesstrominge, in die tekens van siekte of van groei wat hulle vertoon het. As lid van 'n jong, klein volk, het hy instinkmatig aangevoel dat ons stryd 'n stryd is om aansien te verwerf in ons eie oë en in dié van die buitewêreld, en die beste manier om dit te bereik was vir hom die nastreef en verkryging van ewewig. Die stryd om ewewig — so het hy sy insig vertolk aan sy tydgenote. Hy het geglo dat die Afrikaanse kultuur dusver sy hoogste bloei, sy vormgewing in die landelike omgewing bereik het. Daarom het hy aanvanklik ook geglo dat groei in die volkslewe slegs op ons boereplase volgehou kon word. Later het sy insig verander. Op die plaas het hy gesien hoe lelik die lewe gemaak kan word deur inwendige droogte, hy het gesien hoe ryk die lewe kan oopbloei in die somer, in talle boeke het sy liefde vir die landelike gestalte aangeneem. Maar gaandeweg het hy besef dat nie die uiterlike omstandighede 'n mens, 'n volk of 'n kultuur groot maak nie, maar die innerlike gestemdheid. In talle romans, nouvelles en kortverhale het hy sy mense beskryf in hulle aanpassing by die nuwe, die stadsomgewing. Met diepe insig en liefde het hy uitgebeeld en gekasty en die ewige les verkondig: slegs in die kennis van jou self en in die oorwinning van jou swakhede lê die moontlikheid van grootheid, slegs deur jou self te oorwin word jy 'n held.

Die onmenslikheid van mens teenoor mens, die verbreking van die sedewette van naasteliefde, die verbreking van die ewigheidsverband deur die mens as gevolg van hebsug, jaloesie, grootdoenery, onbegrip — dit was die lelike dinge wat hy telkens weer uitgebeeld het, want hy was idealis wat soms tot rasens toe verbitter kon word oor die illusie van die lewe. Daarom was hy ook 'n eensame.

As kunstenaar was hy seker die veelsydigste onder sy tydgenote. Van al die digsoorte vind ons voorbeelde in sy werk. Die kunsprosa het hy in al sy vorms beoefen: die roman, novelle, kortverhaal, skets, essay, biografie en aforisme. En op elke terrein het hy werk gelewer waaronder ons letterkunde wesenlik armer sou gewees het.

Nog een aspek van sy menslikheid moet ons noem en

dit is sy grondige godsdienssin, die grondslag van sy ganse kunstenaarsarbeid. Met sy eerste verskyning as kunstenaar het dit opgeval dat hy 'n soeker was na die sin van die lewe, soeker na 'n godsbegrip waardeur sy bestaan as mens sin en betekenis kon kry. Hy het wyd en ver gesoek, by die ou en by die nuwe wysgere, in die klassieke wêreld, in die geskiedenis van volke en van godsdienste, in die Bybel. By tye het hy vertroosting gevind, maar nooit is hy volkome bevry van die wete dat die graf, die dood, die vergetelheid wag op elkeen van ons, en dit is die grondslag van die sware weemoed wat soos 'n roukleed lê oor sy ganse letterkundige werksaamheid. Ondanks dit alles groei daar stilweg 'n oortuiging dat die mens onverwoesbaar 'n deel is van die skepping, en dat hy in sy God onverwoesbaar en onverganklik is. So bely hy:

U is die sanger en die helder sang,
U is die gees en ook die suiwer vorm,
U is die stroom en oorsprong van die stroom,
U is die heilige dromer en die droom!
U is die krag wat deur die donker wortels
vir eeue styg om eindelijk vrug te word.
U is een wat bly,
ook as die enigste lig wat vlam in my!

En ook:

Die sonnige stiltes wat hier langs die purper hange wyl,
is ook in my en vul opnuut my dae met 'n bewustheid
dat eeue heen ek ook gelewe het as ewige gevangene
wat aarselend gaan en in die goue dae kom.
Ek weet dit vas, dit groei soos eeue om my
die kalm wete dat ons in God vergroei en ewig bly.

Christiaan Maurits van den Heever het heengegaan. 'n Groot hart, 'n troue vriend, 'n onvermoeide werker, 'n volksman is die groot stilte in, en as daar wete is na die dood, dan ken hy nou die antwoord op al die groot vraagstukke wat sy gees gekwel het.

Sy siel rus in vrede.*

* Hulde aan sy nagedagtenis uitgesaai deur die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie.

A:

In Die Hawe

(Aan die nagedagtenis van my vriend)

*Gejaagde swerwer met verborge krag,
wat rusteloos deur golf en daling ploeg
van kus tot kus, by witgepluimde boeg
die kruin van branders klief, met kosbaar vrag*

*die hawe binnestroom en sonder klag
uit ruim en romp laat stroop jou ganse mag
aan weelde, goud en pérels, laat en vroeg
opeengehoop. Verstil is swerf en swoeg*

*in willoos dein. Die leë romp, gemeer,
— ontdaan van eindloos drang na verre land —
verroes, word op en neer gewieg, gestrand.*

*Met slap getou, verlate dek, gestil
verborge krag, omskreeu van swawels, meeu,
lê jy en wag, en wag, op God se wil.*

D. F. MALHERBE:

Iets Oor C. M. Van Den Heever En Sy Werk

Hoewel my vanjaar 'n hele aantal vriende ontval het, opmerklik genoeg vanweë die onverwagtheid daarvan, was die heengaan van C. M. van den Heever as figuur in ons volkslewe vir my die swaarste, gesien sy betreklike jonkheid en vrugbaarheid, waar hy gestaan het in so onmisbare verband met ons ontluikende kultuur-ekspansie. Veral in hierdie tyd van moedswillige bravado is ons verlies te meer te betreur, omdat hy 'n *behoudende krag* was, ingebed in die goeie van wat ons oorgelewer is. Want geen volk kan straffeloos sy tradisie negeer nie. Die waardige van 'n volkstradisie spoel deur die hede, 'n onkeerbare stroom wat eindelik die ondeugdelike as slyk op sy oewers laat verbleik.

In sy laaste jare het hy hom ingespan vir die bevordering van die goeie boek, die ordentlike boek, die skoon boek sowel as vir die edele in ons tydskriflektuur, soos dit in ons taal gefigureer het, maar sy spatsels en ontsierende hale gekry het en daarmee die goeie smaak bederwe het. Behoudend wou hy wees om die eerbied te bewaar, hoë deug van 'n beskawing, standhoudende wortelkrag — eerbied vir die skone, eerbied vir die heilige, eerbied vir lewe en dood, eerbied vir die verhevene, eerbied vir die foute en feile selfs van jou naaste, eerbied vir suiwer menslikheid, eerbied vir die onverstaanbare, vir die misterieuse kragte waarvan jy soms skimagtige verskyninge gewaar — almal dinge wat met sy grypinge van die werklikheid deurskemer in sy werk. Tiperend van hom was dan ook 'n mildheid van oordeel en 'n gulle verdraagsaamheid. My laaste gesprekkie met hom was oor die telefoon toe hy my lag-lag en sonder die minste gevoel meedeel so in die verbygaan dat iemand uit sekere letterkundige hoek, volgens wat hy verneem, hom as rymelaar bestempel het.

Die skrywersbloed was hom ingebore. Nog student het hy my 'n manuskrip verse oorhandig vir advies. Hy het my raad gevolg om liever te wag met publikasie totdat 'n uur van meer rypheid aanbreek. Of een en ander hiervan tog 'n plek gekry het in sy eerste bundel *Stemmingsure*, kan ek nie onthou nie.

Hy was meer geroepe tot die skryftaal as tot die verhoog, minder polemies en dinamies van natuur. Vandaar waarskynlik die feit dat hy nie die dramatiese soort beoefen het nie. Hy was meer aangetrokke tot die agterkant in sy beskeidenheid as tot die voorkant, meer tot die skaduwee as tot die voetlig, meer tot peins as tot openbare uiting, meer passief as aktiverend, meer wegskuilend en betragtend en stilte soekend as gewillig om deel te neem aan buitekantse rugtigheid, meer tot homself ingekeer as na buite toe lewend — kenmerkende trekke van sy persoonlikheid, wat sterk nadruk vra in sy werk, veral in sy digwerk, wat daarom 'n egte beeld vertoon van sy innerlik.

Self druk hy dit so uit:

„... ek laat die duisend-koppige onrus buite
en kom aan u, o eensaamheid, om heling vra.

Ek haat die skurwe stemme en die trae
gemartel van wat ek wil heilig hou;
hier is veiligheid, in die vertroulike vlæ
wat glinsterwebbe teen die vensters bou.”

Nie juis fors in beelding nie, was hy begaaf met 'n fyn oog om die vlietende gebaar van die oomblik te gryp in menslike verhoudinge of in natuurgegewe. Sy heimwee na die land het gebly, sy land, met mense in hul edele opregtheid, sy vlakke, en die ruimte veral met skemerende einders. Maar ook die nabye: die „amandelboom” as „lentebuid,” die stil poel met sy spieëlbeeld, die waterlelie, papawer en roos. Maar dan die see wat hom onophoudelik aantrek tot simboliese verdigtinge rakende die lewe, ewigheid en God.

„O branderruising diep en sag,
O koele bloute van die see,
neem nou 'n mens wat huiw'rend wag,
vir ewig oor dié Deining mee!”

Hierdie vers wat uit jonger jare stam, lei ons oor na 'n ander beheersende trek van sy lewe, nl. die doodsgedagte waarmee verbonde is 'n sekere somberheid van sy werklikheidsiening, die kortstondigheid van ons aardse bestaan, eenmaal gemerkteken as verbygaande. Hierdie ou gedagte wat heiden sowel as Christen deur die eeue in die bewussyn moes bly — die spreekwoordelike middeleeuse *memento mori* het die Renaissance probeer uitwis, die aardse tranedal moes 'n nuwe paradys word — en so knaend sidder in die Gesangvers „'t mensdom valt als bladeren af” het hom dikwels besig gehou: die doodsgedagte en die agterdoodse,

nie so intens soos by een en nader Nederlandse digter nie, maar tog 'n wesenlike element van sy verskuns.

Hy het talle en talle karakters geskep in roman en kortverhaal: die opregte en skinderbekkige, die versukkelde en strewende, die landmens met die grond vergroei en die landmens in die stad met sy kommergange. Maar die stad in sy ware gestalte, rumoerigheid en verskeidenheid, verkeer en warrende beweging, die stad as lewende kolos, het nie in vaste vorm na vore getree nie. Op die land was sy tuiste. En daarom het hy in sy laaste werk *Jeug* daarheen teruggegaan om by outa Frans te wees, wat in sy graf agterbly om die plaas op te pas, waar die witmense wegtrek na die stad.

Vir die meeste beoordelaars sal *Somer* wel die kroon van sy verhalende werk wees. Daaruit spreek die magtige rykdom van die natuur se gawe, die ryke volop van die vrugdraende gety, die behaaglikheid van kwistige dae en van menslike arbeid en samesyn; maar daaruit spreek ook die al te gou verbygaande, die weemoed van die afskeid, die teleurstelling om die verdwyning van al die mooie — beeld van die verganklike van alle tydelike dinge.

Die roman se blywende betekenis en waarde lê ten slotte in die *toonaard* wat die draende idee deur segging beliggaam en, naas ander funksies, deur subtiele, vormgewende binding aan die eenheid as primêre struktuurnorm vastheid van gestalte verleen. Die toon bepaal die hoogte, die vlak, waarop die gebeure beweeg. Ek weet, daar is van *Somer* dit en dat te sê, oorweginge van andersoortige tegniese aard, maar wie sal ontken dat die aangestemde toon deur *Somer* loop tot 'n afrondende slot? En tog het die Keurkommissie van die Akademie in die jare dertig dié boek afgewys. Daar was drie boeke destyds onder die soeklig: *Somer*, *Saul die Worstelheld*, en *Toiings* — laasgenoemde is bekroon. Dergelike misvattinge kom voor, by ons nou nog, en in die buiteland. Beoordelinge is maar onderhewig aan wisselvalligheid.

Noodwendig gebonde aan sy skryftafel, was C. M. van den Heever 'n uiters produktiewe skrywer. Hy moes skrywe.

In hierdie noodwendigheid van te moet verwoord wat jy voel, om 'n natuurverskynsel te besing, om die karakter as lewende en strydende mens, soos hy in die ervaring opduik, te gryp en te beeld, en al beeldende te koester met 'n brandende liefde, dat hy naby jou is, nee, deel van jou, in jou, dat hy jou bybly van oomblik tot oomblik — dit was sy lewe, sy hartstog — in so 'n noodwendigheid waar die liefde as morele moment hom onteenseglik laat geld,

word kuns alleen gebore, en in so 'n klimaat is kuns eg met foute en al.

Hy moes skrywe. Maar hierby was nog iets anders aan die werk.

Toe hy die Hertzogprys vir sy *Laat Vrugte* ontvang, het ek hom geraai om minder te skrywe, omdat ek van mening was dat hy destyds te veel novelle-agtige werk aan lewer was en dat sy talent in staat was om konsepsies van groter omvang te voorskyn te bring. Hierop was sy onmiddellike antwoord: „Ek het nie tyd nie.”

Sou daar in die ondergrond van 'n mens se bestaan 'n wete of gevoel wees, wat jou soms 'n verborge kennis bring omtrent die duur van jou bestaanstyd selfs in gesonde dae? En hy is nie die enigste hardwerkende persoon wat ek teëgekom het en by wie 'n dergelike intuïtiewe aanvoeling later bewaarheid is nie. Die donker kleuring van sy werk vind dan hierin sy grond.

Die heengaan, die ewigheid en heenwysing na God is 'n sterk terugkerende trek in sy liriek,

„O siel wat klapwiek in die enge nood.
en hoop op straling van 'n nuwe dag,
tog donker aangestem is op die dood . . .
. . . en vrees jy vir die skemering-wye uitmonding
van hierdie lewe in die ewigheid?”

Saxa loquuntur — die stene roep. Nie net vanuit die rusplek uit nie, maar nog veel sterker sal sy woord roep uit berg en vlakke, uit stroom en spruit — „O koele water van dié spruit” — sal sy woorde die warmte indra in die hart van die leser wat nog eerbied het vir die lewe en hom volg waar hy worstel met die eindvrae van ons menslike bestaan; sal sy woord roep in die tallose fyn sieninge van die werklikheid, bly roep in die toekoms en tot 'n seën en troos wees. Want — laat my die ou stelling van vroeër nog 'n keer beklemtoon, teen alle betewetery in — kuns is geroepe om meer te gee as amusement of intellektuele spyse; Kuns moet sy boodskap bring; Kuns moet die gemoedslewe van die gemeenskap stut; Kuns moet troos. Dan kan die woord-kuns 'n magtige invloed hê ten goede op die kultuurlewe, want die gawe van die woord is mag. Alleen, wysheid is nodig om dié mag tot 'n seën te maak. Dit is opmerklik dat die jong gestorwe Keats se werk reeds in dié opsig 'n verdieping ondergaan het en dat hy dié waarheid ook duidelik uitgespreek het.

„A drainless shower
of light is poesy; 'tis the supreme of power . . .

.

But strength alone, though of the Muses born,
is like a fallen angel; trees uptorn,
darkness and worms, and shrouds, and sepulchres,
delight it; for it feeds upon the burrs
and thorns of life; forgetting the great end
of poesy, — that it should be a friend
to soothe the cares, and lift the thoughts, of man.”

Daarom is die heengaan van C. M. van den Heever as
behoudende figuur 'n groot verlies vir ons. Hy rus. Dat die
werk van sy gees, wat, gevang in ons aardse gebondenheid,
gedurig heenwys na liggende einders, vrugbare saad mag
wees vir nakomendes!

Al-eensaam waar die bergkloof gee
die koel bad van sy skaduwee,
het hom geroer die brongeluid
wat donker kom uit dieptes uit.

En menigmaal het hy sy snaar
daarop gestem — dit was so waar —
en uit sy drome kringend om
het dit na ons toe deurgekom.

Maar as ons dae skaarser word
en hy sy diep klank oor ons stort,
eers dan word sy geheim die lot
van wie al-eensaam staan voor God.

ANDRÉ DEMÈDTS:

*C. M. van den Heever
ter Gedachtenis*

Eén keer heb ik het geluk gehad Prof. Dr. C. M. van den Heever te mogen ontmoeten. Dit gebeurde in 1951, toen Stijn Streuvels, ter gelegenheid van zijn 80e verjaardag, plechtig werd gevierd. Om deze hulde zoveel mogelijk luister bij te zetten, wenste het provinciale bestuur van West-Vlaanderen dat op de academische zitting te Brugge het woord zou gevoerd worden door vertegenwoordigers van de verschillende Dietse Landen. Na overleg met Ridder P. van Outryve d'Ydewalle, goeverneur der provincie, werd besloten een uitnodiging te zenden aan Prof. Fr. Baur van de universiteit van Gent, die namens Vlaanderen zou spreken, aan Antoon Coolen, persoonlijke vriend van Streuvels, die als Nederlander zou optreden, aan Prof. P. Berteloot uit Avesnes, die de groet van Frans-Vlaanderen zou uitbrengen en aan Prof. Dr. C. M. van den Heever uit Johannesburg. Iedereen stond erop dat het woord van Zuid-Afrika zou weerklinken, al werd er ook gevreesd dat het wegens de grote afstand moeilijk zou zijn een afgevaardigde uit uw Land bereid te vinden om de vermoeiende en kostelijke reis te ondernemen. Tot onze diepe vreugde, antwoordde Van den Heever dat hij naar Vlaanderen zou komen.

Natuurlijk deed hij zijn belofte gestand, want een belofte was een ereschuld voor hem. Op 24 november, vooravond van de viering, waren sprekers en inrichters verenigd in hotel „De gouden Hoorn”, aan het Simon Stevinplein te Brugge. Na de kennismaking en het eten, werd het een zeer gezellig samenzijn, waarbij ernst en luim met elkander afwisselden en vooral de Vlaamse romanschrijver Willem Putman, die mede van de partij was, voor een opgewekte stemming zorgde. Van den Heever had over zijn reis en terloops ook over de toestanden in zijn vaderland gesproken en zat daarna glimlachend te luisteren. Hij genoot zonder uitbundigheid, medelevend en blijkbaar tegelijk nadenkend over zaken die alleen in *zijn* bewustzijn aanwezig waren. Een schaduw viel over de avond: Streuvels zelf had verstek laten gaan, zoals hij eveneens de volgende dag op de viering

zou ontbreken, omdat hij opzag tegen een plechtigheid waar hij de held van was. Wij belden hem op en stelden voor hem per auto uit Ingooigem naar Brugge te halen — de afstand bedraagt ongeveer 60 Km — maar hij wees het aanbod af, zeggende dat het hem een bijzondere eer en een genoegen zou geweest zijn, indien de sprekers hem de maandag op „Het Lijsternest” (dit is de naam van zijn landhuis) wilden bezoeken. Van den Heever is op dat verzoek ingegaan en op 26 november te Ingooigem geweest. „Ik ben blij,” zei Streuvels mij later, „dat ik hem mogen ontvangen heb. Jammer dat het zo ver is; ik zou gelukkig zijn als ik hem dikwijls mocht ontmoeten. Misschien zouden wij niet veel vertellen, maar dat is ook niet nodig onder mensen die elkander waarderen en van elkander houden.”

De zondagmorgen greep in de raadzaal van het provinciale gebouw de academische zitting plaats, voor een even talrijk als uitgelezen gehoor. Van den Heever was de laatste die het woord voerde. Rustig en een paar malen met een lichte ontroering in zijn stem, sprak hij over onze grote uitbeelder van het landelijke leven, doordringend tot de kern van zijn kunstenaarspersoonlijkheid en de kijk op mens en wereld waarvan zijn werk het getuigenis brengt. Die uiteenzetting werd in het Afrikaans gehouden en door de aanwezigen zeer op prijs gesteld. Toen Van den Heever ophield met spreken werd hij langdurig toegejuicht, uit dankbaarheid jegens hemzelf en simpatie voor het stamverwante volk uit het zuiden, dat in Vlaanderen altijd zoveel goede en trouwe vrienden heeft gehad.

Na de plechtigheid werd aan de sprekers en een klein getal genodigden, onder wie zich ook Prof. Dr. C. Heymans, de Vlaamse Nobelprijswinnaar voor geneeskunde bevond, door de heer Goeverneur een middagmaal aangeboden. Van den Heever zat rechts van de gastheer en vermaakte zich heerlijk met de fratsen en het pianospel van Willem Putman, die eveneens aan tafel was en tussen de gerechten, samen met deklamator Antoon Van der Plaetse het gezelschap aangenaam bezig hield.

Nog dezelfde week keerde Van den Heever naar Zuid-Afrika terug. Enige weken later schreef hij mij: „Vir my was dit 'n besonder aangename tydjie en ek dink met vreugde terug aan ons aangename gesprekke. Doe tog my beste groete aan ons beste vriend Willem Putman wie se werk ek met genot gelees het.”

Verskillende keren in zijn brieven is hij op die ontmoeting met Putman teruggekomen. Toen hij vernam dat deze schone mens, die een boeiende roman- en toneel-

schrijver was, in 1954 op vier en vyftigjarige leeftyd overleed, drukte hij nog eens zijn vriendschap voor hem uit in een ontboezeming die terzelfder tyd een inzicht gaf in zijn levensbeskouwing, waarin een zwaarmoedig besef van de verganklikheid aller aardse dinge zulk een grote rol heeft gespeeld:

„Die beriggewing in Suid-Afrika insake die letterkundige lewe in Vlaandere is so onvoldoende dat ek pas, toe ek die nuwe nommer van „Dietsche Warande en Belfort” ontvang, met ’n skok daarin lees dat ons gewaardeerde vriend Willem Putman reeds in September oorlede is. Die berig het my werklik pyn gedaan. Gedurende my laaste besoek aan u land het Willem Putman ’n uitstekende indruk op my gemaak. Hy was ’n opregte, goeie mens en ek sal altyd met vreugde aan hom bly dink.

Hoe kortstondig is die lewe tog! Gister nog het ons so aangenaam gepraat en nou is hy daar nie meer nie. Wat baat al ons letterkundige roem ons as ons geen goeie mens is nie — en dit was Putman seker, en daarom sal hy onthou word.”

Ook Van den Heever sal by ons onthou word: men moet self een goed mens zijn, om zo door de goedheid van anderen getroffen te worden. Hij zal dat eweneens omdat hij een edelmoedige vriend van Vlaanderen was. Reeds vóór de laatste wereldoorlog, toen hij in Nederland studeerde, had hij ons land leren kennen. Wij vergeten niet dat hij in 1933 een *Bloemlesing uit die Gedigte van Guido Gezelle* samenstelde en in „Die Afrikaanse Gedagte” studies wijdde aan onze Vlaamse kunstenaars, zo aan onze grootsten: Gezelle, Van de Woestijne en Streuvels. Toen hem in 1955 de „Verzamelde Werken” van August Vermeylen toegezonden werden, bedankte hij, hartelijk als steeds: „Ek was besonder bly om die versamelde werke van August Vermeylen te ontvang. Dit is ’n skrywer vir wie ek baie hoë agting het.”

Twee van zijn boeken, *Somer* en *Droogte* werden in Vlaamse vertaling uitgegeven. De nummers die door *Dietsche Warande en Belfort* aan Streuvels en Timmermans werden gewijd, verschenen met bijdragen van zijn hand. Hij verheugde zich over de vooruitgang die door de Vlaamse letterkundige wetenschap werd gemaakt en deelde mij naar aanleiding van een studie van Prof. Westerlinck over Van de Woestijne’s dichtkunst mede: „Daar was vroeër altyd sprake dat die Noord-Nederlandse geleerdes u voor is, maar tans het dit vir goed afgedaan”.

Voortdurend was hij bekommerd om een inniger kulturele

samewerking tussen onze landen. Wij zullen niet vergeten wat hij in zijn tijdschrift en als voorzitter van de „Afrikaanse Skrywerskring” gedaan heeft om Vlaamse letterkundigen aan het woord te laten komen en onze literatuur bij U bekend te maken. In 1952 toen het „Tydskrif vir Letterkunde” zijn tweede jaargang inging, deelde hij volgende wensen mede: „Graag sou ons die stem van Vlaandere deur ons tydskrif in Suid-Afrika laat hoor. Indien dit ook nog in biblioteke in België ingevoer kan word, sou dit veel vir ons beteken, aangesien ons letterkunde nog nie te goed in u land bekend is nie. Ek hoop van harte dat ek gou weer na België kan gaan en dat ek hierdie keer langer kan bly. Ek vind die kontak vir my as skrywer van groot waarde.”

Nog één keer, jammer genoeg slechts voor een paar dagen, is hij in België terug geweest. Graag zou hij begin oktober 1955 de plechtigheid ter gelegenheid van het honderdjarig bestaan van „Dietsche Warande en Belfort” bijgewoond hebben, maar een onverwacht beletsel vertraagde zijn afreis tot einde van die maand. Vooraleer uit Johannesburg te vertrekken, drukte hij er nog zijn tevredenheid over uit dat er tussen Zuid-Afrika en België een kultureel akkoord tot stand gekomen was en hij benoemd werd tot lid van de kommissie die met de uitvoering was belast. “Dit verheug my veral,” schreef hij, “omdat ek al soveel jare ’n goeie vriend van u land, en veral van sy skrywers en geleerdes is”.

Verder verheugde hij er zich over, dat het Davidsfonds, de grootste Vlaamse kultuurvereniging, die meer dan 75,000 leden telt, de mogelijkheid overwoog om in haar boeken-uitgaven ieder jaar een Afrikaanse roman te doen verschijnen. (Nog altyd is de beslissing hieromtrent niet gevallen, maar de vooruitzichten zijn zodanig dat er waarschijnlijk een gunstige oplossing komt). Nu vind ik het bijzonder spijtig dat de onderhandelings en inzonderheid het proeflezen zolang aangesleept hebben, hoewel hij niet ongeduldig was en vol begrip voor de moeilijkheden die het initiatief moest opleveren tegenover een publiek, dat in zijn brede lagen met het schriftbeeld van het Afrikaans niet vertrouwd is. In dat najaar van 1955 lag reeds de schaduw van de ziekte die hem noodlottig zou worden over zijn gezicht uitgespreid en het besef van de kortstondigheid van het leven, dat hem altijd had vergezeld, was tot een vredige zekerheid geworden, die het hom mogelijk maakte aan de verwezenlijking van zijn verlangens en bestrevingen onthecht te zijn.

Ik heb niet al het werk van Van den Heever gelezen, maar wat ik gelezen heb, laat mij toe van zij kunstenaars-persoonlijkheid een beeld te ontwerpen dat naar ik mij vlei niet ver van de waarheid afwijkt. Als dichter en romanschrijver, biograaf van Generaal Hertzog en kritikus, was hij een mens die het altijd ernstig met zijn werk en zijn lezers meende. Spelen met woorden, goochelen met oppervlakkigheden, vreemd doen om de aandacht op zich te vestigen, was hem vreemd. Sommige kunstenaars zijn er alleen op uit bijval te verwerwen, hoe dan ook, desnoods door het publiek in zijn wansmaak en nieuwlichterij, in zijn stuurloosheid en geestelijke ontwrichting bij te treden. Die berekenende onverantwoordelijkheid lag helemaal buiten de mogelijkheden van zijn wezen. Zoals alle diepe mensen was hij opgegroeid naar zijn ras en niet zoals de banalen naar de geest van de tijd.

Er licht een wereldbeschouwing in zijn werk, reeds aanwezig in zijn *Stemmingsure* en verder groeiend tot het vaste en veelomvattende inzicht, waarvan zijn laatste sonnetten in het *Tydskrif vir Letterkunde* de neerslag zijn. Hij is vertrokken van de grond en zelfs in zijn grootstadsromans als *Die Held* heeft hij die grondigheid nooit prijs gegeven. Méér dan een boeiend onderwerp was de aarde en een leven in verbondenheid met haar onverbreekelijke wetten, hem een symbool. Zo is het in *Somer, Anderkant die Berge* en *Dirk se Oorwinning*, zo was het reeds in *Aardse Vlam*, toen hij zich bezwerend tot *Afrika* richtte:

“Ek weet nou wat verlore is, O Land,
waar donker voorgevoelens sawens huiwer,
ons lewe is verdor net soos die sand —
O maak ons hart weer afgrond — diep en suiwer!

Laat uit die oewerlose ons verlede
met oerkrag van die lewe self verrys
en soos 'n golf vergaan tot in die hede
en ons die glimpad na die sterre wys . . .”

Afrika, symbool van de grote traditionele levenswaarden, vriendschap, verantwoordelijkheid en arbeid; familie, volk en geloof. In zijn verhalen ontstaan bijna alle konflikten waar zijn helden zich verwijderen van deze zekerheden, om op hun instinkten en hartstochten te vertrouwen. Terugkeren naar het houvast dat zij bieden betekent heroveren van het geluk door de erkenning van de zin van het bestaan.

Maar er is meer. Tegenover deze oergermaanse wereldbeschouwing, die wij om slechts enige voorbeelden uit deze

eeuw aan te halen, ook hij Hamsun, Hardy, Lagerlöf en Streuvels terugvinden, treft ons bij Van den Heever een zeer persoonlijke verhouding. Hij verwachtte voor zichzelf geen troost van zijn trouw. Hij was een veldheer die wist dat zijn onverwinningen hem geen andere voldoening zouden schenken dan de wetenschap dat hij zijn plicht vervuld had. Zich blijmoedig aan de aardse vreugden overgeven was hem misschien wel mogelijk, maar dan alleen zoals een vader met zijn kinderen speelt, beseffend dat hij het alleen doet om hen, doordat zijn en hun wereld dezelfde niet meer zijn. In de kern van zijn ziel was hij onbevredigbaar, aangetast zoals alle groten dat altijd zijn geweest, door dat lijden aan het leven waarvan slechts de dood kan bevrijden.

In zijn kunst heeft de dood een voorname rol toebedeeld gekregen. Niet omdat zij een overgang is naar een ander en beter leven, maar omdat zij het aardse bestaan vernietigt en wel zodanig dat er geen herinnering aan overblijft. Reeds in *Aardse Vlam* lezen wij:

“Gerugte van die lewe en getower
van fyn musiek in koele somerlug,
die syfering van strale deur die lower:
bring steeds 'n weemoed in die hart terug
'n weemoed en 'n voorgevoel dat strewe
hier nutteloos vervlugtig en vergaan,
dat hy wat kan berus, dié twyfel — lewe
tot in sy skaduwee — verglydinge verstaan.
Want wat baat huiwerstemme van die blare,
'n hart wat week van skoonheid is en teer:
'n deining teen die horison van jare
en selfs herinnering bestaan nie meer!”

Met de jaren is dat inzicht, aanvankelijk meer een stemming en een vermoeden, tot een verlangen en een overtuiging uitgegroeid. Alzijdig verruimd, gerijpt en verdiept, is zijn kunst, zijn proza en poëzie, uiting van een denkend bewustzijn, van een filosofisch schouwen geworden. Toen is bij hem de wens gegroeid, dat zelfs in hemzelf de herinnering aan zijn aardse zijn zou uitgewist worden. Zodoende voelde hij zich in overeenstemming met de levensstroom, waaraan alles en iedereen is onderworpen, zich voltrekkend met of zonder de mensen, volgens de ontwikkeling door God erin gelegd. God zou hem aannemen of verstoten, rechtvaardigen of afwijzen. Wat hij zelf was of geweest was, werd in het licht van die uiteindelijke uitverkiezing of verwerping een tragisch bezit, oneindig zwaar te dragen en zonder belang, gezien vanuit het

standpunt der dood, wat het standpunt der bestemming is, want "die dood word saam met ons ontstaan gebore". Van alle bijkomstigheden ontbloot stond hij naakt en deemoedig voor zijn Schepper en Richter, als een der zuiverste godsdienstige kunstenaars uit het Dietse taalgebied.

Van zijn brieven, die ik nog eens gelezen, en zijn boeken, die ik wederom doorbladerd heb, hef ik mijn blikken naar het landschap buiten, de bloemen, de struiken, de bomen, nu op het hoogtepunt van hun zomerweelde. Ook C. M. van den Heever stond in de volle kracht van zijn volwassenheid als denkende en scheppende kunstenaar. Hij is overleden vóór het najaar inviel, vóór de onttakeling van de ouderdom in onze bewonderende vriendschap een greintjie medelijden kon vermengen. Als een Mân zal hij, als Mens en kunstenaar, in onze herinnering gegrift blijven, tot wij met die herinnering naar de eeuwigheid gaan:

"O God, wat in die tye ewig gaan,
bewaar hom in u diep geheimenis;
hy het 'n rukkie in u vloed gestaan
hier in 'n tydskring wat beëindig is,
en waar die mens verdof en gou vergeet,
vir altyd, God, sal u van hom bly weet".

22 juli 1957.

P. C. SCHOONEES:

Die Prosaïe

In *Afrikaanse Skrywers aan die Woord* praat Van den Heever van „'n belangrike stelreël, veral as 'n mens prosa skrywe en dit is: om goed te kan skrywe, moet 'n mens gereeld skrywe” (bl. 179). Hoe nougeset hy hierdie stelreël toegepas het, blyk uit die datums van sy talryke werke wat aantoon dat hy in die tydperk 1926 — 1954 selde 'n jaar laat verbygaan het sonder 'n belangrike publikasie. Hy was een van ons produktiefste skrywers wat hom op die gebied van die roman en kortverhaal 'n vooraanstaande plek verower het. As skepper van die patriargale Boer, wat soos 'n boom uit die aarde groei, en as uitbeelder van die tragiek wat die trek van die plaas na die stad meebring, het hy hoogstaande werk gelewer. Uit al sy verhale blyk hoe hy nooit tevrede is met 'n weergawe van die uiterlike gebeure nie, maar hom steeds toelê op die innerlike dramatiek wat uit die verhouding tussen sy figure ontstaan. Oral soek hy na die diepere sin van die lewe, wat hy soms te veel filosofies beredeneer. Die mens is meestal, volgens die determinisme met sy wanhopige pessimisme, 'n magtelose wese „ewig alleen en onbeskermd teen die pyle van die lewe” (*Kromburg*). Dit bly Van den Heever se verdienste dat hy meer diepte in ons verhaalkuns gebring het, dat sy fyn aanvoeling van die groot lewensmisterie die onbepaalde moontlikhede van die mens se binnewêreld vir ons ontdek het.

Reeds in sy eerste digbundel, *Stemmingsure* (1926), is daar 'n weemoedige, pessimistiese klaagtoon. Hy tob oor die raaisel van die dood en is diep onder die indruk van die verganklike van al die ondermaanse. In die donker nag is dit net die onsekere straaltjies van die aandster wat 'n flou skynseltjie gee. Langs die eindelose trekp pad van die lewe soek hy tevergeefs na 'n uitspanplek, waar die siel sy smart kan vergeet. Die een geslag volg die ander op en steeds is daar nuwe soekers, wat een vir een met 'n ewige waarom die duisternis ingly . . .

Dit is die grondtoon van sy jeugwerk, *Op die Plaas* (1927) en *Langs die Grootpad* (1928), en dieselfde motiewe vind ons ook nog in sy latere romans. Hierdie romantikus worstel met die lewe. Hy kan nie sommer lughartig op die grootpad voortdrentel nie; hy daal af na die donker moerasse, kruip teen die knaende opdraande uit en sien vandaar die berg-

toppe van die beloofde land wat vaag uit die dynserigheid opdoem.

Bogenoemde twee verhale bevat 'n verdienstelike skildering van die plaaslewe, maar die mensbeelding is nog onoortuigend, omdat die skrywer te dikwels sy feite dor-saaklik konstateer. Opmerklik is egter dat hy direk van die begin af na individuele segging streef.

In *Droogte* (1930) gee Van den Heever 'n verbeelding van een van ons kernprobleme: die ontaarding en verarming van die plattelandse bevolking ten gevolge van langdurige droogtes. Omdat hy besondere nadruk ook op die geestelike droogte wou lê, het hy mense van geringe weerstandsvermoë en gebrekkige ontwikkeling gekies. Hulle mis die energie om teen die natuur te worstel; daarvoor is hulle te futloos. Ons kan hoogstens sê dat hulle die droogte ondergaan. Uit die praatjies en rusies en jeremiades van so 'n klompie minderwaardiges kan ons nouliks 'n besef kry van die tragiese stryd teen die onbarmhartige natuur. Hul moedelose lydsaamheid is wel pateties, maar heftig ontroer dit ons nie.

Besonder geslaag is egter die figuur van Datie, wat met begrypende liefde en humor uitgebeeld word. Diep kom ons onder die indruk van die lyding van die doofstomme, wat sy dankbaarheid vir 'n bietjie liefde so aandoenlik uit deur die geskenk van 'n paar velskoene.

Die psigologie word in hierdie roman soms verdring deur die plastiek, en die sinnelike waarneming staan nog dikwels naas die geestelike ervaring. Lank bly die herinnering aan die verskriklike droogte egter in ons nalewe. Die skroei-hitte van 'n onbarmhartige son teister mens, dier en plant. Al wat skoon en edel is in die mens verskrompel, en op die dorre akkers van die moedeloosheid kan alleen die onkruid nog tier. Terwyl die uitgehongerde diere van uitputting by die laaste modderwatertjies neerslaan, is die vyf broers besig om hul ellendige sukkelbestaan nog ondraagliker te maak deur skraapsug, rusie, ontug en doodslag. Buitekant in die natuur en binnekant in die harte van die mense word alle lewe doodgeskroei, totdat aan die end by Soois weer 'n nuwe loot deur die harde kors te voorskyn kom.

Van den Heever se beeldingskrag word in hierdie roman nog verswak deur 'n uiterste noukeurigheid van visie. Die oortolligsintuiglike van sy skilderinge verdring telkens die dramatiesgeestelike. Omdat hy elke onderdeeljie van sy visie minusieus wil beskrywe, vertroebel hy die leser se totaalindruk en belemmer hy die vlotte gang van sy verhaal.

In die beste verhale van die bundel *Simson* (1932) is opmerklieke vooruitgang te bespeur. Uit die groot ver skeidenheid van motiewe duik daar telkens een op wat die innerlike stryd by die hooffiguur tot 'n breekspanning voer, nl. die mag van die verlede. In sterk oomblikke mag die mens hom verbeel dat wat verby is geen invloed op die toekoms kan hê nie; dat hy telkens, onbelemmer deur gister en eergister, 'n nuwe hoofstuk van sy lewensboek kan begin. Maar wie voor 'n groot krisis te staan kom, moet elke keer ervaar dat sy gedrag onverbiddelik bepaal of gewysig word deur herinneringe, jare lank begrawe. Hierdie kerngedagte word breër uitgewerk in die roman *Gister*.

Van den Heever bemymer by voorkeur die lotgevalle van persone aan wie die lewe harde slae toegedien het. Uit die skemerlig van verbygaande dae rys gestaltes op, omglans deur die sagte gloed van tere herinneringe. So laat hy binne die omvang van 'n kortverhaal die tragiek van 'n menselewe voor ons oog verbytrek en peil hy die verborge moontlikhede daarvan. Besonder geslaag is die verhale *Broedertwis* en *Verbittering*.

In die roman *Groei* (1933) wil die skrywer ons 'n beeld gee van die groeiende volkslewe en die faktore waardeur hierdie groei beïnvloed word. Die ou Boerebeskawing is vinnig aan die verdwyn. Baie afstammeling van die patriargale boer, wat soos 'n koning op sy uitgestrekte plaas geheers het, het sedert die laaste kwarteeu stads- of dorpsbewoners geword, wat hulle moes aanpas aan al die ingewikkelde verhoudinge van die moderne maatskappy. Hierdie aanpassingsproses word aanskoulik gemaak in die optrede van 'n reeks figure wat almal in verskillende stadia van modernisering verkeer. Dr. Beer het hom deur sy geleerdheid uit 'n nederige stand opgehef, maar deur gebrek aan innerlike kultuur gaan hy te gronde. Die skildering van die mislukte fees, met die simboliese slot van die gebarste sjampanjebottel, behoort tot die beste gedeeltes van die roman. Japie Greyling en mev. Verstraaten bly slegs tipes van die gedegeneerde stadsmense. Meer geslaag is die joernalis Gustav en die pragfiguur van oom Bêrend, wat sy laaste kragte inspan om die boerdery te red, terwyl sy ontaarde seun papproekerig tou opgooi. Oom Bêrend vind 'n oplossing vir al die moeilike volksprobleme in die eenvoudige lewensbeskouing van die Voortrekkers: „Hulle krag was God. Julle het vandag nie meer ankerplek nie met julle slimmigheid en al... Werk, man, werk, dit help 'n mens. Mens moet soos 'n boom groei. God het sy doel met ons, hoe swaar daardie doel vir ons ook al is om te

begryp." In die slothoofstukke sien ons hoe die verbitterde Gustav uit sy vertwyfeling tot nuwe lewensvreugde herrys, hoe hy ontdek dat die lewe 'n proses is waarin die gees sy vernedering moet deurleef om tot sy hoogte te styg. Die beredeneerde weergawe van Gustav se mymeringe is nie alte oortuigend nie, maar die slottoneel, waar ons die twee broers vroeg in die môre sien ploeg, leef in die herinnering na. Hierdie roman bevat 'n rykdom van knap opgesette toneeltjies, vol beweging en aksie, met 'n minimum van beskrywende toeligting.

Vuurvlieg en Sterre (1934) toon ook groter beheersing van die kortverhaal se tegniek. Die simboliek is minder geforseerd, die stemmingsuitbeelding treffender en veel inniger. Deur suggestiewe aanduidinge word die volle menslikheid van 'n hele reeks figure in spannende lewensmomente aan ons geopenbaar. Ek noem veral *Leuens*, *Die Geheim* en *Die Dam*, wat tot ons beste kortverhale gereken kan word.

In die novelle *Somer* (1935) keer Van den Heever terug tot sy geliefde motief: die boer in sy verhouding tot die alles beheersende natuur. Die ewig wisselende natuur, met die wenteling van die jaargetye, en veral die volgroeiende somerrypheid, speel die hoofrol. Die mensies is van ondergeskikte belang — „nietig en klein in die groot Gang, wat net vir 'n oomblik in hulle lewe . . ." Teen die geweldige natuuragtergrond verdwerg hulle tot nietige wesentjies, wat verlore raak in die skroeiende somerbrand. Die tekening van die atmosfeer is van 'n ontroerende skoonheid. Die skrywer het die essensiële verband tussen die onveranderlike aarde en die arbeidende mens so hartstogtelik ondergaan dat karakterontplooiing en agtergrond onafskeidelik saamsmelt. Wie hierdie koringboere uit hul omgewing wil losruk, sou hul hele menslikheid vernietig.

Innig teer word die ontwaking van Linda se liefde vir 'n rondloper uitgebeeld. Maar „uit die volgroeiende somerlewe . . . kom die boodskap na haar gewonde hart: afskeid. Dit is die ware betekenis van die lewe: dat in alles wat vir jou skoonheid was, waar jou hart aan hang of jy dit nooit kan verloor nie, die afskeid reeds te lees is." So kry ons die *alles Vergängliche* in die lewe van die mense en in die wenteling van die jaargetye.

Van den Heever kon die geheimsinnige verwantskap tussen mens en aarde uitbeeld omdat daar by hom was, soos hy dit self formuleer: „die onbewuste, deurgrondende aanvoeling van die oerkrag van die natuur." Daarom is die verhaal so vol van „somer en son en saffier." Daarom leef

daar in die ritme van sy periodes die breed wegdeinende golwing van ritselende koringhalms en gloei daar in sy styl die warmte van die koninklike somerson.

In *Kromburg* (1937) word uitgebeeld die tragiese ondergang van 'n fyngevoelige vrou, wat, nadat sy tot malwordens toe deur die kleingeestigheid van haar omgewing en deur die konflikte in haar eie siel gemartel is, 'n wanhopige poging doen om haar lewensgeluk te gryp.

Wenda se ouers het haar volgens die ou tradisie opgevoed, maar omdat sy in die oorgang van die ou idee na die nuwe tyd geleef het, het 'n verlamme dualisme hom in haar karakter geopenbaar. Haar siel word 'n strydperk waarin die tradisionele opvatting slaags raak met die moderne uitleefdrang. Sy het die bodem waarop sy gestaan het, losgelaat en op haar soektog na 'n nuwe steunpunt in die donker verdwaal. Wanneer sy na haar moeder se sterfbed ry, besluit sy plegtig om nie soos haar ma op die ou dorpie te versuf nie; sy wil „die skone van die lewe omhels... voordat sy ook sal sit soos haar moeder, ongeneeslik geslaan deur die noodlot...” Haar hele loopbaan word niks anders as 'n kleurryke illustrasie van die onverbiddelike almag van die noodlot, want al haar verset teen die ingekankerde kleingeestigheid van haar omgewing, al haar pogings om haar bo die gryse alledaagsheid te verhef, ly skipbreuk, terwyl haar kunstenaarsideale deur kleinlike afguns en geldrusie verydel word. Sy het skitterende talente gehad, maar sy kon so weinig presteer omdat sy die produk was van omstandighede wat sy nie kon verander nie. Die leegheid van haar bestaan, die onbeduidende van haar omgewing, die gedurige slingering tussen oorgelewerde begrippe, vasgeanker in haar wese, aan die een kant en die drang na ongebonde selfontplooiing aan die ander kant, het haar met lamheid geslaan. So word haar lewe 'n lydensweg van onbegrepe smart, met 'n tragiese ondergang as onafwendbare slot.

Daar sal baie lesers wees wat die skerpsinnige en indringende psigologiese ontleding van hierdie vrouekarakter sal waardeer sonder om die noodlotsteorie te aanvaar. Van den Heever het die vrouesiel diep gepeil. Wenda se reaksies op die kleindorpse haatlikhede, haar smagtende hunkering na „die ontstuielige lewe, wat jou soos 'n groot minnaar omhels,” haar worsteling met die lewensprobleme — dit alles word in aangrypende momente uitgebeeld. Dis 'n soektog na lig in sieledonkerheid, 'n stormagtige begere van die onbereikbare. Ontroërend skoon is o.a. die nagtelike treinrit van die ontnugterde Wenda en

haar sterfbed. Minder oortuigend is egter die uitbeelding van die skinderlustige gemeenskap, en hinderlik die onderbreking van die verhaalgang deur liriese en wysgerige uitweidinge.

In die bundel kortverhale *Kruispad* (1938) steek die skrywer ook af na die diepte, probeer hy hom deur te dring tot die kern van die verhoudinge tussen mense. Hy besit die verhelderde blik wat hom in staat stel om die inwendige poorte van die mensiesiel wyd oop te gooi; hy kan in die gewoonste lewe oomblikke vind wat daaraan wyding gee; hy laat sy figure vir 'n vlugtige moment die lewe teen die agtergrond van die ewigheid sien.

'n Motief wat sterk beklemtoon word, is die eensaamheid van die mens en sy onvermoë om selfs die persoon wat vir hom die liefste is, te verstaan. Verder, die wrede besef van die verganglikheid van alles wat skoon is, en dat die individu „klein en nietig wegsink in 'n ewige niks”. Orals kry ons die botsing tussen die skone droom en die afstigtelike werklikheid. Daarby ontkom die skrywer nie altoos aan die gevaar om die romantiese droom tot 'n yl visioen om te tower en die alledaagse werklikheid tot 'n karikatuur te verlek nie. Die treffendste verhale is: *Soos Pa, Wit Rose* en *Eensaamheid*. In laasgenoemde word „die verlatenheid van mens-alleen-wees op die oneindigheid van die velde,” veral in tyd van siekte en dood, deur die natuursimboliek so versterk dat die leser die verskrikking daarvan nie kan vergeet nie.

In *Laat Vrugte* (1940) bereik Van den Heever 'n hoogtepunt in sy artistieke ontwikkeling. Hierdie roman is 'n skone verbeelding van 'n magtige lewensprobleem: die ouderdom wat so vaskleef aan sy magsposisie dat dit die jeug geen lewensruimte wil gun nie. Maar die onverbiddelike lewe gaan sy bestemde gang: die ou boom word neergevel en 'n nuwe loot skiet op. „So hou dit aan, mens na mens, geslag na geslag, en God alleen weet wat die sin van die ewige, vreeslike herhaling is” (bl. 111). In gewysigde vorm het ons hier 'n verdere uitwerking van die afskeidsmotief in *Somer*. Oom Sybrand se groot fout is dat hy nie kan verstaan „hoe nietig en klein (hy) is in die groot Gang, wat net vir 'n oomblik in (hom) lewe”. Wanneer hy in 'n helder oomblik nadink oor die koppigheid van sy moeder wat so vaskleef aan haar plaas dat dit sy boerdery belemmer, kan hy die natuurwet goed formuleer: „Die jaargetye volg op mekaar. Wat oud word, moet afgesny, afgekap, weggebêre word. Die lewe durf nie stilstaan nie. Dit skep, dit laat lewe, laat doodgaan, en al wat uitgediend

en in die pad is van 'n jonger, kragtiger lewe moet opgeruim word" (bl. 70). Maar deur sy vrees vir die aansluitende ouderdom ken hy aan homself 'n onbeperkte lewensduur toe, want hy glo dat hy op sestigjare leeftyd pas aan die begin van sy planne staan! (bl. 16). Hieruit spruit die onnatuurlike verhouding tussen vader en seun. Henning word, in plaas van sy helper, 'n mededinger wat hom van sy troon wil stoot. Elke prestasie van die forsgeboude seun beskou hy as 'n uittarting, omdat dit hom aan sy eie liggaamlike agteruitgang herinner.

In sy trotse ongenaakbaarheid is oom Sybrand miskien meer 'n simboliese figuur as 'n werklike lewende mens. Ek vind dit moeilik om my 'n mens voor te stel wat tot sulke uiterstes sal gaan, wat so volkome daarin slaag om alle menslike gevoel teenoor sy moeder, vrou, kinders en suster te onderdruk. Af en toe is daar 'n opwelling van teerheid in sy hart, soos wanneer hy in 'n besonder goeie luim wil maats wees met sy seun (bl. 38) of op sy moeder se begrafnis 'n vogtigheidjie uit sy oë vee (bl. 129). Maar deurgaans handhaaf hy die houding van iemand wat „in konkreet vasgemessel is.” Hierdie houding word egter aanneemlik gemaak deur 'n reeks dramatiese tonele wat 'n verrassende lig werp op die duistere dieptes van die menslike hart en die menslike strewe. Ek verwys na die rusie met sy moeder, sy dogter, sy seun en sy suster, en na sy oorpeinsinge by die dood van sy vrou. Langsamerhand word hy vir ons veel meer as 'n wese wat alleen in die brein van die skrywer ontstaan het, want die eensame Sybrand, wat oormeester word deur die skrikgestaltes van sy sondige verlede, is met soveel warmte en innigheid geteken dat hy meteens voor ons leef in al sy menslikheid. Ons sien die komiese aksies van die verliefde wewenaar, merk hoe hy ná die huwelik sy selfversekerdheid begin te verloor en uiteindelik, totaal ontredderd, na die simpatie van 'n medemens verlang. Sterk van uitbeelding is die besoek aan sy suster en sy versoening met oom Jaap. Selfs sy vaderlike gevoel keer terug, want hy begin na Henning te verlang. Af en toe herleef die ou Sybrand, wat deur brute geweld alles na sy sin wil reël. Maggie se ontrou wek moordgedagtes by hom op, maar voordat hy dit kan uitvoer, word hy magteloos aan haar oorgelewer deur 'n beroerte. In sy patetiese hulpeloosheid klou hy nog aan sy geld en sy goed, maar uiteindelik kan die gebroke grysaard net stil voor die raam sit en wag op Henning en . . . die dood. „Die lewe het vir my ook baie dinge geleer,” moes hierdie harde kop aan sy suster erken. Die ou lewe het hom

inderdaad pappeslaan, het hom gedwing om te erken „dat jy die grootste misstap begaan as jy wil ingryp op die onversetlike gang van die natuur” (bl. 360). Nie van buite het hierdie erkenenis gekom nie. Dis die sluimerende kragte van sy eie wese wat hom stap vir stap dwing tot 'n aanvaarding van die onveranderlike lewenswette. Juis daarom is die tragiese ondergang van hierdie boer so aangrypend.

Vreemd is dit dat Van den Heever by die skildering van hierdie aftakelingsproses so goed as geen aandag wy aan godsdienstige probleme nie, wat tog seker 'n groot rol moet gespeel het in oom Sybrand se gemoedslewe. Ons hoor wel terloops van „'n skrynende twyfel” en van „fondamentstene wat in sy lewe gelê is baie jare gelede” (bl. 107), maar verder is dit alleen die magteloosheid van die kerk en sy huigelagtige amptenare wat beklemtoon word. Hierdie tekort in die uitbeelding word besonder opvallend as ons *Laat Vrugte* vergelyk met Jan Eekhout se roman *De Boer Zonder God*, waarmee dit baie punte van ooreenkoms het. Eekhout se ystersterke boer kom ook in botsing met sy seun, spot ongenadig met alle godsdiens, maar moet aan die end erken: „God is sterker dan Waerschoot.”

Ook in die uitbeelding van die byfigure het Van den Heever ons momente van aangrypende skoonheid gegee. Ek dink aan Johanna, wat die reinheid van haar liefde met soveel gevoel verdedig teenoor die verdoemende diaken, en daardeur vir haar vader 'n nuwe lig laat opgaan. Verder is daar ouma Willa, wat haar hele lewe lank so presies en netjies was en 'n paar uur voor haar dood haar trou-nagrok netjies regsit voor haar sterfbed sodat sy daarin begrawe kan word. Goed geteken is ook Buks, die geduldige swoeger, met sy eenvoudige hondetrou; en Maria met haar onbenullige man, Maria wat, ten spyte van alle teenslae, die goeie eienskappe van haar ras so mooi handhaaf en vir haar onmenslike broer nog opregte susterlike simpatie oor het. Diep tragies is die stille lyding van die vereensaaamde tant Betta, wat in 'n onsimpatieke omgewing wegwyn sonder dat sy ooit die ryke skat van haar moederliefde kan ontsluit: „En dan werk sy verder, eensaam in haarself geslote, ingedryf na die binnekring van haar gedagtes, waar die lewe eensaam uitbrand, weemoedig soos 'n stil kersvlam in 'n doodstil kamer sonder 'n lewende naby.” Met 'n glimlag op die gelaat sterf sy, 'n glimlag wat selfs die gevoellose Sybrand laat terugdink aan die geluk van hul eerste huweliksjaare.

Hierdie roman bevat bladsye van die skoonste prosa wat

Van den Heever nog geskrywe het. Dit is sterk van innerlike spanning en heg van bou. In die natuurbeskrywing en beeldspraak word deurgaans die innerlike wese van die hoofpersone weerspieël. Af en toe hoor ons egter die stem van die skrywer, veral in dié gedeeltes waar introspektiewe mymeringe nog die plek inneem van psisologie-in-aksie, Oom Sybrand, die praktiese boer met 'n geaardheid so hard soos olienhout, dink nog te veel in die teer-digterlike taal van die skrywer, wat die versoeking nie kan weerstaan om op liriese sydpaadjies af te dwaal nie (vgl. hfst. VI).

Laat Vrugte is sonder enige twyfel 'n belangrike aanwys vir ons romankuns. Dit is swaar gelaai met die lewenswysheid van 'n ernstige denker, wat ons 'n diepe insig in die lewensraaisel gee.

Gister (1941) staan nie op dieselfde hoë peil nie. Die kerngedagte wat tot openbaring kom in die lewe van die hooffigure is, net soos in *Simson*, die mag van die verlede. Nie deur 'n gewelddadige verloëning van jou verlede kan jy iets bereik nie, maar alleen deur die beste daaruit te neem vir die toekoms. Al begin jy ook 'n nuwe hoofstuk van jou lewensboek, die invloed van die verlede sal daarin deurwerk, totdat jy deur baie foute en vergissings, of deur die harde klappe wat die lewe jou toedien, tot besinning en nuwe insigte kom. So groei die mens wat alleen deur lyding gelouter word.

Drie geslagte word uit die plaasomgewing ontwortel deur die ambisie van 'n verwende kleinkind wat gedroom het dat hy die groot stad kan herower. Ouma word willoos meegesleep, oom Frans en Hendrik bly sukkelaars, wat genadebrood van hul kinders moet ontvang, en alleen die jong geslag kan 'n staanplek in die stad verower. Skerp val die lig aan die een kant op die tragedie wat so 'n ontworteling vir die bejaardes meebring, en aan die ander kant op die moeisame aanpassingsproses wat die jongeres moet deurmaak. Maar ekonomiese selfstandigheid bring nog geen geluk vir die jong mense nie. Inteendeel, dit skep nuwe probleme ten gevolge van die verbondenheid aan die verlede, die gister wat 'n mens nie sommerso kan kwyttraak nie.

Die herhaling van baie motiewe, welbekend uit Van den Heever se vorige romans en kortverhale, ontnem die roman veel van sy frisheid en gee aan die styl 'n sekere matheid. Dis of die skrywer hom al volledig uitgespreek het oor hierdie lewensprobleme en slegs na moeisame redenasie 'n nuwe fase in sy karakters kan aanvoer. Daarby kom nog dat sy hooffigure so ongekompliseerd is dat hul reaksie

vooruit bereken kan word. Ouma en Fransie beheers die handeling van begin tot end, en ofskoon tant Bet se ervaringe aanleiding gee tot mooi momente, kan so 'n oppervlakkige sinjeur soos Fransie nouliks ons belangstelling oor nagenoeg vierhonderd bladsye vashou. Miskien het die skrywer dit self gevoel en daarom sy toevlug geneem tot melodramatiese gebeurtenisse soos die selfmoord van Lenie, die onverwagte openbaring van Joyce se diepsinnigheid en Fransie se dood in 'n motorongeluk.

Tot die aangrypendste tonele, wat ons nog lank bybly, kan die volgende gereken word: Ouma Bet wat in haar radeloosheid troos soek in die Bybel en by die graf van haar man; die verstote Lenie wat die nag invlug; die verbitterde Manie wat met sy vuiste en growwe skimpe alles wil regmaak; die treurende oom Frans en tant Hannie wat die liefde van hul kinders in die groot stad verloor.

Die kortverhale in die bundel *Nooit* (1942) is ongelyk van gehalte en bevat heelwat motiewe wat Van den Heever elders treffender uitgewerk het. Hy toon égtër nog steeds volkome meesterskap oor die tegniek van hierdie moeilike kunsvorm. Sy styl het saakliker en nugterder geword en is minder teer-digterlik, terwyl ook sielkundige uitrafelinge nie so dikwels voorkom nie.

Op sy beste sien ons Van den Heever in *Ou Broer*, wat seker een van die skryndste verhale in ons letterkunde is. Ek wys verder op nog 'n paar besonder goed geslaagde verhale: *Hulp vir sy Pa*, *En Nou?* en *Die Einste Harry*.

In *Van Aangesig tot Aangesig* (1942) behandel Van den Heever die gesinslewe van oom Naas Steenberg, 'n eiegegrigte en koppige tiran wat vrou en kinders se lewensgluk verwoes deur sy onpedagogiese optrede. Die oudste dogter se trouplan word gedwarsboom, waardeur sy lewenslank verbitterd bly; die oudste seun rebelleer teen die vaderlike gesag en word misdadiger; die tweede dogter word deur die ongelooflike blindheid van haar vader verwen totdat sy met 'n niksnuts wegloop. Dis alleen Sarel wat deur die verstandige leiding van 'n simpatieke moeder koers kry in die lewe.

Die somber lewensbeeld van die eerste gedeelte van hierdie roman herinner 'n mens aan oom Sybrand se uitspraak:

Hoe ouer ek word en hoe meer ek met my plaasdiere omgaan, hoe meer ek sien dat die diere in baie opsigte bokant die mens staan. Die mens doen laer dinge as wat

'n dier ooit kan doen. Hulle probeer dit net wegsteek omdat hulle 'n verstand het . . . (*Laat Vrugte*).

Hierdie stelling bevat helaas veel waarheid, maar in sy algemeenheid kan ons dit nie aanvaar nie. Daar is nog ander kragte in die lewe as gemeenheid, skinderlus, eiegeregtigheid en agterbakse knoeiery. Dit lyk soms of Van den Heever se siniese uitkyk tot 'n ware obsessie geword het, of sy pogings om bo sy teleurstelling in die dierlike mens uit te styg tot 'n meer simpatieke begrip van die volledige mens maar nie wil geluk nie. Oom Naas is in elk geval meer 'n kunstig bedagte kreatuur, op wie die skrywer sy haat teen die walglike in die mensdom kan botvier, as 'n lewende mens met die gewone mengeling van deugde en gebreke. In die gedagtepraat en sielkundige ontleding hoor ons steeds die stem van die skrywer; en eers wanneer oom Naas in 'n toestand van wanhopige ontreddering op die rand van geestelike ineenstorting sweef, begin sy gestalte vir ons iets warm-mensliks te kry. Dan word die ellende van sy armsalige bestaan deurlig met 'n straal van die skrywer se simpatie, soos in die aangrypende tronktoeel, waar hy skuld bely teenoor Neels. In die uitbeelding van die aftakelingsproses sien ons Van den Heever ook in sy volle krag. Ek herinner aan oom Naas se dweepsug, sy hallusinasies en veral aan die patetiese pogings van Elsie en Neels om hom uit sy verdwasing terug te roep. Innig het Van den Heever hom ook ingeleef in die verbitterde gemoed van die oujongnoot.

In *Anderkant die Berge* (1944) word met rustige oorgawe die geestelike evolusie van 'n Voortrekkerpatriarg geteken. Jakob se godsvrug is 'n dinamiese lewensbeginsel wat al sy doen en late bepaal. In die eensaamheid van die natuur wat hy worstelend oorwin, kom hy in intieme aanraking met sy Skepper. Sy rotsvaste geloof stel hom in staat om staande te bly wanneer die grootste beproewings hom byna oorweldig. Uiteindelik dwing omstandighede hom om ook die geliefde plaas wat hy deur harde arbeid opgebou het, te verlaat: „Ja, magtig is die aarde. Dit sidder en tril deur elke vesel. Maar magtiger is God, na wie hy sy hart ophef om troos en ewige vrede. Die aardse besittings, hierdie plaas en vee, het 'n groot invloed op sy lewe. Maar dit mag sy siel nie bind nie. Hy moet hom los daarvan skeur . . . Al wat mooi en begeerlik is, gaan verby. Net God is ewig en in God moet hy tot aan die einde verwyl.” (p. 382). So word die lewe van hierdie aartsvader wat op sy ou dag weer die trekpad vat ter wille van sy dogter 'n liggende

voorbeeld vir almal wat hulle onderwerp aan die leiding van die Voorsienigheid.

Kringloop van die Winde (1945) bevat die treffende novelle *Vyand*. Die tragiese lot van die renegaat wat sy eie volk verlaat het en tog nooit tuis kon voel by sy vreemde maats nie, word hier met onfeilbare insig gepeil en die grondoorsake van ons volksverdeeldheid, so dikwels deur drogredenasies vertroebel, met meedoënlose openhartigheid blootgelê.

In *Woestynsand dek die Spore* (1946) verskyn tweehonderd aforismes wat van belang is vir 'n goeie begrip van die kerngedagtes waarop Van den Heever se verhale gebaseer is; verder twee treffende romantiese novelles wat deur onderwerp en behandeling 'n nuwe ontwikkelingslyn aandui. In *Geloof* word die vrywording van Israel onder die besielende leierskap van Moses met soberheid en direktheid uitgebeeld.

In *Jeug* (1951) is die liefdevolle uitbeelding van die plaaslewe, soos dit deur die jong seun Lewies ervaar word, die enigste motief. Die woelige stad met sy harde teerstrate en onwelriekende petroldampe word alleen deel van die siening om die heerlikheid van die plaaslewe by wyse van kontras te verhoog.

Vannag kom die Ryp (1952) bied ons deur middel van verteenwoordigers van drie geslagte 'n beeld van die verworping van die Afrikaner wat stadsmens geword het.

Coenraad se vader diagnoseer die kwale van ons „goddelose en Godlose” tyd as volg: „Jy weet, Koen, wat met ons tyd verkeerd is: Ons is alle geloof kwyd. As 'n mens geen geloof meer het in hoëre dinge nie, dan sink jy gou af na die peil van die dier toe.” En verder: „Daar is nie so iets soos sonde nie. Die beste ding is dit waarvan jy die meeste hou. Hierdie aarde is alles, en van so iets as die siel of die oneindige dinge durf jy nie meer praat nie.” Daarby kom nog die verpestende invloed van die Amerikaanse rolprent met sy doodskietery, wellustige soenery en naakte vroue, en verder die moderne prikkellektuur. Dit alles het van die skatryk Fanie, wat „'n goeie Boerseun was,” 'n wellusteling, dronkaard en niksnuts gemaak.

Die latere geskiedskrywer sal moet vasstel hoe groot en belangrik Van den Heever se bydrae as kultuurleier op so 'n strategiese plek as die Rand was. In sy essayistiese werk het hy welsprekende pleidooie gelewer vir 'n lewenskragtige volkskultuur op 'n grondslag van selfkultuur by die enkeling. Hy wil alle ontwikkelendes verenig in 'n geestelike front: „Ons wil hier 'n kultuur opbou, jonk en fris,

wat iets afsonderliks besit, iets wat kan bydra tot die groot mensheidskultuur. Ja, ons glo uit ons hart aan die toekoms van ons kultuur en letterkunde. Maar om dit te bereik, is nodig verdieping en versuiwering van gees, 'n harmonieuse lewe by individu en volk, 'n lewe wat sy krag put uit eie bronne."

Dat hierdie onvermoeide werker ons op 'n betreklike jeugdige leeftyd ontval het, stem ons tot weemoed. Maar dat hy so 'n ryke erfenis nagelaat het in sy werk vervul ons met diepe dankbaarheid. Ek glo dat sy beste werk van blywende betekenis vir sy volk sal wees.

S. J. DU TOIT:

Verdwyn

*Hoekom moet al ons dae so verdwyn,
Ook dié wat deur die jarepuin nog blink,
Waaruit ons siel soos aan rooi, warm wyn
'n Roes van duiselibly verrukking drink,*

*Bly môres, blonde dou, pers blommeskyn,
Geel tulpegloed wat oor die aarde hang
En in die verte-perlemer nog kwyn,
In een klein, lang vervloë dag gevang?*

*Hier was dit eens èn gras èn biesies aan
Die kant van panfonteine; oor die rant
Het grys olienhouttakke son en maan
Geblus. Wolwe was hier, en eeuelank
Gods skepping naak oor hierdie wye land.
O eggo uit die nag! O verre klank!*

DIE WIND

*Die wind kan nimmer brokkel of verslyt,
Al yl hy voort deur kreupelhout en den
Van agter al die jare wat ons ken,
Uit eindelose vertes van die tyd.*

*Sy stem dra leed se ongemetenheid,
As hy verwees deur sleutelgate fluit
'n Lied van gryse, wyse wetenheid,
Gedistilleer uit al die eeue uit.*

*In hom het alles wat eens wese was,
Tot klank vervlugtig. Van watter verre strand
Het hy dié eggo's eens met vingers fyn
Gepluk en in die diepsiel van die ras
Die wonderwete van sy taal geplant
En al die sielejubbels en die pyn?*

PIKKENIEN

*Moet ek nou, Pikkenien, van jou vertel?
Waar is jy, Pikkenien? Ons wêreld lê
'n Ding verknoei, geknewel. Ek versê
Om oor ek hom tog mooi vind my te ontstel.*

*Al jare het die heugenis my gekwel,
Soet Kaffer. Waarom wil jy dan tog hê
Dat ek die mense van jou grief sal sê?
Daar's baie ander dinge wat hul knel.*

*Is dit die riem se hale en jou duim —
Die bloedblaar daar? Wat keer jou hand dan ook?
Dink jy net jou vergelding het verkluum?*

*Die land is vol ou onreg wat hier spook.
Dis tog beregtig al! Vergelding is
Dat onregplegers ongereg dig is.*

HY WAS 'N BEESWAGTER

*Hy was 'n beeswagter, 'n grap sy naam,
Met net sy kerie en die skril geluid
Wanneer sy lippe vir die diere fluit,
'n Iemand enkel met die beeste saam.*

*Sy dag was deur blou einders ingeraam,
Sy nag het teen die verste ster gestuit;
Van alle goed en rykdom was sy buit
Net son se goud en silwer van die maan.*

*Niemand sal weet waar stof en staf gaan lê
Het langs 'n slingervoetpad bo 'n dam;
Of was dit grammadoela of goré
Waar uitgeflikker het sy lewensvlam?
Dis lank verby en sinloos al my sê
— Hy was 'n wagter sonder kind of stam.*

KOLLE VAN KWEEK

(In die trant van John Masefield)

*Kolle van kweek op die werf en skadu's wat pankant toe dwaal,
Aandstond is daar en 'n ster en die beeste word stil in die kraal;
Onder waar huisies eens was, klink die langasemnaguil se roep;
Kolle van kweek... en ek sit soos van ouds op die stoep.*

*Mense was hier en geluid van lewe wat aand toe verstil,
Mense wat bly was en sterk in die dag van hul dae nou kil,
Perde in strome en ruiters voor die son op die bergtoppe stoel,
Perde en beeste en wild as die maanlig die vlaktes oorspoel.*

*Sterre is uit en dit skemer; die diere word stil in die kraal;
Ver op die bergpunt die maan en 'n jakkals wat hongerig dwaal;
Onder waar vriende eens was, klink die nagvoël se roep;
Kolle van kweek... en ek sit soos van ouds op die stoep.*

S. C. HATTINGH:

C. M. van den Heever as Mens en Kunstenaar

Die bespreking wat hier volg, is hoofsaaklik baseer op gesprekke wat skrywer hiervan met C. M. van den Heever gevoer het kort voor sy afsterwe op die vroeë more van 8 Julie 1957. Ek was van plan om 'n reeks monografieë van Afrikaanse skrywers saam te stel en die eerste deel sou oor die werk van Van den Heever handel. Hy het die gedagte van harte verwelkom, veral daar dit sou saamval met die verskyning van sy versamelde werke. Maar Van den Heever het ook om 'n ander rede na die verskyning van so 'n monografie uitgesien: hy was bekommerd oor die rigting waarin ons letterkunde, veral ons poësie besig was om te ontwikkel. Volgens hom toon dit 'n afwaartse neiging, en om sy eie woorde te gebruik: „Kuns moet vlerke hê, dit moet nie afneig grond toe nie maar dit moet opstyg, die bloutes in”. Hy het gevoel dat al die ou waardes, die dinge wat deur die jare vir ons soveel beteken het, ten onregte verkleineer word en dat belangrike skrywers nou sommer goedsmoeds opsy gestoot word. Dis ook verkeerd om 'n vergelyking te wil tref tussen ons kuns en dié van Europa. Ons het grootgeword in die ruimtes waar daar min kontak is met mense. In Europa en die Ooste beweeg duisende mense rondom jou en dit neem die waarde van die lewe heeltemal weg. Die natuur was ons vriend en daar bestaan nie die neiging om mekaar heeltemal te verdruk nie. Daar lê die groot onderskeid tussen ons kuns en die kuns van Europa. Laasgenoemde is 'n wêreld van oorbevolktheid met alles wat daaruit voortvloei, terwyl ons kinders is van die ruimte. In sulke omstandighede gaan verfyning van gevoel verlore, maar by ons het dit darem nie heeltemal gebeur nie. Al hierdie dinge wou Van den Heever graag in die monografie vermeld sien sodat die wanvoorstellings wat daar, volgens hom, oor sy werk bestaan, uit die weg geruim kon word. Die dood het egter ingetree voordat die werk voltooi is en al kan hy nou nie sy goed- of afkeuring daaroor uitspreek nie, is dit onder omstandighede miskien moontlik om 'n meer ewewigtige beeld van sy kunstenaarskap daar te stel.



C. M. van den Heever, omstreeks 1952

C. M. van den Heever het grootgeword op die plaas Poortjie in die distrik Trompsburg. Hier bring hy feitlik sy dae in die veld deur as veewagter en leer die bossiewêreld met sy dierelewe goed ken. Hy het maar min tyd in die huis deurgebring; hy dwaal oor die vlaktes en velde, let op die gewoontes van diere en bespied saans die voëls wat in die riete langs die rivier te kere gaan. Baie middag baljaar hy saam met die klonkies in die rivier of winddam of neem deel aan kleilatgevegte. In alle opsigte was hy dus 'n egte natuurkind. In die somer was dit baie aangenaam met al die verskillende soorte vrugte, spaanspekke en waatlemoene; die plaas bied die ideale bestaan wat deur geen ander oortref kan word nie.

Vir 'n kind van daardie dae was dit nie baie aangenaam as die skoollewe begin nie. Dit lê die vryheid te veel aan bande en voer die leerling 'n vreemde wêreld binne. Hy sou veel liever met die bekende dinge omgaan soos sy veldmaats en die diere wat hy daagliks ontmoet: meerkaaie, vlakhase, koesters en watervoëls. In daardie dae was die tug in plaasskole baie strenger as nou. Daar is veral gelet op presiesheid, netheid en volslae gehoorsaamheid. Vir die geringste oortreding het die kweperlat jou sitvlak bestryk. Dit was 'n groot vreugde om nuwe boeke te ontvang wat met die grootste sorg opgepas moes word. Die geur van 'n nuwe boek het altyd herinneringe aan sy skoollewe by hom wakker geroep.

Van den Heever se vader het 'n belangrike rol in die kerk gespeel. Vir die kinders was nagmaal 'n groot gebeurtenis; dan ontvang hulle geld vir allerhande lekkernye en hulle kry ook die geleentheid om die dorp (Trompsburg) te besoek. Hy het ook aangename indrukke van volksfeeste soos Kersfees en nuwejaarsdag. Veral by laasgenoemde het volkspeletjies 'n vername rol gespeel, en dis hier waar Engelse liedjies soos „Walking on the green grass” diep ingedring het.

Gedurende hierdie tydperk het Van den Heever die voorreg gehad om met boeremense deeglik kennis te maak. Hy het altyd saam met Oupa (Wynand van den Heever) gereis na bidure en begrafnisse. Die boerebegrafnisse het 'n somber indruk op sy jong gemoed gemaak. Dit spreek duidelik uit beskrywings van sulke gebeurtenisse in sy prosawerke. Oupa was ook bekend om dienste te lei, maar daarby was hy 'n opgewekte persoonlikheid wat vriende en kennisse met allerhande streke verras het. En dis ook oor hom wat Van den Heever die treffende skets *Oupa* geskryf

het. Dit het eers in *Mens en Woord* en later in *Swaard van die Oomblik* verskyn. Daarin sê hy:

„Oupa was nie sieklik nie. Almal het gesê dat hy baie goed lyk. Hy was altyd opgeruimd en vol grappies. Maar oupa, as man wat gelowig was en wat tewens ook die aarde liefgehad en geken het, het geweet dat die blad hom eersdaags liggies sou moes losmaak van die lewe en dan afdwarrel na die grond toe. Oupa het nie oor die dood gepraat nie. Hy het die seën ontvang om die weg van die lewe na die dood nie as 'n groot skok aan te voel nie, maar as 'n natuurlike oorgang wat met weemoed omgewe word, net soos die herfs oor die natuur 'n was van weemoed lê as die een jaargety in die ander vervloei . . .”

Op dertienjarige leeftyd vertrek C. M. van den Heever na Bloemfontein — en van daardie oomblik af leer hy die stadslewe ken. Die kritiek wat soms oor sy werk uitgespreek word as sou hy kennis hê van die plaaslewe, maar nie van die stadslewe nie, is (volgens hom) heeltemal ongegrond. 'n Kunstenaar kies nie sy temas nie, dit word gekies deur sy lewensaard, hulle dring hulle vanself op. Die temas oor die platteland is nog belangrik maar die stad neem al meer en meer die plek daarvan in. Die bewering dat hy, wanneer hy die stadslewe uitbeeld, hom op 'n terrein waag waar hy geen kennis van het nie, is 'n groot onreg.

In Bloemfontein besoek hy die bekende Grey Kollege-skool en na matrikulasie gaan hy na die destydse Grey Universiteitskollege. Dit was 'n wonderlike ervaring om weer met vakansie terug te gaan plaas toe. Wat hy vroeër as vanselfsprekend aanvaar het, word nou 'n verrassing vol heerlijkheid: die plaaslewe ontwikkel tot 'n idealistiese beeld in 'sy gemoed. En dan voeg hy byna weemoedig daarby: Jare daarna het die plaasomgewing omtrent geen indruk op hom gemaak nie. Al die wonderlikheid was verlore . . . in die begin het hy die dinge maar gesien deur die oë van 'n kind.

Op universiteit maak Van den Heever deeglik kennis met professor D. F. Malherbe. Hy koester 'n groot bewondering vir Malherbe se lesings wat in sierlike en suiwer Afrikaans aangebied word. Deur hom ontwikkel ook sy liefde vir Afrikaans en die Afrikaanse letterkunde. Die groot invloed wat Malherbe op sy jong gemoed gehad het, blyk duidelik uit sy eerste gedigte en uit prosawerke soos *Op die Plaas* en *Langs die Grootpad*. Maar dis eintlik eers gedurende sy derde jaar op universiteit dat hy beskeie begin skryf het. Tot op hierdie stadium was sy belangstelling in geskiedenis

baie sterk, trouens hy het sy hele lewe lank 'n groot voorliefde daarvoor getoon, soos duidelik blyk uit die belangrike werk *Generaal Hertzog* wat deur hom saamgestel is. Kennismaking met professor F. Francken wat Nederlandse letterkunde doseer het, het hom van studierigting laat verander. Hy stel al meer belang in die Nederlandse letterkunde en word deur professor Francken aangemoedig om sy M.A.-kursus in letterkunde te voltooi. Hierdie belangstelling word al groter en gaandeweg word sy bewondering vir die Vlaamse letterkunde ook gewek. Dit was nie 'n dorre boekgeleerdheid nie; die studie was eintlik 'n innige oorgawe aan die genot en skoonheid van die wêreld van die letterkunde. Hy het die taal van die Manne van Tagtig goed verstaan en hulle skeppinge het by hom die drang gewek om ook iets te skryf. Onder sy eerste bydraes was gedigte, maar 'n paar van sy prosastukkies het in *De Goede Hoop* verskyn. Hierin het hy 'n poging aangewend om 'n beeld te gee van die boerelewe om hom; hy gee gestalte aan dinge wat hom getref het en wat vir hom mooi was. Hy kom veral onder die bekoring van die taal wat die boeremense gebruik en maak aantekeninge van die skilderagtige uitdrukkings wat hulle besig. Dit was vir hom 'n vreugde om te luister na die mense en hy word geboei deur hulle taal, hulle gebare en hele optrede. Hierdie belangstelling in die lewende taal het baie gehelp om die invloed van boektaal teen te werk. Daar is soms wild beweerd dat hy onder die invloed van Streuvels staan, maar die bewering is slegs gedeeltelik waar. Streuvels se werk het by hom die drang laat ontstaan om die boer en sy taal uit te beeld, maar terselfdertyd het hy ook groot agting en bewondering gehad vir Cyriel Buysse en die werke van ander Hollandse en Vlaamse skrywers wat oor die boerelewe op die platteland waarvan hy intieme kennis gehad het, handel het. Hy het eenmaal 'n opstel oor Streuvels in *Die Huisgenoot* geskryf en dit het aanleiding gegee tot veel napratery, o.a. dat hy sterk onder die invloed van Streuvels staan. Maar hy het 'n ewe groot bewondering en waardering gehad vir Russiese skrywers soos Tolstoi en Dostojevski. Destyds was die sg. populêre boek en tydskrif nog op die agtergrond. Hy het 'n sterk drang gehad na goeie leesstof en professor Francken was 'n bewaarde gids om leiding te gee in verband met goeie, moderne Nederlandse letterkunde.

Intense belangstelling in die poësie word by Van den Heever gewek nadat hy die werke van die Tagtigers en ook van sekere Vlaamse skrywers gelees het. Hy ontvang

nie sy vorming deur middel van die Engelse boek nie; dis die Nederlandse en Vlaamse boek wat 'n lewendige belangstelling en liefde vir die letterkunde by hom gewek het. Hy het eers veel later met die Engelse letterkunde kennis gemaak, veral toe hy hom vir die M.A.-graad voorberei het. 'n Boek wat vir hom baie treffend was en ook diep ontroerend, was Ampie I deur Jochem van Bruggen. Aan die een kant ondergaan hy dus die invloed van D. F. Malherbe en aan die anderkant dié van Van Bruggen — iemand wat die Afrikaanse mens uitbeeld soos hy dit graag sou wou doen.

Die basis van Van den Heever se prosakuns is die ware Afrikaanse boerelewde. Die verhouding tussen pa en seun is definitief 'n boereverhouding (*Langs die Grootpad, Laat Vrugte*). Van den Heever beeld hierdie verhouding alreeds uit in die verhalende gedig *Die Aandster*. Daarin tree op die verfynde kêrel wat sterk aanvoel dat mense wat met die aarde omgaan buitengewoon grof is. In sekere sin kan ons hierdie gedig as outobiografies beskou. Van den Heever was nooit van plan om 'n geleerde te word nie — hy sou gaan boer. Maar die grofheid van die mense wat met die grond werk, het hom tot ander insigte gebring. Daar ontstaan by hom 'n drang na die skone, 'n verlange na die hoëre en meer verfynde dinge van die lewe.

Sy eerste skeppinge, soos reeds vermeld, was in die vorm van poësie en dit word gebundel in *Stemmingsure*. Daarna volg sy eerste prosawerk *Op die Plaas*. Op hierdie tydstip was hy as joernalis werksaam aan *Die Volksblad* en het al meer bedrewe geraak in die prosa. Van die lang natuurbeskrywings in die boek sê hy die volgende: „As jy grootgeword het op 'n plaas dan dring die skoonheid van die natuur hom aan jou op. Ek was van vroeg af aan verbonden aan die plattelandse lewe en het dit sorgvuldig waargeneem — daarom dat natuurbeskrywings so 'n groot rol in baie van my prosawerke speel.” In *Op die Plaas* is daar van die begin af 'n botsing tussen die lelike en die aantreklike, tussen die praktiese en idealistiese. Dit blyk duidelik uit die verhouding tussen Freek en Miem. Miem die nooi van die stad, is oppervlakkig, sonder erns en lewensdiepte, terwyl die plaasseun besiel is met ideale en 'n sterk neiging openbaar om na hoër dinge te streef. Van den Heever ontken heftig dat sy werk romanties is — dis die idealistiese wat sterk op die voorgrond tree. Ons vind dit weer in die tweede roman, nl. *Langs die Grootpad*. Hansie, die hoofpersoon, is nie tevrede met die alledaagse, gewoon-praktiese nie — hy het ook 'n drang na iets hoërs, hy wil die skoonheid en waarheid dien en die middel daartoe is sy vioolspel. Op die

kritiek dat Van den Heever sy onaangename karakters oordrewe voorstel in die sin dat hulle tekortsiet aan lewenswaarheid, is sy antwoord dat iemand wat besiel word deur idealisme hewig in botsing sal kom met die lelike. Dit het in werklikheid niks te doen met romantiese neigings nie, dis 'n saak van lewensaard, 'n drang na die verfynde in die letterkunde. Daaruit vloei voort die botsing tussen die praktiese lewensaard en die idealistiese wat vasskakel in die wêreld van die letterkunde. Hy skryf nie oor die plaas omdat dit populêr is nie, ook nie omdat dit 'n goeie tema is nie. Hy skryf daaroor omdat die stof uit sy siel kom, omdat hy die plaasomstandighede grondig en goed ken. Dit is ook 'n saak van verwerkliking. As hy nie sy toevlug geneem het tot die wêreld van die boek nie, hoe kon hy hom dan verwerklik met die gewone plaaswerk wat nie by sy aard aanpas nie?

In die roman *Droogte* spits Van den Heever hom skerper toe op die mens self. Daar verskyn twee groepe persone: die plaasboere wat die landelike element verteenwoordig en die onderwyser en sy gesin wat ons nader aan die stadslewe bring. Die begrip „droogte” het hier 'n uiterlike en innerlike betekenis. Die groep boere word deur 'n uiterlike droogte getref. Hendriks en sy vrou word ontleed met die oog op die droogte in hulle sielelewe: die begrip het hier simboliese betekenis. Die werk openbaar groter objektiwiteit wat ontwikkel tot suiwer analitiese realisme. Die sielelebens van sy karakters word skerper en indringender deurgrond, die beklemtoning van die natuur maak gaandeweg plek vir die ontleding van die mens. Van die landelike beweging sy belangstelling in die rigting van die stad.

Ook in *Groei* kan hierdie verskuiwing van belangstelling waargeneem word. Die invloed van sy jeugherinneringe is nog orals merkbaar sodat die werk eintlik 'n dubbelloopmotief, platteland-stad, bevat. Die botsing word nog veroorsaak deur die spanning tussen die idealistiese en die praktiese, maar gaandeweg neem die plaas, hoe langer hy van hom afskeid geneem het, 'n nuwe gestalte aan. Dit word nou meer gesien in 'n idealistiese waas, soos in die novelle *Somer*. Hier word die plaas in sy mooi gestalte gesien. Die verhaal vloei voort uit 'n verlange na 'n wêreld wat verby gegaan het, uit 'n drang na ruimte, na die bloutes. Die handeling is saambeweef met die natuurgebeure. Die mense staan in 'n magtige stryd gewikkel met die natuur. 'n Geweldige somerbrand heers oor die koringlande en mense. Dit dring die oeste tot rypheid, totdat eindelijk net die kaal stoppellande oorbly, maar selfs hulle

spreek van 'n nuwe lente en somer wat sal kom, uit die verganklikheid spreek 'n nuwe lewe. Die kringloop in die natuur groei in die karakters tot lewensbegrip. „Deur hulle liggame, hulle siele werk die natuur, werk dit in jaargetye, voel hulle die sagte ontwaking as die lente kom, die rypwording van die lewe op die lande, die huiwering van najaar deur die lug, en die skerpe koms van die winter wat alles verstol en die lewe laat slaap in rustige onwetendheid. So gaan hulle voort, telkens gehul in die steeds geheimsinnig wysigende atmosfeer van jaargety na jaargety . . .”

Maar stadig neem die neiging toe om 'n analitiese uitbeelding te gee van sekere karakters en omstandighede. In *Kromburg* word die botsing uitgebeeld tussen die idealistiese, die fyne en skone en die platvloerse. Van den Heever behandel 'n bepaalde gees in die maatskappy, in hoofsaak die gees van bekrompenheid en kleinsieligheid en hy beeld dit uit as 'n verskynsel wat besig is om diep in ons volkslewe in te vreet. Hy sien daarin al die lelike elemente in ons maatskappy wat alles wat skoon en ideëel is, soos 'n kanker omklem en verstik. Hierdie vernietiging van die skone word verbeeld in die stryd en strewe en ondergang van die karakter Wenda. Later word hierdie analitiese indringing in karakters verskerp wat duidelik aantoon dat die skrywer 'n studie van die dieptesielkunde gemaak het. Die verdieping is merkbaar in die romans *Van Aangesig tot Aangesig*, *Gister* en in die novelles saamgevat in *Kringloop van die Winde*; ook in 'n hele aantal kortverhale.

In *Van Aangesig tot Aangesig* het ons 'n uitbeelding van die karakter van Oom Naas Steenberg wat stap vir stap in die rigting van algehele kranksinnigheid beweeg. In *Gister* is die kerngedagte as volg: Die invloed van die verlede sal altyd merkbaar in jou ganse optrede wees, al soek jy na nuwe lewensfere. Dit is in elk geval beter om jou verlede te erken en om daaruit boustowwe te wen wat jy met vrug in die toekoms kan gebruik. Dit is juis deur die teleurstellings en harde slae van die lewe dat die mens tot besinning kom en wat hom in staat stel om nuwe insigte te ontwikkel. Dis alleen deur loutering dat 'n suiwer lewensbeeld kan ontstaan. Die drie novelles in *Kringloop van die Winde* vorm 'n dieper geestelike eenheid, verteenwoordigende drie tydperke in ons volkslewe. Eers die moeisame stryd en opbou van ons kultuur na die Tweede Vryheidsoorlog, dan die botsing tussen die twee landskulture, 'n periode waarin lelike verskynsels reeds sigbaar word, en

laastens die huidige tydperk waarin die ou Afrikaanse waardes besig is om te verkrummel en in duie te stort.

Die analitiese uitbeelding neem soms die gestalte aan van die ironiese, soos in *Marthinus se Roem*. Hierin dryf die skrywe onverhole die spot met sekere figure wat so goed bekend staan in die Afrikaanse kultuurstryd. Die satiriese element tree sterk op die voorgrond en slaan in gegewe oomblikke oor tot 'n bytende, vernietigende spot. In hierdie werk, asook gedeeltelik in *Vannag kom die Ryp*, het ons dus 'n uitbeelding van die bekrompene en kleinlike in die samelewing wat dikwels half spottend gesien word. Daarteenoor kry ons die verruiming van die grootse soos in *Anderkant die Berge*. Dis interessant om daarop te let dat Van den Heever juis hierdie roman beskou het as die beste wat hy ooit gelewer het. Sterk kom daarin die idee tot uiting dat die skone en goeie die hoogste geluk bring, en die skone en goeie is vir hom die natuurlike verloop van sake, soos met die jaargetye. Dit is die hoogste sedelikheid, want in wetmatigheid, in die vasgestelde daarin skuil God, en dit is ook in elke mens. Ons kry ook die wrangheid in die samelewing waarin die stoflike die idealitiese byna heeltamal verdring. So 'n toestand skeep Van den Heever in die roman *Die Held*. Deur sy fyn aanvoeling en indringende ervaring, is hy in staat om sy vinger op die pols van die Afrikanerstrewe te lê en sodoende dinge te ontmasker wat in die alledaagse lewe aan ons verbygaan of wat ons in ons ywer as heeltamal behoorlik en reg beskou.

In die roman *Laat Vrugte* keer Van den Heever weer terug na die plaaslewe. Dit is heel moontlik die gaafste prosawerk wat hy geskryf het. Al die karakters wat hy in hierdie verhaal skeep, is sterk persoonlikhede wat met groot magte in botsing kom. Van almal oorheers die gestalte van Oom Sybrand die hele werk. Hy is deurgaans daarvan bewus dat sy optrede verkeerd is, maar die magte ten kwade is vir hom te sterk. Telkens verneem hy die verdoemende woorde „jou dag sal kom, God slaap nie.” Hy staan daar as die verpersoonliking van die ouderdom wat nie aan die jeug sy regmatige plek wil toeken nie. Weer vind ons hier Van den Heever se lewensvertolking dat straf of vernietiging altyd volg waar die ewige natuurwetlikheid versteur word. Mens kry die indruk dat die opvattings wat gaandeweg by die skrywer ontwikkel het in hierdie werk tot 'n gekonsentreerde lewensvisie ontplooi: Die idealis wat 'n onversadigbare hunkering het na die skone, die ordelike, die ideale, teken hier skerp die kontras tussen die skone in die menslike karakter en in die samelewing en kom

daardeur tot vergestaltung van 'n skoonheid wat voortvloei uit sy diepste sedelikeidsgevoel.

Die temas wat 'n skrywer trek, hou verband met die lewenskringte waarin hy beweeg; die omgewing dring sy temas aan hom op. Maar die digterskap bly idealisties, dis 'n toevlugsoord vir die digter — aldus C. M. van den Heever. Vir iemand wat op 'n plaas groot geword het, is die digterskap 'n uitvlug na 'n idealistiese wêreld wat mens nie in die stad kry nie, net soos plaasmense in die stede 'n uitvlug vind in die godsdiens. Wat sulke mense in die godsdiens soek, soek die digter in die poësie. Daarom kan ons die poësie omskryf as 'n hemelse heimwee na 'n mooier, skoner, edeler wêreld waar die siel werklik vrede kan vind. Hierdie heimwee vorm die kern van byna al Van den Heever se verhalende gedigte. Dit hang saam met die mooi idilliese dinge wat hy daagliks aanskou het op die plaas en wat nou weggeneem is in die stad. Dit is ook verbonde aan 'n wyer begrip, ons verband met God. En dis hier waar hy dit beklemtoon het: „kuns moet vlerke hê — dit moet nie afneig grond toe nie, maar opstyg, die bloutes in.”

Van nature is Van den Heever die idealis wat peins oor lewensraaisels; wat is die sin van die lewe, die doel van die menslike strewende en handeling? Sy lewenshouding word deur twee elemente beheers, nl. die onaangename in die omgewing wat onrus en ontevredenheid in sy siel veroorsaak en die aardse skoonheid wat hom boei en 'n hewige drang na eenwording met die heelal laat ontstaan. Die drang na die heelal verklaar ook sy verwantskap met die Oosterse poësie. Dis nie die klein en krenterige wat hom aangryp nie, maar die grootse waaruit ons almal voortgekom het. Hierdie skoonheidstrewende vorm deurgaans die teenwieg, die behoudende faktor wat belet dat hy as gevolg van die onaangename en vernietigende kragte in die lewe tot 'n algehele pessimistiese lewenshouding oorslaan. Die kosmiese gevoel word telkens versteur en dan oorheers die neiging tot swaarmoedigheid en pessimisme en gevolglike vrees vir die dood. Maar die aardse skoonheid as deel en simbool van die ewige skoonheid, bly steeds die reddende element wat aanleiding gee tot die ontstaan van 'n nuwe ideaal.

Die bundel *Stemmingsure* bevat hoofsaaklik Van den Heever se jeugwerk. Die verse openbaar die digter se eensaamheid en wêreldvreemdheid. Die neiging tot individualisme en swaarmoedigheid word versterk deur sy kennis-making met die poësie van die Tagtigers — veral dié van Perk, Kloos en Gorter. Met die verstand wil die digter die

skeppingsplan deurgrond. Daarom hoor ons herhaaldelik die vrae: Waarom is die dinge van die aarde verganklik? Waarom moet die mens so gou sterwe? Maar op al die vrae is daar geen antwoord nie en in sy teleurstelling verval die digter in radeloosheid en groei daar doodsverlange in sy siel aan. Dan keer hy terug na die verlede en hy peins oor sy jeugjare op die plaas toe al hierdie probleme hom nog nie gekwel het nie:

Daar klaag eers sag, dan heimlik — mooi die hese
treurstemmetjie — verlangende soos 'n wese
na dae lankal weg, lankal nie meer;
die tone klim en draal en val dan weer
en op hul leef herinnering en swewe na kinderjare,
na kinderjare, rykste van die lewe,
na dae lankal dood — lankal nie meer.

(*Die Konsertiena in die Nag*).

Die grootsheid en onverganklikheid van die skepping beklemtoon die nietigheid van die mens. Die blote teruggryping in die verlede is nie genoeg om innerlike ewewig te herstel nie. Eensaamheid en vertwyfling slaan oor in volslae wanhoop en doodsangs:

Ek soek en dwaal verlangend rond, alleen;
my soek na kennis het my vreug verteer,
my siel het sag in stilte uitgeweën,
vergeefs gesmeek, gedors; gee meer, gee meer.
Diep in die nag van raaisels bly ek staan,
waar gaan ek heen, waar kom ek tog vandaan?

(*Bestaan*).

Dan ontwaak die drang na skoonheid; herinneringe uit die verlede versterk nou hierdie gevoel, 'n nuwe lewensopvatting ontplooi: die mens is 'n onafskeibare deel van die skeppingsplan van God:

... maar oor die smartesee wat kerm in angs
ruis vol die sang van rus: 'n God regeer.

In die bundel *Die Nuwe Boord* streef die digter ook na die ontmaskering van lewensraaisels; hy soek na lewensklarheid. Maar steeds verval hy in vertwyfeling gepaard met die kenmerkende stemminge van vereensaming en doodsangs. Hy ondergaan dieselfde teleurstelling as hy nie in staat is om lewensprobleme deur middel van die rede op te los nie. Deur al die kwelvrae word die kosmiese gevoel net verder versteur en sy berusting in 'n fatalistiese lewenshouding is net skynbaar, want 'n huiwerende vrees vir die dood lê steeds soos 'n skadu oor al sy denke.

En uit my kraakstap hoor ek hom
die doderyk se gees rondom,
en loop-loop kom 'n huiwering
vir dood my binnedring.

(*Hier waar die Paadjie*).

Weer gryp die digter terug in die verlede in 'n poging om deur verbygegane geluk sy geskonde skoonheidsideaal te herstel. Nie deur verstandelike beredenerings nie, maar deur 'n kinderlike geloof in die lawende liefde van Christus kom die kwellings wat die gees beroer tot rus:

Hy wat sy lydingsbeker leeg kan drink,
deur vaderhande vir hom ingeskink,
hy sal die hande kus, Sy kleedsoom raak,
en krag ontdek vir hierdie lewenstaak.

(*Hy wat sy Lydingsbeker*).

In die bundels wat volg, vind ons al meer en meer die digter se hewige worsteling met die probleem van lewe en dood; die verganklikheid en onbestendigheid van die aardse bestaan dryf hom beurtelings tot opstandigheid en stryd of gelatenheid en aanvaarding. Die kern van hierdie stryd en worsteling kan ons vertolk as 'n bestendige strewe, voortgestu deur 'n mistieke hunkering na onsterflikheid, om deur die verganklike tot die ewige op te styg. Die dood, as duistere, vernietigende mag, moet oorwin en sy droom van oneindige skoonheid, in die tyd, verweselik word. Maar telkens, bewus van eie beperking en begrensing, ondergaan hy sy aardsgebondenheid as 'n pyn, verhewig deur 'n duister verlange na die groot onbekende, die land van volmaakte skoonheid. En juis uit hierdie eie nietigheid en beperktheid, uit die angs en onrus wat die konflik tussen onopgeloste spanninge meebring, spreek sy ewigheidsdrif, die drang om skeppend die oneindige gaping tussen gees en stof te oorbrug, die sterkste.

In *Deining* sê hy dat die kunstenaar, die digter gedoem is tot vereensaming; omdat hy dieper voel en dinge inniger deurleef as die gewone mens, word hy baie keer nie begryp nie:

Maar wie begryp dat heimwee in sy hart
die digter na 'n ander wêreld rig... ?

Maar hy aanvaar nou hierdie vereensaming. Hy sal nie meer pogings aanwend om tot geestesharmonie met die mense rondom hom te geraak nie. Hy sal trag om te begryp watter plek die eenling in die wêreldorde moet inneem. Hieruit vloei dan voort sy verlange na rus, geloof en 'n drang om die kosmiese te deurgrond:

O branderbruising diep en sag,
O koele bloute van die see,
neem nou 'n mens wat huiw'rend wag
vir ewig oor die deining mee!

Die meeu wat oor die deiningglans skeer, word sinnebeeld van die mens as absoluut verlatene, van die siel wat hunker na eenwording met die ewige. In hom groei 'n verlange na die dood, want die dood alleen gee volkome rus. Maar daar is ook vrees en weersin vir die donker gestalte. Die mens se verganklikheid vertolk hy in *O koele water van die Spruit*. Die hoop op 'n uiteindelijke bestemming, waar geloof byna onmoontlik is omdat die menslike begrip nie die skeppingsraaisels kan oplos nie, is alleen nie in staat om aan die digter sielsrus te verseker nie, want alle dinge rondom hom getuig van verganklikheid, onbestendigheid, eindigheid. Hy staan voortdurend in die „Skemering” wat hom beangs laat voel oor die geheimsinnigheid van die dinge — veral die geheimsinnigheid van die dood wat orals in sy huiweringwekkende gestalte verskyn:

Bloedrooi papawer, verlep is jou kelk,
waar is die gloed wat kon donker ontroer?
Kyk na die skoonheid: dis asvaal verwelk,
Grys oor die sand wat uit skaduwees loer.
Bloedrooi papawer op buigende steel,
Wie kan tog o! jou gebrokenheid heel?

Die digter besef nou dat ware sielsrus en geestes-ewewig alleen verkry kan word deur aanvaarding van die onvermydelike, die aanvaarding van verskynsels soos hulle in die skepping bestaan. Daar bestaan nie net verganklikheid en aftakeling nie, maar ook skepping, opstanding en ewigheid. Volkome bevryding word weerspieël in die gedig *Ek Vrees nie meer die Dood!*

Ek vrees nie meer die dood, en neem nou bly
en kragtig na my hand
die donker roeiers van die boot,
en in die skemering
staan ek en wag
bo swartheid van die land,
want hierdie Deining bring
my donker boot
na verre kimme van die dood.

Die bundel *Aardse Vlam* bevat 'n voortsetting van die digter se ewolusie-lewensbeeld. Die filosofiese gedagte wat saamhang met sy kosmiese gevoel word verder uitgewerk

in 'n aantal nuwe gedigte wat opgeneem is in sy *Versamelde Gedigte*. Hy hunker na die eenwording van sy tydelike bestaan „die aardse vlam,” met God, die Ewige Lig:

Dat ver U vuur se straling gaan
tot alles wegvloei in die vloed —
dan word ons eensaam mens-bestaan
'n transparente vlam en gloed.

Maar hy besef ook dat so 'n opgaan in die goddelike en ewige tydens die lewe onmoontlik is, want die onbekende, die dood wag:

En nou die tuimelrand van stilte en wag —
O siel, wat klapwiek in die enge dood
en hoop op straling van 'n nuwe dag,
tog donker aangestem is op die dood . . .

Die opvatting ontwikkel dat God 'n alomteenwoordige krag is, 'n Ewige Lig wat in kern reeds by die oerbegin in alle lewensvorme aanwesig is. Hierdie goddelike krag dring na volmaaktheid en daarom word dit voortgeplant in altyd nuwer vorme — die ewolusie opvatting. God is die kern en oorsaak van die hele vormgewende proses en daarom sal dit voortduur tot die volmaakte vorm bereik is. Die pyn en smart van die mens word daardeur veroorsaak dat sy vorm nog onvolmaak en nie in harmonie is met die goddelike in hom nie. Daarom vrees hy die dood en verval in vertwyfling:

Ek het soms droef gevrees as ek dan eindelijk moet
ligbewend teen die dood se vloed ingaan,
dan sal die wonder heldere drome in my bloed
uitgevlak in God se wyse see vergaan.

Nou het dit stil geword net soos met skemering
as in die hoë populiere aandrooi kom,
want wat in my gaan slaap, sal weer deur ander dring
tot die volmaaktheid van 'n uitgekeltke blom.

(Troos).

Die nuwe gedigte beklemtoon die verband van die mens tot God en die verband van die mens tot die natuur. Die mens staan as 'n nietigheid teenoor die groot kragte wat hom omring met God as die enigste middelpunt wat alles saambind. Die mens is 'n klein onderdeel van die groot kosmiese magte.

Met „God” word hier nie die tradisionele opvatting, God in die Calvinistiese sin, bedoel nie. God is ’n lewende en groeiende krag, die groot mag wat dwarsdeur die ewolusie gewerk het, wat die lewe gelei het na uiteindelijke vormgewing. Hierdie ontwikkeling hou nooit op nie, God word altyd groter en magtiger; Hy gebruik alleen die stof om Homself te verwerklik in die vorm. Vorme verval weer maar God gaan voort in die tyd en skep weer nuwe, meer volmaakte vorme:

Dit (die lewe self) sal ook eenmaal heen wees,
en ek sal gaan,
Gehoorsaam aan die ewige wil wat my laat leef het;
’n enkel mens, ’n eenling sal in die wandeling wegvlug
en uitgewis wees soos die sonlig elke aand. En tog
sal ek bly lewe,
verborge in God, wat alles skep, in alles bly, in
alles word.

In die gedig *Groei* openbaar Van den Heever sy drang na die mistiese. Na baie kringe van ontwikkelinge het die mens gestyg tot waar hy vandag staan; maar tot vandag toe weet hy nie waarom hy hier is nie. Uit die stryd tussen vorm (lewe) en chaos volg uiteindelik die ontwaking van begrip en dan die ontwaking van die Godsbefes en die gewete. Die Paradysverhaal is ’n stadium in die ontwikkeling van ewolusie:

Uit die chaos het hy tot ’n wese geryp
met die aarde se stem in sy bloed,
en sy gees het opeens met ’n skreeu gegryp
na God en sy vreeslike gloed.

(*Wording*).

Die digter soek na die verband tussen skepsel, stof en God. Sy ganse bestaan is ’n strewe, ’n stryd na helderheid en lig. Sal die aardse gebonde mens ooit daardie lig kan vind? Sal uit hierdie verskriklike proses — die wording en ontwikkeling — uiteindelik ’n verklaring kom vir wat lank gelede gebeur het en nou?

Die mens het lank gelede na ’n middelpunt in die chaos gesoek en daaraan die naam God gegee. Maar sy godsdiens het so verstar dat hy geen wysheid meer daaruit kon put nie. Tog dring stadig die eenvoudige waarheid tot hom deur dat:

God in alles word, in alles stroom —
In elke ding is Hy, Hy is die ding self.

(*Die Verheldering*).

Maar selfs by hierdie besef bly daar nog altyd die vrees en die angs vir die dood: vertwyfeling hang ewig oor die wêreld, bokant die harmonie. God het die mens geskape, Hy is die harmonie en ons is deel van Hom. Waarom is ons dan vervloek? Die volheid en heerlikheid van die aarde bruis deur sy bloed; waarom dan die dood? Soos 'n tier, met kop laag op die grond sy prooi agtervolg, diep in sy oë 'n onversadigbare drang en gloed, so sluip die dood gedurig nader . . .

En dan die besef: alle aardse dinge is deelagtig aan die dood. Ten spyte van gebondenheid leef daar in die mens die drang na bo, na vryheid en verlossing. Hy aanvaar die mistieke opvatting dat die wêreld 'n beweging is na volmaaktheid. Alle sintuiglike begrippe moet vernietig word om in die Al-lewe opgeneem te word. Alle dinge is in kringloop en kringloop, seisoen en seisoen verenig—verbind deur 'n haas onhoorbare musiek wat deur alles tril as ewige ritme en in God as hoogste ritme sy voltooiing vind:

U is die sanger en die helder sang,
U is die gees en ook die suiwer vorm,
U is die stroom en oorsprong van die stroom,
U is die heilige dromer en die droom!
U is die krag wat deur die donker wortels
vir eeue styg om eindelijk vrug te word.
Ahoeramazda, u is Een wat bly,
ook as die enigste lig wat vlam in my!

(Die priester buig voor Ahoeramazda).

Volgens Van den Heever bevat *Honderd Sonnette* die sterkste uitdrukking van sy lewensgevoel. Dit verteenwoordig 'n intense lewensaanvaarding en openbaar 'n groter kosmiese gevoel as sy vroeër verse. Ook daarin kom tot uiting die opvatting dat God 'n wêreldmag is, 'n kosmiese krag. Die grondslag daarvan is nie Calvinisties nie maar dit hang saam met die opvattinge wat in sommige van sy romans uitgebeeld is: opvattinge oor goed en kwaad. Die digter kom tot volkome aanvaarding deur geloof aan die goeie. Soms maak die verse 'n indruk van pessimisme, maar in werklikheid is dit nie so nie. Die hele ontwikkeling wat daarin tot uiting kom, kan ons bestempel as 'n proses van rypwording van die gees.

Die digter beklemtoon nogeens die mens se lyding as gevolg van sy verganklikheidsbesef, maar hy is nou dieper bewus van die onafwendbaarheid en onverbiddelikheid van sy „tydelike bestaan.” Daar is 'n groter mate van aan-

vaarding omdat die wetmatigheid in die natuur nie versteur mag word nie:

Dit is die wet wat nou vervul moet word
deur kringe waarin alles kom en gaan.
So stroom die waters na die seë aan,
so moet die more gou weer skemer word.
Die hoogtepunt is reeds herinnering
en deur die laat gras vaar 'n siddering.

Hierdie aanvaarding, die besef van die onvermydelikheid van sy aardsgebondenheid en die doelbewuste poging om die bitter probleem nie te vermy nie, oefen ook 'n regstreekse invloed uit op die vormgewing van sy gedigte. Baie van die dromerige en fantastiese wat eers kenmerkend van sy poësie was, slaan oor in 'n vastheid en hoekigheid wat dit as voldrae en ryp kuns bestempel. Reeds het dit tot hom deurgedring „dat God in alles word in alles stroom . . . ,” tog hunker hy daarna om God in 'n meer tasbare vorm te vind. En in die nag wanneer daar 'n hewige storm uitgewoed het, peins hy oor die duisterheid en onklarheid van die dinge. Maar by die aanblik van die wonder van nuwe lewe, wanneer die doodsheid van die winter plek maak vir kragtige groei en herrysenis, word ook sy eie lewe aangesas, alles is ewig, ondanks die dood:

Hoe ryk is nou ons lewe, vol verwagting,
die populier staan koolswart teen die maan,
en oor die landskap waai ou somers; smagting
na die opstanding gryp die sinne aan.
Die aarde is oud en tog ook ewig jonk,
in al wat sterwe, tril nog God se vonk.

(Lente).

Dat die mens in eensaamheid moet sterwe, bly 'n bitter gedagte. Op daardie skrikwekkende oomblik van oorgang staan hy werklik alleen. Hy is soos 'n gekwete dier deur die trop verlaat wat met wit oë om hom heen kyk as die jagter uit die bome verskyn:

hoe vrees hy nou die blink lem van sy slagter
en rek hom styf uit die eerste pyn!
Bewaar hom wat hier in die stryd gekwes
in angs lê wag op flikkering van die mes.

(Gekwes).

Die voorstelling van die vergaan van die wêreld soos uitgebeeld in die Duitse epos wek by hom gedagtes op oor die uiteindelijke lotsbestemming van die mens. Is daar 'n bestaan na die dood of beteken dit gehele verdwyning?

Wat het van al die siele geword van mense wat reeds dood is?

Waar is geslagte siele eindelijk heen?

Hoor ons nog soms hoe hulle roep en ween?

(Muspili).

Herinneringe uit sy jeug kom as antwoord op die kwelende vrae: die voorgeslag leef voort in die jeug. Hy dink aan sy oupa-grootjie wat in stil aanbidding op die lande gestaan het, sy hart vervul met 'n onbegryplike liefde. Hy het verdwyn, maar:

... noudat ek weer op die velde staan
waar hy sy dae end toe moes sien stroom,
weet ek dat hy in my nog leef en gaan
my wortels in die aarde soos 'n boom
en voel ek deur geslagte in my bloed
dat wat onsterflik is, my sal bly voed.

(Oupa-Grootjie).

In elke mens is daar nog die hunkering na die „verlore paradys.” Dit hang saam met die drang na onsterflikheid. Diep in die bewussyn skuil die wete dat slegs die liefde hulle droomverlangens tot verwesenliking kan bring;

... die ongerepte kon hulle nooit vergeet
en het die paradys van ver gesien,
in eensaaamte geween en tog geweet
hulle sal dit weer hervind deur saam te bou,
maar wat hulle pas besluit het, weer vergeet,
in ban van ewige misverstand gehou.
Al verder dwaal hulle van die eerste plek
en hoop God sal die droom weer in hulle wek.

(Adam en Eva).

Uiteindelik kom die digter tot bewuste aanvaarding van die lewenslot. Die geboorte van die mens is 'n wonder, omdat hy op daardie oomblik uit 'n ewige slaap gewek word en in hom die geheimenisse van 'n onsigbare wêreld dra. Hy lewe op hierdie aarde slegs as banneling en by sy dood keer hy weer terug na die onbekende waar sy oorsprong was. Die aardse verblyf is tydelik; sterwe beteken eenwording met die ewige:

En van die eerste oomblik af begin
ons reeds te sterwe, ons groei die lewe in,
maar wortel in die dood, en in ons skryp
die ingeslote droom, ons eerste wese.
Van dag tot dag net afskeid en dan pyn,
tot ons deur sterwe ontwaak, vir goed herrese.

De Gevarenis van Djooske Dekkers

Alle hout is geen timmerhout. Er zijn van die dingen, werkelijk gebeurd, die feller zijn dan de stoutste fantasie uitdenken kan; die, als men ze moest gedrukt te lezen krijgen, zouden aandoen als onwaarschijnlijk, aangedikt, uitgezocht, overdreven, — ze zijn te schoon om te gebruiken of te beschrijven.

Ik zit nu met zulk een geval.

Djooske Dekkers is een kort gestuikt, pezig oud ventje. Hij woont ginder vereenzaamd op de hoogte, heel alleen, in een huizekot dat op 't invallen staat, zonder mensch of beest, zonder boom of struik in den omtrek. Ik ben zeker dat hij zijn eigen naam vergeten is of nooit gekend heeft. Zijn vader was stroodekker en zoo is Djooske in den omgang bekend als Djooske Dekkers. De oudste van zeven, acht knoppers, al vroeg uit het nest geduwd om op zijn eigen den kost te gaan verdienen. En zoo is het heel zijn leven lang 't zelfde gebleven: hard werken voor de brokken.

Djooske heeft over de veertig keeren de campagne meegemaakt, gaan pikken naar Frankrijk, en hij zou het nog langer gedaan hebben, maar ze hebben Djooske ginder niet meer nodig: de pikmachienen doen het zonder hem.

Nu werkt hij als noodhulp hier en ginder bij de koeiboerkes en verricht er 't beulswerk. Met de spade staat hij nog zijn man tegen om 't even welken jonkheid. In den oogst pikt hij bij de boeren de vooreinden af. Want wie kan er nog pikken?

Als ik hem tegenkom houdt hij me staan met de vraag:
— Hoe oud zijde nu wel?

Djooske weet het; 't is maar een aanleiding om in den klap te komen. Djooske zelf is vooraan in de tachtig, en daar we omtrent van 't zelfde jaar zijn, geeft dit hem een zekere astrantie van betrouwelijkheid. Hij vraagt naar mijn lichaamlijken toestand en vermogens, en als ik mijn beklag doe geen zwaren arbeid meer te mogen verrichten, zonder dat 't naar mijn hoofd gaat, wijst Djooske met den vinger naar zijn hersenpan en zegt:

— Gij hebt met het hoofd gewerkt en dat verslijt meer dan werken met de handen.

Dan vertelt Djooske wat hij in zijn levensdagen heeft uitgericht en waartoe hij nog in staat is. Dat doet hij zonder beslag of er iets bijzonders van te maken.

— Mijn pruim en de flesch. Dat houdt een mensch recht, beweert hij. Djooske is een van de laatsten van het echte ras der taaie kampers, voor wie arbeid en werken iets is als ademen. Ze zijn op enkelen na uitgestorven en er komen geen nieuwe van dat soort meer bij.

Djooske is tevreden met zijn lot, opgewekt, onwetend van iets beters en nooit gedacht aan de mogelijkheid of verlangd naar geld of bezit — onbekommerd in de toekomst. Hetgeen hij wint moet effen aan op.

Tabak en genever. God scheidt de dag.

Als de voordeur van zijn kaveete openstaat is 't teeken dat Djooske thuis is. Maar dat komt zelden voor.

Als 't gebeurt dat ik langs daar op wandel ben, zal hij nooit laten mij binnen te roepen. Hij heeft geen aanspraak, doch niet gelijk met wie. Ge moet Djooske niet uitvragen over zijn doen en laten of hij wordt wantrouwig en blijft gesloten. Dingen uit zijn jong leven moet ge niet aanraken. Hij praat maar liever goed kome't uit. Zijn gedachten draaien in een engen kring; buiten 't geen hem persoonlijk overkomen is, heeft Djooske geen inzicht, — dat laat hij onverlet. Over zijn wijf, die sedert lang dood en vergeten is, over de lastige jaren van den kinderkweek, gebrek, armoede, tegenslag, praat hij niet — dat alles is 't gewone verloop van 't leven, dingen eigen aan werkmenschen. De jongens en dochters zijn getrouwd, weg. Dat ook is de gang van 't leven. Gelijk 't meerendeel bij oude menschen is Djooske egocentrisch geworden, en het blijft bij zijn persoon en bij zijn werk. Dat is zijn eenige liefhebberij geweest: werken, beter en harder dan de beste, en zonder sleet! Ik geloof niet dat hij een cent over heeft, en waarom ook? Een sjeekske en een borrel maken zijn rijkdom uit. Zonderling, ik heb Djooske nooit zat gezien, of is hij misschien doordronken?

Onlangs nu heb ik Djooske thuisgevonden, en zonder eenig inzicht bij hem binnengetrokken. Hij zat op den grond, te prutsen aan een pik. Er haperde iets aan den steel.

— Gespleten, zegde hij, ik moet er een staal draad omwinden. Dat ding heeft mij te veel dienste bewezen. Ik kan er niet van scheiden. Van de pikke zelf zijn er al eenige versleten en moeten vernieuwd worden, maar de steel, dat is nog altijd de eerste en dezelfde — die verslijt niet.

Als ik het nu niet met mijn oogen gezien had, zou ik

het niet kunnen gelooven en nog minder durven schrijven. Maar 't handvat van dien hardhouten steel, daar stonden de prentsels van vier vingers diep uitgehold, alsof ze er waren uitgesneden — het merkteeken van Djooskes greep, door het jarenlang gebruik. Het sloeg mij met verbazing . . . en eerbied, als voor een wonderheid — de hand van den werkmán die prent geslagen had in zijn gereedschap.

— Djooske jongen, dat is een merkwaardigheid, ge moest dat ding als een trofee hier aan de wand hangen en door iedereen laten bewonderen. Het hoort in een museum te komen als een rareiteit.

Djooske keek mij verwonderd aan, grijnslachte ongeloovig, wist niet wat ik bedoelde. Ik kon het hem met geen middels aan 't verstand brengen. Voor Djooske beteekende het een stuk alaaam dat goeden dienst heeft verricht en „gehand” was door het danig gebruik, en waaraan hij hield, als aan een oude kennis.

Het is misschien naar aanleiding van dat voorval te danken dat Djooske verder loskwam en aan 't vertellen ging.

— Ge moet weten, zegde hij, ik was maar twaalf jaar als ik den eersten keer ben meegetrokken met de bende om te pikken. Vroeger nog wel, maar dan was het om te binden. Preusch omdat ik de jongste was, en of ze me geplaagd en geduveld hebben, die groote loeders! Later was dan uit goed.

Ik hield me stil.

Het was meumelen dat hij deed, grommen, alsof hij bij zichzelf dingen uit een ver verleden ophaalde: tegenkomsten met boeren in Frankrijk, ruzie onder de makkers, drinkgelagen, vechtpartijen, tegenslag in 't werk, en thuisgekomen, mezerie van ander soort . . .

Het was intussen beginnen deemsteren en van Djooske zag ik nog enkel de zwarte schim tegen 't groezelig venster-raam. Hetgeen er uitkwam geleek een monologue intérieur. Ik geloof dat hij vergeten was dat er iemand naar hem te luisteren zat. Ik liet hem gaan en 't geen hij nu vertelde schrijf ik hier letterlijk over.

— . . . We waren dit jaar met twaalf pikkers en alles was goed verlopen. Hij noemde ze mij één voor één:

Kadul, Padde Verduyn, De Kwak, Titeka, Snoefel, Kleerik, Trekpot, Krakebeen, Paplammer en Ko Kluyte.

— We zaten in de keete vergaard, te kijken naar Ko Kluyte die met de rotte koorts (typhus) lag. En hij vroeg maar gedurig naar een geestelijke om te biechten. Geen pastoor uren in 't ronde, en 't was nacht, en waar een te

vinden die vlaamsch kon? Ko voelde dat het op een einde ging, dat hij op zijn reeuwstroom lag en het zou laten schieten. Hij vroeg noch naar wijf noch naar kinders; kermde en lag te zuchten. En al met een kwam het er uit: „Ik mag met mijn zonden d'eeuwigheid niet ingaan, recht naar d'helle . . . Djoos, gij moet mij helpen, gij moet mijn biecht hooren!” Biecht hooren, verdome, dat was al een wreed ding, en mag ik dat? Ko smeekte, sprak de schoonste woorden van de wereld, zoodat ik compassie kreeg en van den nood een deugd maakte. Also Ko daar nu mee te verhelpen was, moest ik er mij maar in schikken. „Toe, mannen,” zei ik, „allemaal buiten, Ko ligt op sterven en wil biechten.” Zoo gauw we alleen waren begon Ko een langen paternoster van zonden af te spinnen — er kwam geen eind aan, — het moet iets geweest zijn van al het kwaad dat hij in heel zijn leven misdaan had. Ik zat er bij te zweeten van angst en te wachten naar het einde. En in mijn alteratie heb ik niets onthouden van al 't geen Ko gebiecht heeft, want heel den tijd deed ik mijn best om niet te luisteren. Maar nu kwam het ergsté: ik kende geen woord Latijn en hoe moest ik nu die absolutie uitspreken waar alles aan gelegen was. Om hem maar gerust te stellen heb ik dan een groot kruisteeke gemaakt en plechtige de woorden uitgesproken: “Ko Kluyte, al uw zonden hebt gij met een rechte herte en met berouw gebiecht — ze zijn u alle vergeven; ge moogt op Gods genade betrouwen en alzoo de eeuwigheid binnengaan. In den naam des Vaders en des Zoons, en des Heiligen Geest, Amen!” Ik zat al zoo zeer in den schrik als Ko zelf en haastte mij de mannen weer binnen te roepen. We hebben dan samen de gebeden der stervenden gelezen en nog een paternoster op den koop toe. Ko heeft nog eenige uren met den rochel gelegen en tegen den morgen was hij naar pierland. Hij ligt ginder begraven. Als 't nu alles voorbij was, dan hebben de mannen met mij beginnen spotten en ze hebben mij niet anders meer genoemd dan paster Djoos. Ze wilden nu effen af allemaal hun biecht komen spreken; dat was uit zottigheid en de sloebbers. Dat was nog 't ergste niet, maar er blijft me nog altijd iets knagen dat ik uit mijn gedacht niet kan krijgen: of ik met die biecht Ko in den hemel heb geholpen of in d'helle verdoemd, en of ik mij met die biecht zelf geen doodzonde of heiligschennis op mijn geweten heb gehaald?

Djooske zweeg, alsof hij over het geval bleef zitten nadenken. Ik trachtte hem gerust te stellen in de overtuiging dat hij in nood een werk van bermhertigheid had gedaan

— hem van een plicht had gekweten, met een goed inzicht en die biecht in de oogen van God voorzeker geldig zou aanveerd worden.

Djooske heeft mij daarop geen antwoord gegeven, sprake-loos blijven zitten.

Intusschen was het geheel donker geworden. Ik ben in stilte vertrokken, al zoozeer onder den indruk als Djooske Dekkers zelf.

Dat is nu van dat soort beste, deugdelijk hout, maar niet geschikt om er mede te timmeren. Het is te schoon op zijn eigen. Er valt niets bij of af te doen.

Ik zou nooit vermoed hebben dat er bij Djooske gewetens-problemen mogelijk waren.

D. F. MALHERBE:

Nag By Die Kus

*Nag oor die wêreld, en die vloed
wit op in gleuf en skeur; verwoed
die hol slag van die branding-breuk,
stormram van ouds se donker beuk,
tot langsaam om die swart rots maai
'n sprankelende arm gelaai
met drag van onrus om te sluip
op in die sloep soos uit 'n kuip
die oorkookmos. Dis donkermaan,
en wyd die spoel en skuim en slaan
van waters uit die volkeresee,
half chaos, half gedwing, en wee
in klam geklots en bange slag,
in ruwe wentel van die nag,
die wee van rustelose roep
wat telkens stil word in die sloep
om weer mee in die vloedkabaal
luid op te styg. 'n Skaarse straal
van sterlig breek die hemelfloers.
Kom hierin ooit weer lig en koers?
Ek wonder of 'n son sal styg
om uit die oordaad blinde skuim
sy bande perlemoer te ryg,
sy vrede oor die volkereruim.
Nag oor die wêreld, en die vloed
se hol slag duur verwoed... verwoed...*

J. P. MALAN:

Smart

*„My man, wat het ons oudste tog gedoen
om dood te slaan ons tweede seun, sy broer?
Het God Hom dan nog nie met ons versoen
dat sonde om die hoeke na ons loer?“*

*„Ja, vrou, die sonde het ons diep verwond,
sy merk vir ewig in ons nagelaat
omdat ons twee verbreek het die verbond
en nou die vloek maai van ons bose daad.“*

*Met vloekmerk en verban in eensaamheid
het Kain koppig op sy koers gegaan
weg van Gods aangesig in donkerheid
tot in die vreemde Ooste, vervandaan.*

*Sal oor hom ooit die son van troos weer staar
in Godverlatenheid se swart gevaar?*

C. JACOBSZ:

Die Twee Bome

Die dorpie Monte Rosa lê in die voetrante van die Maloeties. Die pad daarheen sukkel oor klipriwwe en deur slaggate 'n steil nek uit, swaai dan effens links by die lokasie onder die kliprant verby en sak vinnig af na die dorp langs die spruit 'n myl of wat verder. As mens die nek oorkom, steek twee regop populierboompies eerste hulle toppe bo die kruin uit. Hulle vorm as 't ware die eerste hoekbaken van die lokasie: die tweede is die sandklippaal van die dorpshek. Tussen die twee is daar niks merkwaardigs nie; net maar die gewone roesemoes van sinkplate en soorie, hoenders en honde, bont komberse en vaal liggaampies wat niemand ooit sienende raaksien nie.

So het ek dit geken toe ek nog by my vader op die dorp skoolgegaan het en so het ek dit ver wag nou dat ek twintig jaar later vir die eerste keer weer soontoe op weg was.

Die boompies het vroeër voor my verskyn as wat ek ver wag het; hulle het oor die jare aangewas tot die middelpunt van 'n toneel wat my om die draai haastig die remme laat aanslaan het. Hulle het geword die trotse tweelingtoring van 'n kerkie wat met hulle en die rotswande agter hulle saamgesmelt het tot 'n onvergeetlike argitektoniese geheel. Hier móés mens stilhou. Keer op keer het my oë die weg gevolg vanaf die boog van die voorgewel opwaarts langs die bome en steeds opwaarts verby die rotsskouers van 'n diep kloof na die vergesig van 'n Maloetiespits wat my nog verder na die hoogtes gelei het: dan weer oor klip-sweetkranse en groen hellings terug na die rustige kerkhoffie.

Binne die klipmuur begin die deftige gestaltes van twee jong sipresboompies al wys dat daar eendag waardige opvolgers vir die populiere sal wees. Tussen hulle, soos 'n gelyk oase in daardie woestyn van steiltes, lê 'n vrolike bedding veldblomme met aan sy westekant 'n beskeie grafsteen vars uit die krans gekap.

Ek het nader gestap en met verbystering gelees: „Renier Lebesque” — niks meer nie. Nee, dié Renier Lebesque wat ek geken het sou nooit hier kon beland het nie, nog minder hier sy rus vind. Hy was deur en deur 'n stadsmens, 'n bouer van stede gedurende die troebel jare tussen die twee oorloë. Sy leerlinge het hom byna aanbid as meester van

die geometriese vorm, kunstenaar van die reguitlyn en selfbenoemde hoëpriester van die funksionele argitektuur. Hoeveel keer het hy nie aan ons studente verkondig nie dat die boukuns aan die voorpunt van ons ewolusie moet loop en as sodanig die simbool van ons verset teen die natuur moet wees. Met die Darwinse ‚behoud van die geskikste‘ as slagspreuk het hy ons met sy vurige Vlaams besiel om die argitektuur as wapen teen die natuur in die hand te neem en dit te maak tot teken van die mens se bevryding en van sy heerskappy. Elk van sy talle prysontwerpe in die hoofstede van Europa was ’n natuurverpletterende altaar van hierdie kultus.

En nou hierdie kerkie? Blykbaar nog nie vyf jaar oud nie tog lyk dit asof dit mét die berge daar geskape is om elke lente en herfs deur die eeue heen saam met die kloue en kranse te verkleur. Dit lyk skaars na die werk van mensehande, wat nog van ’n argitek soos hy. Die mure is ongelyk, nêrens is daar ’n reguit lyn nie en niks is waterpas nie. Die gewelboë is onsimmetries, die ingang te groot en die grasdak hobbelrig: daar is nie één detail waaraan daar nie iets skeel nie. Maar die geheel is volmaak; ’n heilige plek waar die koel skaduweespel mens deur die halfhoop deure roep tot nederige aanbidding van die Skepper.

Die kerkhofhek klap agter my toe. ’n Ou Basoeto in die drag van ’n evangelis bekyk my skerp terwyl hy nader stap. Toe herken ons mekaar: dit is Willem Rasoroka wat in my skooldae al „Ou Willem” was, onderwyser aan die lokasieskooltjie. Ek het so te sê voor hom grootgeword want hy het my vader as sy senior kollega by wie hy tydig en ontydig kon aanklop, beskou.

Die groetery en uitvraery het seker ’n kwartier of meer geduur voordat die gesprek heel natuurlik na die kerkie en die graf hier voor ons gedwaal het.

„En hierdie graf,” vra ek, „hoekom is hier dan ’n witsmens by julle kerk begrawe?” Die ou buig sy hoof eerbiedig: „Dit is baas Liebeek,” sê hy, „ons bruin mense het gevra dat hy hier moet slaap en die baas magistraat het gesê dit is goed. Ons is bly.”

„Maar vertel dan vir my.”

„Nee, kom my basie, kom ons gaan hier na my huis toe dan kan aia Rasibi vir ons koffie maak en dan vertel ek my basie.”

Dit was weer ’n groetery van voor af. Nadat kinders, kleinkinders en skoonkinders kennis gemaak het was die koffie ook daar en ou Willem het begin vertel.

„Baas Hendrik, dit was toe daar met die kerke hier

moeilikheid gekom het oor die skoolkamer, toe het die Meroetie vir my 'n boek gegee en gesê: „Loop hier by julle mense en by die witmense en vra vir hulle geld en laat ons hier 'n kerk bou.’ Die Meroetie het na die Munisipaal gegaan en het hierdie grond wat ver van die dorp lê en wat steil is, gevra en dit gekry vir die kerk. Ek ook, ek het baie geloop. Dit was slegte jare en die mense het swaar gekry maar hulle harte was sag en hulle het gegee. Ek het in die dorp ook geloop maar daar by baas Liebeek was ek bang. Dié baas het nog nie lank hier gewoon nie, daar in die laaste huis in die koelte van die berg. Hy het nooit saam met die ander mense geloop nie, net alleen gebly. Magisela Kekana, wat by die hotel geleer het om te kook, het hom opgepas. Magisela het vertel hoe die baas baie drink, dan speel hy op die klavier, dan maak hy prente van groot huise en skeur hulle weer stukkend en vloek met 'n vreemde taal en drink tot hy bly lê. Maar hy lê ook nie lank nie dan vang die hoes hom en hy hoes en hoes tot die bloed kom. Die baas was baie siek.

Ek was bang, maar die Here het gesê ek moet loop. Au, Basie, die baas was kwaai: hy het in my boek gelees van die kerk en my met die boek gegooi en gejaag met die bottel in sy hand tot by die hek.

Dit was Maandag. Vrydag kom Magisela sê sy baas roep vir my. Ek het gegaan. „Waar wil jy jou kerk bou?’ het hy gevra. Ek wil nog sê maar die baas roep vir Magisela. Magisela het die motorkar gebring en met ons gery hier na die nek en ek het hom gewys. Die baas het vir my en vir Magisela daar weggejaag en hy het daar gebly. Magisela het hom gaan haal toe ons die koeie al klaar gemelk het. Die ander dag het hy hom weer gebring. Die baas het daar rondgeloop, orals, tot bo op die nek. Vier weke lank het hy elke dag gekom en as dit donker is dan gaan die kinders soontoe en kry 'n leë bottel om te verkoop. Die bottel was altyd net daar waar basie stilgehou het, daar waar die mense nou altyd uitdraai om na die kerk te kyk. Maar één aand het die kinders nie huis toe gekom nie en toe ons hulle soek, kry ons hulle dronk in die pad: die bottel wat hulle gekry het was nog vol brandewyn gewees.

En die ander dag het baas Liebeek my laat roep. Hy het my na die stoepkamer gevat; daar was baie papiere en teen die mure was prente wat baas Liebeek gemaak het. Eén was net twee bome, één was die kloof agter die twee bome met die twee kranse voor soos hekpale en dan was daar nog één van die groot berg met die kloof voor en heel onder die twee bome en by die bome die kerk soos dit

vandag is. Niemand het daardie prente weer gesien nie: dit was ook nie nodig nie — hulle is hier by ons.

Die baas het ook nie meer kwaai gepraat nie en ek kon hom verstaan, hy praat net soos die Boeremense. Hy sê ek moet by die stoel kniel en vir die Here bid dat Hy vir ons 'n man moet stuur om die kerk te bou en dat Hy hom moet leer wat Hy wil hê. Ek het so gemaak en die baas het ook saam gebid maar wat 'n mens met die Here praat is nie om te vertel nie. Maar later, as my mense partykeer parmantig geword het, het ek hulle harte stil gemaak en gesê ek het gehoor hoe die baas gebid het en ek weet die Here het ook met die baas gepraat.

Daardie week het ons begin bou. Baas Liebeek het gevra vir vyf manne en nog twee jong manne. Eers het hy gaan wys waar om klippe te breek — daar om die draai in die kloof. Eén man en 'n piekenien het hom gehelp om te meet. Ons het nooit so iets geken nie. Die baas was te siek om te loop; hy sit daar en sê vir Hermaans hoe hy moet tree en waar hy moet vlae steek. Dan kyk baas Renier daar van die nek af en die vlae moet weer versit word. Daardie mure is nie winkelhaak nie, my basie, maar hulle is so gemeet. Ons het begin messel. Maar nie soos ander mense nie. Nee, die baas het daar gesit op 'n gras stoel en elke klip is uitgesoek, sy vorm en sy kleur, en hy het gewys hoe hy gekap moet word en hoe hy moet lê. Ons het meer afgebreek as wat ons gebou het. Party dae is die baas siek, dan ry ons maar klippe aan. Nie één klip word gelê sonder dat hy sê nie.

Met die voorste gewel het moeilikheid gekom. Baas Renier was met niks tevrede nie: dit is afbreek, opbou, afbreek, opbou. Dan gaan hy na die nek toe en hy is nie tevrede nie. Eén middag het hy die hele middag gesit en kyk en hy het sy gesig in sy hande gevat. Toe was hy twee dae siek — maar toe Magisela vertel hy is nie siek nie, dit is die brandewyn, toe bou ons die gewel self klaar. Dit was verniet! Die baas het teruggekom en ek moes met die manne praat om dit af te breek. Ons het dit gebou soos hy gesê het. Hy het ook nie meer met die brandewyn by die huis gebly nie, net met die hoes.

My basie, daar het twee vragte hout gekom uit die Kolonie uit — au, dit was taai hout. Baas Renier het ons gewys: ons het die deure en vensters en banke self gemaak en die preekstoel en al die goed. Alles het hy ons gewys — die ysters en skarniere en hoe om hulle swart te maak — alles.

Net by die muur agter die Nagmaaltafel het hy nie alleen

gepraat nie. Hy het gery na Ramolokwani, die kwaai ou vrou wat in die mooi stroois daar onder die rooi krans woon en hulle het lank saam gepraat. Sy het gekom met haar dogter Mogajetsi en Sebolaisja en haar skoondogter Ramokane. Die manne het die muur grof gepleister en die vroue het dit gesmeer. Toe het Ramolokwani met rooiklip en wit- en blouklei daarop geverf soos ons vroue geleer het. Al die tyd het die kinders van die skool mooi klippies gesoek in die berg en in die spruit. Toe het baas Liebeek hulle gewys om 'n stuk pleister so groot soos my hand weg te kap, dan pleister hulle weer met sement en pas gou die klippies in soos Ramolokwani sê. Dit was vreeslik, my basie. Die jong vroue het by my kom huil, hulle sê die ou maak hulle dood; nooit is hulle werk goed nie en hy raas net. Dan moet ek maar weer met hulle mooi praat: met die oue durf ek nie praat nie. Maar dit het ook klaar gekom en toe die muur klaar geskrop was, was die oue se hart bly en sy het haar dogters gesoen en gehuil. Ons het nooit geweet die oue kan huil nie. Vandag, as die son deur die groot venster daarop skyn, dan is dit die bos wat brand waar die Here met Moses gepraat het.

Baie mense het ons kom help. As die base so met die pad ry, hou hulle daar bo stil en stuur 'n piekkenien met geld vir die kerk. Ons het niks kortgekome nie.

Daardie jaar met die eerste ryp was die kerk klaar. Ons het hom nie heeltemal verstaan nie. Dit was 'n nuwe kerk maar hy was oud; hy was verkeerd gebou maar hy was reg. Eers was ons maar net bly dat ons 'n kerk het en toe één dag was dit ons Huis. Sondagmiddag na die diens sit ons manne tot sonder en gesels daar op die gras. Basie moet hoor as ou Jakob wat by die meul werk met sy groot stem daar sing en die jong vroue sing beurt met hom. Dan sing die mure saam en in die aand sing die kranse en die kloof ook saam. Nou het ons die kerk lief.

Baas Liebeek het nog baie kom kyk. Magisela het hom gebring tot by die uitdraaiplek en partykeer tot by die hek. Dan gaan die baas binne en hy bly lank weg.

Daardie winter was baie kwaai. Drie keer het dit gekapok. Elke slag het die baas gekom en lank gekyk en elke slag was hy baie siek daarna. Die laaste keer het hy nie weer opgestaan nie en die sneeu het nog gelê toe die Meroetie hom hier begrawe het.

Ons kinders weet van hierdie dinge en hulle sal vir hulle kinders ook vertel hoe die Here ons kerk gebou het."

ANDRÉ DEMÈDTS:

Voor Hilde

*In de dagen van mijn diepste verslagenheid,
toen het mij 's avonds onverschillig liet,
of ik 's morgens nog wakker zou worden,
liep zij met mij naar het bos.
Ouder dan vier was zij toen niet
en haar handje in mijn hand,
liet mijn leven niet los.*

*Spraken wij reeds met elkander?
Ik geloof dat wij gesprekken voerden
over roodkapje en de wolf,
over een prinses met gouden haar,
over de kabouters in het kreupelhout,
die ons volgden en alles afloerden,
en toen ons gesprek ten einde was,
als dieren die ziek zijn,
gelaten, verlaten en koud,
lagen wij dicht bij elkaar,
want het plekje was klein
waar de zonneschijn scheen op het gras.*

*Haar hoofdje zonk op mijn borst
en mijn hart klopte tegen haar hoofd;
soms stel ik mij voor, als alles voorbij zal zijn,
ik bedoel, als mijn leven is uitgedoofd,
zal zij niet vanachter, onder deur haar,
iets voelen bewegen, als een ader die klopt,
zoals in de tijd toen zij lag
met haar hoofdje op mijn borst,
en ik lag met mijn hart onder haar?*

*Kan ik mij van haar verwijderen,
in wat tijd of eeuwigheid heet?
Het gaat alles te niet, maar ik ben trouw,
meer is er niet wat ik weet.
Als zij dan later van iemand houdt,
als meisje en onthuilende vrouw,
als zij moeder wordt en bezig is
met eten te koken of bedden opmaakt,
terwijl zij altijd maar denkt
hoe zij het moet doen om anderen*

*gelukkig te maken, zal ik gewis
bij haar zijn en al het gewin van mijn leven,
al het geluk waarvoor ik nu vecht,
om er zoveel te verzamelen als het maar kan,
al dat geluk zal ik haar geven,
zodat zij het nooit allemaal
meer wegschenken kan aan een man,
aan een zoon, aan een kind,
om het even aan wie zij meer
dan zichzelf bemint.*

*Nog lopen wij soms naar het bos,
aan het zonnige plekje voorbij;
dan kijk ik naar haar
en zij kijkt naar mij,
onze handen omvatten elkaar.*

Uit Die Newels

O pelgrim uit die newelland
Agter die donker maan,
Ek soek 'n man met silwere hand:
O sê my, kom hy al aan?

Vertel my eers, vertel my eers,
Hoe ek dié een moet ken?
Daar is baie verby wat gaan, wat kom,
Om die pelgrimseën te wen!

Sy hare is bo wit soos manelig,
Sy oë soos 'n ster
Wat skitter in die fluweel van nag,
Oncindig sag en ver.

In 'n leersak aan sy gordel
Hang daar 'n towenaarsteen:
Sê my, pelgrim uit die noorde,
Ken jy só 'n een?

Ja, so 'n een het ek, o maagd,
Deur die nag sien gaan:
Met 'n septer raak hy oë
Van die krankes aan.

Sy voete snel soos die wind met hom
Op vlerke, geel, wit en blou;
Twee geel slange kronkel rondom
Die staaf in sy hand gehou.

Ag, is so 'n silwerblonde ene
Jou nie onbekend?
Hy was my vreugde, hy alleen,
En aan my siel bekend!

In die donker maan se pad,
Oor die sterrebrug,
Soek ek na sy spore wat
Voor die son uit vlug.

Pelgrim, in die wye nag
Is èensaamheid my vrees;
My liefde wat croeër vertroosting was,
Moet nou my wanhoop wees.

Waarom het hy wat jou liefde was,
In 'n nuwe pad gegaan?
Vir jou, wat sy hart se blydschap was,
Onbekend, alléén, laat staan?

Sodat jy onder die rollende hemel
Op jou eentjie die koers moet vind,
Jou kettings opneem, en jou kop
Geboë moet hou teen die wind?

Hy het my op sy hart laat rus,
En vir sy eie bemin:
O magtig sy hand en teer sy kus!
Wat kan ek sonder hom begin?

Een nag, toe ek aan slaap kon rus,
Veilig op sy bors,
Droom ek dat ek koorsig is,
En vergaan van dors!

My droom was van 'n gesluiserde vrou
Met 'n rimpelhand wat wink;
Deur newelskadus het oë blou
Soos maanlig op water geblink!

Toe skrik ek op, en voel iets lê
Soos 'n vuurkool in my bors aan die brand:
Hy's weg, gevleuelde spore lê
Aan die vervaag op die sand.

Baie het ek al teëgekóm:
Hulle groet my, een vir een;
Niemand het sy maat by hom,
Elkeen loop alleen!

En elkeen verlang na die pelgrimspad
Oor sy porsie hom bitter moes smaak:
Wat is die vlam in jou are wat
Jou lewe tot gal kon maak?

Dis die pyn van liefde wat my deurdring,
Ewig in my bloed aan brand,
My voortdryf, krank van hunkering
Na die man met die silwer hand!

O meisie, liefde is 'n vlam, vanuit
Die siel se dieptes aan gloei,
'n Blom wat hom tot die hemel ontsluit,
Op 'n ewige water aan bloei!

Waar sterspore kruis oor die son se pad,
Vloei newels uit die brekende dag:
O maagd, soek dáár die gesluiserde wat
In die donker van die maan op jou wag!

M. S. DU BUSON:

Die Onsterflikheidsdrang in die Afrikaanse Digkuns

Die dors na menslike ewigheid in alle groot poësie is 'n lewende bewys van die onsterflikheid van die mens. Die gees hunger na 'n verlore, maar nooit-vergete land van Herkoms agter die metafisiese kim. Poësie is 'n skeppende wil om ons verganklikheid te oorstyg in die Ewige. Geloof en poësie is beide 'n antwoord op die lewensraaisel. Geloof gee ons die antwoord van God, poësie bly steeds die antwoord van die mens. Die ewigheidsdrang in die kuns is 'n kreet om verlossing uit die menslike beperking en 'n halsreiking na 'n verlore grootheid.

Die skeppingsdrang by die digter is 'n voortdurende drang na die Volmaakte. Daar is geen element in die kosmos, geen diepte, geen hoogte, geen see, geen son, geen sterrehemel, waarin die digterlike verlange na die Onbeperkte hom nie wil verhef nie. Elke grens word 'n pyn vir hom wat die oneindige wil omvat. Hierdie drange van die "*Heimatlose Seele*", soos Hölderlin dit noem, openbaar die misterie wat sluimer in die dieptes van ons onvolkome wese — siele in stof gevang, tastend en starend na die groot Onbekende om daar ons bestemming te vind. Die sigbare universum is vir die digtersgees te eng, die wrange bewussyn van die lewe se vervloeiende leegheid klink ná in die lied van alle metafisiese digters.

In hierdie bewussyn ontwaak telkens weer by die digter die sluimerende ewigheidsdrif. Dit brand in sy dors na waarheid, in sy hunkering na volkomenheid. En steeds is hy gedoem om in elke liefde 'n tekort te voel, in elke vreugde 'n weemoed, in elke genot 'n verveling, in elke verworwene 'n onrus.

Die ewigheidsdrang word verklaar deurdat die individualiteit van die menslike persoon 'n grotere self, 'n ewige siel in hom opgesluit hou wat ook na die natuurlike dood in sekere vorme as persoonlike openbaringswyse van God bly bestaan. In hierdie betekenis besit die dood hoofsaaklik betekenis as bevryding. Die mense se waarnemingsvermoë in hierdie tydruimtelike begrensing is benewel; as die newel voor sy geestesoog verwyder kan word, sou hy volgens

William Blake in elke ding die oneindige ervaar, volgens Spinoza die vrye, volgens Van Eyck die skone en volgens Paulus die nuwe mens.

Die ontwikkeling van die gees om tot die hoogste te kom, hou in 'n toenemende suiwering van ons innerlike gesindheid deur die verhelderende begrip van die wêreld as skone openbaringswyse van God. Dit beteken dus 'n strewe na selfvervolmaking, 'n bevrediging van die siel, 'n ont-waking van die vermoë om vir 'n enkele oomblik die ewigheid in die tyd te bestendig. Vir Blake was hierdie lewe in die tyd 'n loutere deurgang vanaf die ewigheid na die ewigheid. Die onsterflikheid was vir hom die aksioma van sy hele geloof. Die dood was slegs die vrylating van die gees uit sy vleeslike bande. Vir Blake en vir die meeste metafisiese digters bestaan die onsterflikheidsdrang in die loswikkeling uit die stoflike. Rilke het die onsterflikheid soms aangegryp, soms belewe, soms op 'n afstand daar-teenoor gestaan, soms daarmee geworstel. Hy was voort-durend voorberei vir daardie groot oomblikke wanneer die ewigheid in die tyd waargeneem kan word, oomblikke wanneer die ware tuiste onthul word aan die mens, hierdie reisigers-op-vertrek wat vir altyd afskeid neem. Dan neem hy die ope wêreld waar waarin geen tyd, geen verlede, geen toekoms, geen einde, geen beperking, geen skeiding, geen dood as die teengestelde van die lewe waargeneem word nie. Dan word die eindige tegelyk die oneindige, die tydelike die ewige, want is die teenwoordige, die *hier* en die *nou*, nie maar slegs die ewige hede, die ewigheid, die oneindigheid self nie? Dit bely Rilke in sy Negende Elegie.

Hierdie ewigheidsdrang kom in die Afrikaanse digkuns op verrassende wyse tot uitdrukking. Die geloof in die persoonlike onsterflikheid bring 'n Jan Celliers nader aan sy God — dit plaas hom in 'n bo-tydelike verhouding of God. Skrynende weemoed in die konsentrasiekamp word verhelder in die sekerheid van die opstanding en die lewe hierna. Agter die grou kimme van die dood verrys die ewigheidsdag. Die dood is 'n deurgang tot die Ewige lewe, waar persoonlike onsterflikheid in Christus verwerf word.

Vir Totius is “die wêreld (nie) ons woning nie”. Sy gedigte handel grootliks oor 'n wêreld wat buite die sig-bare, buite die ervaarbare werklikheid geleë is. Hierdie tydruimtelike plek van ons inwoning moet deurreis word na die doelwit: die On sienlike. Die oneindige is sy bestem-ming; trouens hy is meer begaan oor die ewige verlede waarvandaan hy kom en die ewige toekoms waarheen hy gaan as oor die bestaan-in-die-tyd. Sy verse is grootliks 'n

vergelyding in die toekoms, die oorskryding van die lewenskim en die wegdeining in die Anderkantse. Die digter het 'n onwrikbare geloof in die "herrysenis" van die gestorwe wese. Soos die Gereformeerde geloofsbelijdenis dit bewoord, glo hy aan die "weeropstanding van die vlees". Aan die aand van sy lewe sal die geheim van die lewe na die dood opgeklar word wanneer hy die donker poort sal binnegaan. God is die Vader wat hom "tuis" sal verwelkom, wanneer hy, moeg van die aardse stryd waar "geen rusplek vir sy voet" was nie, terugkeer na die ark. God sal hom in Sy ewige arms opvang. Al sy werke weerspieël die gedagte aan die "opstanding", die "ontwaking", die "herrysenis", woorde wat sy onwrikbare geloof in die Hiernamaals, die Opstandingsdag en die Ewige Lewe met Christus weergee.

Die koringkorrel moet eers sterwe om lewe te kan voortbring; die mens moet deur die donker poort gaan om die Lewe Anderkant deelagtig te word; Christus moes aan die kruis sterf om die Ewige Lewe vir die gelowiges te verwerf — dit is die inhoud van Totius se beskouing van die wese van die onsterflikheid. Hierdie Land aan die Anderkant wanneer ons oor die "gindse kim" sal vaar, is die eintlike Tuisland vir die wese mens, hy wat hier nooit tuis is nie, "heimatlos" in hierdie "wêreld (wat) nie ons woning" is nie, hier waar alle vlees gras is.

Leipoldt se onsterflikheidsgedagtes word hoofsaaklik in die lig van sy mistieke, Oosterse geloofsbelijdenis uiteengesit. In *Ek wag hom in my kamer* en later in *Die bergtragedie* is die onsterflikheidsidee uitgebou in die lig van die Boeddhistiese leer van die Bardo-Thokol en van die Nirvana. Persoonlike onsterflikheid, die voortbestaan van die bewussynslewe, is vir die digter 'n ontsettende moontlikheid. Wat ook al sy worstelinge, sy vrae, sy geestesonrus, ons moet uit sy werke konkludeer dat Leipoldt onwrikbaar aan 'n Hiernamaals anderkant die dood geglo het. Leipoldt sou die dood onbevrees tegemoet gaan omdat dit 'n noodwendigheid was waardeur die Ek-siel eindelijk volstrek opgeneem kan word in die Al-siel.

Aanvanklik is die ewigheidsdrang van C. M. van den Heever 'n verbysterende vraagstuk waarvoor hy geen oplossing kan vind nie. Hy vra: "Wie glo nog aan 'n lewe na die dood?" Die Calvinistiese leer meld van 'n opstanding na die dood, maar vir die digter vir wie nog geen oplossing gedag het nie, is dit ontstellend om as verdoemde in die ballingskap van die aarde te verdwyn. Dan word die doodsangs deur die skoonheid en die kuns verdryf: ná die aardse bestaan kom die herrysenis, die ewigheid. Die mens,

verbonde aan die lewe, met sy hartstog, is tog “dorstig van oneindigheid”.

In sy godsbegrip lê die aanvaarding van die oneindigheid vir Van den Heever opgesluit. Soos die wording in alles opgesluit lê, is die ewigheid in hom verborge. Die ewigheid is deel van hom: dit begin vloei deur die hede in hom na die einde — so word die Volmaakte genader. As die doodsvallei betree word, is hy bewus van die “mitsein” van die dood van die geboorte af tot by die sterwe, maar die dood is magteloos teenoor die Ewige Orde waarin die mens dan opgeneem word. Die ewigheidsverlange word in Van den Heever se poësie, onder invloed van sy kosmies-panteïstiese beskouings, deel van sy godsbesef. Hy bestaan in God, hy groei in God en besit onsterflikheid as gevolg van sy vonkwees in die Groot Lig: “Ek sal lewe. Ewig. Want God wat deur ons self bestaan, vernietig niks.”

W. E. G. Louw se ewigheidsdrang is deel van sy spanningsverhouding tot God waar hy worstel om God te vind. Die ewigheid waarin God woon, is bo die kringe en spieëlins van die kosmos verhewe. Hy voel in hom die “na-dors na die ewigheid” brand. Die ewigheidsverlange wel in hom op, nie hartstoggelaai nie, maar rustig, asof met voldrae sekerheid; en hierdie sekerheid dien as ’n vastrapplek

vir my en jou

waarlangs ons opklim deur die wye jare.

D. J. Opperman se ewigheidsdrang soos dit in sy poësie tot uiting kom, is nie soortgelyk aan die Bybelse onsterflikheidsgeloof waar die onsterflikheid van die siel bely word op grond van die Skrifgegewe nie. In die Bybelse geloof besit die mens nie ’n hiernamaalse lewe uit eie aard omdat hy ’n onverganklike substansie besit nie. Los van God gesien, gaan die mens dood soos ’n dier of ’n plant en niks bly van hom oor nie. Die mens leef hiernamaals alleen omdat dit God behaag om die menslike sterflikheid met Goddelike onsterflikheid te beklee; en God doen dit wanneer en soos dit hom behaag. Die lewe hiernamaals is geloof en hoop aan die kant van die mens en belofte aan die kant van God. Hierdie onsterflikheidsgeloof staan en val by die Skrifgronde. Dit is nie die wese van die ewigheidsdrang by Opperman nie.

Die rasideel herhaalde keuse vir die ewigheid kom voortdurend voor in *Negester oor Ninevé*. Die ontreding van die ewigheidsdrang in die stadsbestaan benou die digter. Deur geboorte te gee aan die dinge, word ’n ewigheidsdaad verrig, word aan die Ewigheid, wat God is,

geboorte gegee. Vrees, angs en skuld neem besit van die digter by die gedagte dat die mens nie meer die ewigheidsdaad verrig nie, dat die *tyd* losgemaak word van die *ewigheid*, waardeur die *tyd* sy sin verloor. Die mens as voortplanter van die lewe is 'n ewigheidsweise, hy transendeer homself, nie slegs as 'n liggaamlike synde nie, maar ook as 'n moontlikheids- en 'n magtigheidsweise (*Moederstad*).

Die ganse worsteling om God by Ina Rousseau is 'n hunkering om die verskeurde paradyslike eenheid weer te herstel. Haar soeke en heimwee na die Paradys word gedra deur haar onsterflikheidsdrang. Sy bid om in die oneindigheid van God opgeneem te word. *Tabita* soek na die "uitgang" uit hierdie tydruimtelike bestaan, sy soek na die deur tot daardie oord van vreugde waar die onsterflikheid by God in Sy Paradys te vind is.

Die hele *Duine*-reeks van D. F. Malherbe vertolk 'n ewigheidsbesef en oneindigheidsverlange, 'n hunkering na die seegeruis anderkant die duinetoppe. Christus as die Opgestane sal as Middelaar intree vir elke sondaar wat uit die "agterland" met sy wonde in die Hiernamaals aanland.

By I. D. du Plessis oorheers die ewigheidsdrang; met 'n fanatieke oorgawe poog die digter om sy dors na die Onsigbare te les.

Die ekstase wat elke nuwe geboorte aan die moeder bring, strek vir Elisabeth Eybers oneindig hoër as die tydelike en die sigbare; dit is die essensie van 'n onverganklike ewigheidsbestaan.

Die ewigheidsdrang by Ernst van Heerden noodsaak hom om die tydeloosheid vas te gryp: die tyd self moet tydeloos gemaak word. Die web-van-die-tyd mag nie lei tot die web-van-die-dood nie.

Hierdie transenderende digters lewe op hierdie wêreld in die spanning van eindigheid en oneindigheid. Lewe en poësie is vir hulle 'n groeiproses, 'n worsteling om die eie „vol-einding”, 'n onvoltooibare en bestendige *word*. In die ontologie van die mens is die moontlikheid van 'n hoër ewige Syn opgesluit, in die tyd die Ewigheid. Die ewigheidsdrif styg op vleuels na die Transendente, die Bo-tydelike, die Bo-ruimtelike; dit word 'n roekelose waagtog uit die omringende betreklike na die Absolute, 'n worsteling om die menslik-begrensde te ontstyg.

YVONNE GARSON:

'n Uitgesoekte Bibliografie—
C. M. van den Heever
1902-1957

BRONNELYS

- JOHANNESBURG PUBLIC LIBRARY. Index to South African Periodicals. 1940-1957.
JOHANNESBURGSE OPENBARE BIBLIOTEEK. Register van Afrikaanse poësie. Pretoria, Van Schaik, 1957.
NIENABER, P. J. Bibliografie van Afrikaanse boeke. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1943-1953.
NIENABER, P. J. Bronnegids by die studie van die Afrikaanse taal en letterkunde, deel I-IIID. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1947-1956.
PRETORIA. Staatsbiblioteek. Kopieregbyvoegings, 1952-1957. Suid-Afrikaanse Katalogus, 1900-1950.
Afr. Skrywer. Jbk. — Afrikaanse Skrywerskring Jaarboek.
Bondg. — Die Bondgenoot.
Br. — Die Brandwag.
British Annual of literature. Bulletin.
B. — Die Burger.
Fleur (byvoegsel by „Dagbreek“). Forum.
Helikon.
H.A. — Hertzog-Annale.
Horison.
Hg. — Die Huisgenoot.
Kr.S.blad — Kristelike Skoolblad.
Lan. — Lantern.
Na. — NawEEKpos.
N.br. — Nuwe Brandwag (1929-1933).
O.blad. — Onderwysblad.
O.E.B. — Ons eie boek.
O.T. — Ons Tydskrif.
Opw. Wegen. — Opwaartse Wegen.
Outspan.
Staatsamp. — Die Staatsamptenaar.
S. punte — Standpunte.
S. — Die Suiderstem.
T. — Die Transvaler.

- Tg. — Die Taalgenoot.
Trans-Afrika.
Ts.L. — Tydskrif vir Letterkunde.
T.V.V. — Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal.
T.W.K. — Tydskrif vir Wetenskap en Kuns.
Vad. — Die Vaderland.
V.blad. — Die Volksblad.
V.stem. — Die Volkstem.
Voorl. — Voorligter.
Yskor Nuus.

AFKORTINGS

- Afr. pers — Afrikaanse Pers-Boekhandel.
Bl. — bladsy(e).
C.N.A. — Central News Agency.
Illus. — illustrasie(s).
Nas. pers — Nasionale Pers.
No. — nommer.
Port. — portret(te).
Red.(s) — redakteur(s).
Sk. — Skuilnaam.
V. — volume(s).

[Onnoukeurighede wat in die bibliografie verskyn is hoofsaaklik te wyte aan die onvolledigheid en onbeskikbaarheid van stelle koerante en tydskrifte, asook deurdat aflewering van tydskrifte soms foutief genummer is.

Die lys is in sewe vormafdelings gegroepeer, en die rangskikking binne elke groep is alfabeties.

My dank aan almal wat behulpsaam was met die samestelling.]

DEEL I.

LETTERKUNDIGE WERKE

1. Romans en Nouvelles
Anderkant die berge. Johannesburg, Afr. pers, 1944. 390 bl.
Dirk se oorwinning. Johannesburg, Afr. pers, 1953. 267 bl.
Droogte. Pretoria, van Schaik, 1930. 216 bl.
--- 2de druk 1932.

- 3de „ 1935.
 --- 4de „ 1936.
 --- 5de „ 1939.
 --- 6de „ 1941.
 --- Hoofstukke XIII, XIV, XV,
 XVI en XIX van „Droogte”
 (5de druk) in „Afrikaans ver-
 halend proza.” Amsterdam,
 Elsevier, 1953. bl. 155-177.
 Gister. Bloemfontein, Nas. pers,
 1941. 381 bl.
 --- 2de druk 1943.
 Groei. Pretoria, van Schaik, 1933.
 268 bl.
 --- 2de druk 1938.
 --- 3de „ 1949.
 Die held. Johannesburg, Afr. pers,
 1948. 403 bl.
 Kringloop van die winde: drie no-
 velles. Johannesburg, Afr. pers,
 1945. 299 bl.
 Inhoud: Dael se afskeid.
 Vyand.
 Die ontwaking van
 Jacques Duvenage.
 Kromburg. Kaapstad, Nas. pers,
 1937. 304 bl.
 --- 2de druk 1940.
 --- 3de „ 1941.
 --- 4de „ 1943.
 Die laaste baken. Johannesburg,
 Afr. pers, 1951. 205 bl.
 Laat vrugte. Bloemfontein, Nas.
 pers, 1939. 385 bl.
 --- 2de druk 1940.
 --- 3de „ 1943.
 --- 5de „ 1946 (334 bl.).
 Langs die grootpad. Pretoria, van
 Schaik, 1928. 329 bl.
 --- 2de druk 1930.
 --- 3de „ 1935.
 --- 4de „ 1938 (251 bl.)
 --- 6de „ 1950 (303 bl.)
 Marthinus se roem. Johannes-
 burg, Afr. pers, 1949. 165 bl.
 (Nouvelle-reeks no. 1).
 Op die plaas. Bloemfontein, Nas.
 pers, 1927. 119 bl.
 --- 2de druk 1931.
 --- 4de „ 1937 (126 bl.)
 --- 6de „ 1955 (105 bl.)
 Somer. Pretoria, van Schaik,
 1935. 152 bl.
 --- 2de druk 1937.
 --- 3de „ 1937.
 --- 4de „ 1938.
 --- 5de „ 1938.
 --- 6de „ 1938.
 --- 7de „ 1939.
 --- 8ste „ 1939.
 --- 9de „ 1940.
 --- 10de „ 1942.
 --- 16de „ 1951.
 Van aangesig tot aangesig. Jo-
 hannesburg, Afr. pers, 1942.
 339 bl.
 Vannag kom die ryp. Johannes-
 burg, Afr. pers, 1946. 275 bl.
2. Bundels Kortverhale
 Beelde in die stroom: kortver-
 hale. Johannesburg, Afr. pers,
 1956. 213 bl.
 Kruispad. Bloemfontein, Nas.
 pers, 1932. 231 bl.
 --- 2de druk 1939.
 Nooit! Kaapstad, Nas. pers, 1942.
 227 bl.
 --- 2de druk. Johannesburg,
 Afr. pers, 1949. 244 bl.
 Simson. Kaapstad, Nas. pers,
 1932. 177 bl.
 --- 2de druk 1933.
 --- 4de „ 1937.
 --- 8ste „ 1940.
 --- 10de „ 1940.
 Swaard van die oomblik: keur uit
 die sketse van C. M. van den
 Heever. Johannesburg, Afr.
 pers, 1954. 108 bl.
 Vuurvlieg en sterre: verhale en
 sketse. Kaapstad, Nas. pers,
 1934. 209 bl.
 --- 4de druk 1939.
 --- 5de „ 1941.
3. Afsonderlike Kortverhale
 Die afgrond roep. Br. v. 14 no. 25.
 Jul. 21 1950. bl. 43.
 Ahasveros. Hg: v. 18 no. 635. Jun.
 15 1934. bl. 13.
 Anderkant die woorde. Hg: v. 38
 no. 1653. Nov. 27 1953. bl. 56.
 Bekommernis. Hg: v. 17 no. 572.
 Mr. 10 1933. bl. 12.
 Die belofte. Hg: v. 16 no. 530. Mei
 20 1932. bl. 12.
 Berou. Hg: v. 18 no. 624. Mr.
 9 1934. bl. 19.
 Die besoek. Hg: v. 34 no. 1444.
 Nov. 25 1949. bl. 24. port.
 Brood. Br: v. 11 no. 548. Apr. 2
 1948. bl. 16.
 Die daad. Br: v. 1 no. 28. Feb. 11
 1938. bl. 12.
 Daardie Sondagmiddag. Er: v. 15
 no. 28. Aug. 17 1951. bl. 36.
 Dae soos berge. Br: v. 3 no. 127.
 Jan. 5 1940. bl. 4.
 Die dam: *deel 1*. Hg: v. 18 no.
 612. Des. 15 1933. bl. 14.
 --- *deel 2*. Hg: v. 18 no. 613.
 Des. 22 1933. bl. 13.
 Die dwaas se droom. Hg: v. 34
 no. 1453. Jan. 27 1950. bl. 17.
 Eenmaal was dit anders. Hg: v.
 34 no. 1469. Mei 19 1950. bl. 4.

- Die einste Harry. Br: v. 2 no. 80.
Feb. 10 1939. bl. 26. port.
- En nou? Br: v. 3 no. 134. Feb.
23 1940. bl. 4.
- Die gewete. Hg: v. 38 no. 1626.
Mei 22 1953. bl. 6.
- Grenslýne. Br: v. 10 no. 517. Aug.
29 1947. bl. 10.
- Haai, Willie! Br: v. 3 no. 139.
Mr. 29 1940. bl. 4.
- Haar terugkeer. Br: v. 11 no. 606.
Sep. 23 1949. bl. 28.
- Haar verwarring. Br: v. 4 no.
163. Apr. 18 1941. bl. 6.
- Hulp vir sy pa. Br: v. 4 no. 183.
Feb. 7 1941. bl. 6.
- Huweliksaanzoek. Hg: v. 16 no.
508. Des. 12 1931. bl. 12.
- Jeugsonde. Hg: v. 16 no. 500. Okt.
23 1931. bl. 13.
- Jy ken jouseif nie. Br: v. 5,
Kersvakansie-uitgaaf. Nov. 29
1941. bl. 12.
- Kom, ou broer. Yskor Nuus: v. 18
no. 12. Des. 1953. bl. 18.
- Die kunstenaar en ek. Hg: v. 36
no. 1570. Apr. 25 1952. bl. 12.
- Kyk nou net. Br: v. 11 no. 554.
Mei 14 1948. bl. 16.
- Laaste bakens. Br: v. 11 no. 661.
Jun. 2 1950. bl. 28.
- Leuens. Hg: v. 18 no. 627. Apr.
6 1934. bl. 23.
- Lewensbesonderhede. Hg: v. 34
no. 1446. Des. 9 1949. bl. 8.
- Martiens se opvoeding: *deel 1*.
Hg: v. 32 no. 1372. Jul. 9 1948.
bl. 18. *deel 2*. Hg: v. 32 no.
1373. Jul. 16 1948. bl. 19.
- Meneer, asseblief. Br: c. 11 no.
640. Jan. 6 1950. bl. 10.
- Die muur. Br: v. 1 no. 26. Jan.
28 1938. bl. 12.
- Na jare. Fleur: v. 1 no. 1. Aug.
1946. bl. 12.
- Nou vra julle my. Br: v. 11 no.
646. Feb. 17 1950. bl. 28.
- Nuwe mens. Br: v. 4 no. 158.
Aug. 9 1940. bl. 8.
- Oë wat nie sien nie. Br: v. 3 no.
146. Mei 17 1940. bl. 8.
- Onthulling. Br: v. 4 no. 180. Jan.
17 1941. bl. 6.
- Onverwagte uitnodiging. Hg: v.
36 no. 1549. Nov. 1951. bl. 74.
port.
- Onwelkom. Hg: v. 18 no. 598.
Sep. 8 1933. bl. 12.
- Oorwinning. Br: v. 3 no. 154. Jul.
12 1940. bl. 8.
- Openbaring Br: v. 4, Kersfees-
uitgaaf. Nov. 27 1940. bl. 10.
- Ou broer. Br: 4 no. 190. Mr. 28
1941. bl. 8.
- Oupa: *in* „Flitse! gekeurde sket-
se,” 2de druk. Johannesburg,
Afr. pers. 1954. bl. 62-65. port.
- Outa Frans: *in* Malherbe, K.,
red., „Juwele wat steeds be-
koor,” Johannesburg, Afr. pers,
1952. bl. 6-9.
- Roots strike deep. Outspan: v. 50
no. 1294. Des. 14 1951. bl. 34.
- Stem van die gewete: *in* Jonker,
Abr. H., *red.*, „Uit dorp en veld:
kortverhale.” Kaapstad, Nas.
pers, 1937. bl. 33-47.
- Hg: v. 17 no. 574. Mr. 24
1933. bl. 12.
- Die sterwende plant. Hg: v. 40
no. 1759. Des. 5 1955. bl. 46.
port.
- Die strikvraag. Hg: v. 20 no. 715.
Des. 6 1935. bl. 23. port.
- Sy kwelling. Afr. skrywer. Jbk,
1936. bl. 108.
- Sy laaste daad. Hg: v. 34 no.
1476. Jun. 9 1950. bl. 36.
- Terugkeer. Hg: v. 8 no. 634. Jun.
8 1934. bl. 17.
- Thalassa! Hg: v. 16 no. 535. Jun.
24 1932. bl. 27.
- Toe gebeur daar iets. Hg: v. 36
no. 1539. Sep. 21 1951.
- Tog snaaks. Br: v. 3 no. 122. Des.
1 1939. bl. 4.
- Uitgeploegde geraamte. Hg: v. 15
no. 474. Mei 1 1931. bl. 31.
- Uitweg. Br: v. 4 no. 172. Nov. 22
1940. bl. 8.
- Vadersmart. Hg: v. 16 no. 523.
Apr. 1 1932. bl. 12.
- Verandering. Hg: v. 17 no. 558.
Des. 2 1932. bl. 55.
- Verbittering: *in* Kritzinger, M. S.
B., *red.*, „Die jongste Afrikaan-
se kortverhale.” Pretoria, de
Bussy; Kaapstad, H.A.U.M.,
1934. bl. 74-84.
- Hg: v. 16 no. 490. Aug. 14
1931. bl. 47.
- Verraad. Hg: v. 20 no. 726. Feb.
21 1936. bl. 31.
- Weerontmoeting. Hg: v. 37 no.
1602. Des. 5 1952. bl. 16.
- Wie sal weet? Br: v. 4 no. 166.
Okt. 11 1940. bl. 6.
- Wit rose: *in* Kritzinger, M. S. B.,
red., „Tien uitgesoekte kortver-
hale.” Pretoria, van Schaik,
1936. bl. 143-153.
- Hg: v. 20 no. 724. Feb. 7
1936. bl. 14.
- Wonder. Hg: v. 18 no. 610. Des. 1
1933. bl. 18. port.

Wonderkruid. Br: v. 11 no. 655.
Apr. 21 1950. bl. 28.

4. Bundels Gedigte

Aardse vlam. Pretoria, van
Schaik, 1938. 81 bl.
Deining. Pretoria, van Schaik,
1932. 85 bl.
--- 2de druk 1935.
--- 3de " 1936.
Honderd sonnette. Pretoria, van
Schaik, 1955. 94 bl.
Nuwe boord. Amsterdam, Swets
en Zeitlinger, 1928. 94 bl.
--- 2de druk 1932 (uit druk).
Stemmingsure: gedigte. Pretoria,
van Schaik, 1926. 78 bl. (uit
druk).
Verhalende gedigte. Pretoria, van
Schaik, 1950. 106 bl.
Versamelde gedigte. Pretoria, van
Schaik, 1945. 244 bl.

5. Afsonderlike Gedigte

Atoombom. Ts.L: v. 1 no. 3. Sep.
1951. bl. 25.
Blinkende môre. Hg: v. 16 no.
524. Apr. 8 1932. bl. 11.
By die stroom. Hg: v. 22 no. 804.
Aug. 20 1937. bl. 19.
Couplet composed for the bro-
chure published at the time of
the Empire Exhibition, by the
Johannesburg Public Library,
1936.
Duiker. Ts.L: v. 2 no. 1. Mr. 1952.
bl. 25.
Eindpunt. Hg: v. 24 no. 915. Okt.
6 1939. bl. 11.
Groter stroom. Helikon: v. 4 no.
20. Jun. 1955. bl. 24.
In memoriam. Ts.L: v. 1 no. 1.
Mr. 1951. bl. 47.
Lelike kind. Afr. skrywer. Jbk.,
1938. bl. 14.
Lente. Fleur: v. 1 no. 1. Aug.
1946. bl. 60.
Monument. Ts.L: v. 1 no. 3. Sep.
1951. bl. 24.
Na die veld. Hg: v. 19 no. 664.
Des. 14 1934. bl. 15.
Op die kruispad. Hg: v. 20 no.
716. Des. 13 1935. bl. 19.
Reddelose kranke. Afr. skrywer.
Jbk., 1941. bl. 113.
Siekte. Ts.L: v. 3 no. 1. Mr. 1953.
bl. 20.
Skaduwees van die bloeiseltak.
Hg: v. 20 no. 701. Aug. 30 1935.
bl. 19.
Skande. Hg: v. 24 no. 913. Sep.
22 1939. bl. 11.

Slagter. Afr. skrywer. Jbk., 1942.
bl. 31.
Student. Ts.L: v. 2 no. 1. Mr.
1952. bl. 26.
Terug na die see. Hg: v. 16 no.
518. Feb. 26 1932. bl. 18.
Twee gedigte. Afr. skrywer. Jbk.,
1950. bl. 16.
Verbygaande. Hg: v. 20 no. 696.
Jul. 26 1935. bl. 27.
Wind. Afr. skrywer. Jbk., 1943.
bl. 49.

6. Biografiese Werk

Generaal Hertzog en ons taal.
H.-A: v. 1 no. 1. Jun. 1952.
bl. 6.
Generaal Hertzog se leesstof.
H.-A: v. 2 no. 1. Jul. 1953. bl. 1.
Generaal J. B. M. Hertzog. Jo-
hannesburg, Afr. pers, 1943. ix,
771 bl. Illus.
General J. B. M. Hertzog: an
English translation and abridge-
ment. Johannesburg, Afr. pers,
1946. 299 bl.
Hertzog-nalatenskap. H.-A: v. 1
no. 2. Okt. 1952. bl. i.

7. Vertaalde Werke

Droogte: uit het Zuid-Afrikaansch
vertaald door Peter Thiry. Ant-
werpen, „Die Poorte,” 1939. 194
bl. (Boekengilde „Die Poorte”;
jaargang 1937-1938, no. 8)
[Vlaamse vertaling].
Harvest home: an English ren-
dering of the Afrikaans idyll
„Somer,” by T. J. Haarhoff.
Johannesburg, Afr. pers, 1945.
129 bl.
Kromburg: a story of pride and
passion; translated into English
by Jacobine Menzies-Wilson.
Johannesburg, Witwatersrand
University Press, 1954. 200 bl.
Last beacon: short story by C.
M. van den Heever, translated
into English by Jacobine Men-
zies-Wilson. Outspan: v. 49 no.
1272. Jul. 13 1951. bl. 8.
Das Leben schreitet weiter: ein
südafrikanische Bauernroman.
'n Duitse vertaling van „Somer”
deur M. R. Breyne. Dresden,
Deutsches Verlagbuchhaus,
1937. 159 bl.
Somer: uit het Zuid-Afrikaansch
vertaald door Peter Thiry. Ant-
werpen, „Die Poorte,” 1938. 162
bl. (Boekengilde „Die Poorte”;
jaargang 1936-1937 no. 7)
[Vlaamse vertaling].

DEEL II.

KRITIESE WERKE EN OPSTELLE

- Afrikaanse gedagte. Pretoria, van Schaik, 1935. 130 bl.
- Delwer en sif: keuse uit die opstelle. Johannesburg, Afr. pers, 1954. 126 bl.
- Haarhoff, T. J. and C. M. van den Heever. The achievement of Afrikaans . . . with a foreword by the Hon. Patrick Duncan. South Africa, C.N.A., 1934. 104 bl.
- Mens en woord. Johannesburg, Afr. pers, 1947. 219 bl.
- Stryd om ewewig: opstelle oor ons strewe na kulturele selfstandigheid. Kaapstad, Nas. pers, 1941. 318 bl. (Kwarteeu-serie no. 3).
- van den Heever, C. M. en Abel J. Coetzee. Oorsig van die Nederlandse letterkunde. Pretoria, de Bussy; Kaapstad, H.A.U.M., 1934. xvi, 239 bl. illus. (Uit die Dietse boord no. 5).
- Bioskoop en letterkunde. Hg: v. 29 no. 1209. Mei 25 1945. bl. 5.
- Buskruit of nadenke. Br: v. 3 no. 110. Sep. 8 1939. bl. 3.
- By Willem Kloos op besoek. V.blad: v. 24 no. 160. Apr. 8 1929. bl. 6.
- Contemporary Afrikaans literature. British Annual of Literature, 1939. bl. 67.
- Dekadensie. Hg: v. 20 no. 751. Aug. 14 1936. bl. 19.
- Early Afrikaans poetry. Forum: v. 1 no. 41. Jan. 7 1939. bl. 20.
- Egtheid en afgewerktheid: kenmerke van werklike skryfkuns. Br: v. 1 no. 8. Sep. 24 1937. bl. 16.
- Eie Afrikaanse rigting? Hg: v. 23 no. 886. Mr. 17 1939. bl. 21.
- Eienaardige letterkundige standaarde. Br: v. 10 no. 488. Feb. 7 1947. bl. 3.
- Europa in Afrika; in Rousseau, J. J., red. „Ons reis om die wêreld.” Johannesburg, Afr. pers, 1950. bl. 324-328.
- First attempts in Afrikaans poetry. Forum: v. 1 no. 40. Des. 31 1938. bl. 16.
- Frederik van Eden. Hg: v. 17 no. 538. Jul. 15 1932. bl. 15.
- Eugene Marais se gedigte van die skaarste liriek in ons poësie. Vad: v. 18 no. 1489. Apr. 3 1936. bl. 14.
- Gedagtes by die Voortrekker Monument. Tg: v. 22 no. 1. Des. 1952. bl. 5. illus.
- Die goeie boek. Br: v. 17 no. 46. Des. 11 1953. bl. 6.
- Groot Nederlandse eenheid. deel 1. Hg: v. 24 no. 917. Nov. 3 1939. bl. 31.
- deel 2. Hg: v. 24 no. 918. Nov. 10 1939. bl. 27.
- Guido Gezelle en Karel van de Woestijne. Hg: v. 20 no. 696. Jul. 26 1935. bl. 27.
- Heldeverering. Tg: v. 21 no. 11. Okt. 1952. bl. 16. illus.
- Herlewing van ons verlede in nuwe kunsvorms. Vad: v. 16 no. 1303. Jun. 3 1933. bl. 13.
- Herman Gorter oorlede. V.blad: v. 23 no. 25. Okt. 29 1927. bl. 6.
- Hertzog en Havenga. H.-A: v. 1 no. 3. Feb. 1953 bl. 5.
- Het ons Nederland nog nodig? Tg: v. 8 no. 10. Sep. 1939. bl. 680.
- Het ons 'n eie volksaard? Br:

DEEL III.

ARTIKELS

- Afrikaanse boek en tydskrif. Helikon v. 4 no. 18. Des. 1954. bl. 22.
- Afrikaanse kultuur in Johannesburg. Voorl: v. 10 no. 8. Jul. 1947. bl. 12.
- Afrikaanse skrywers moet ook denkers wees. Vad: v. 6 no. 2482. Nov. 3 1941. bl. 2.
- Afrikaans scholars at work. Forum: v. 1 no. 1. Jun. 13 1938. bl. 34.
- Afrikaner se beskawings- en kultuurvorm: lesing gehou by die geleentheid van die jongste kongres van die F.A.K. Hg: v. 19 no. 668. Jan. 11 1935. bl. 20. illus.
- August Vermeylen. Afr. Skrywer. Jbk., 1936. bl. 154.
- Die bekende en die onbekende. Br: v. 3 no. 106. Aug. 11 1939. bl. 3.
- Die beluistering van poësie se musiek: na aanleiding van Jan Celliers se boek „Kuns in lewe en kultuur.” Hg: v. 18 no. 606. Nov. 3 1933. bl. 39.
- Die beskawing en kultuur van die Afrikaner. V.blad: v. 25 no. 70. Des. 21 1934. bl. 1.

- v. 15 no. 48. Des. 28 1951. bl. 27.
- Het ons volk die weg na die diepte verloor? Vad: v. 17 no. 1456. Nov. 16 1934. bl. 11.
- „Hy wat die stem van die digkuns nie verneem nie.” Vad: v. 17 no. 1455. Nov. 16 1934. bl. 11.
- Idee en die taal. Br: v. 5 no. 357. Jun. 16 1944. bl. 9.
- Idee van heldedom. Br: v. 15 no. 37. Okt. 12 1951. bl. 43. illus.
- Iets oor die Afrikaanse roman. Hg: v. 18 no. 610. Des. 1 1933. bl. 47.
- Iets oor J. Keats. B: Sep. 27 1930.
- Is die ontwikkelde Afrikaner se beskawingsvorm Engels? Vad: v. 17 no. 1419. Jul. 13 1934. bl. 13.
- Is dit te laat? Br: v. 19 no. 21. Jun. 24 1955. bl. 4. port.
- Jacobus van Looy oorlede. Hg: v. 14 no. 421. Apr. 25 1930. bl. 35.
- Jan F. Celliers. Afr. Skrywer. Jbk., 1940. bl. 6.
- Jong skrywer: moeikhede en probleme van 'n skrywer. Ts.L: v. 4 no. 1. Mr. 1954. bl. 75.
- Jongste geslag in die Afrikaanse digkuns. Tg: v. 5 no. 1. Des. 1935. bl. 23.
- Just Havelaar oorlede. V.blad: v. 25 no. 238. Jul. 7 1930. bl. 6.
- Krag vir ons skrywers uit Nederland se grootste romantradisie. Vad: v. 17 no. 1413. Jun. 22 1934. bl. 13.
- Kritiek van hedendaagse literatuurlewe in Holland. V.blad: v. 25 no. 243. Jul. 12 1950. bl. 5.
- Kultuurloosheid ons vraagstuk. Br: v. 8 no. 367. Mr. 30 1945. bl. 6. port.
- Kuns ons weefsel tussen volke. Trans-Afrika: v. 1 no. 11. Nov. 1945. bl. 3.
- Helikon: v. 2 no. 7. Okt. 31 1952. bl. 3.
- Kuns en kultuur weer ons wapengeweld. V.blad: v. 22 no. 138. Mr. 12 1927. bl. 4.
- Kuns en lewensgenieting. V.blad: v. 22 no. 138. Mr. 12 1957. bl. 4.
- Laat die hamerslae dreun. V.blad: v. 22 no. 365. Jul. 2 1927. bl. 6.
- Landelike lewe in die roman-kuns. Vad: v. 17 no. 1271. Jan. 26 1934. bl. 13.
- Langsaam lewe 'n Afrikaanse verskuns. Vad: v. 18 no. 1485. Mr. 8 1935. bl. 11.
- Mnr. N. C. Havenga: 'n hulde-woord. H.-A: Jaarboek no. 2. Des. 1955. bl. 1. (4de jaargang van reeks).
- Mens en die digter: Totius. Hg: v. 38 no. 1636. Jul. 31 1953. bl. 3. illus.
- Moderne Engelse poësie: skraal opbrengs uit Suid-Afrika. Vad: v. 17 no. 1425. Aug. 3 1934. bl. 11.
- Moderne Nederlandse digkuns. Vad: v. 16 no. 1295. Apr. 9 1932. bl. 13.
- Napraters of besinners? Hg: v. 22 no. 826. Jan. 21 1938. bl. 17.
- Nederlands: gewigtigste anker vir Afrikaners. Vad: v. 3 no. 863. Mr. 9 1939. bl. 2.
- Die Nederlandse roman in Suid-Afrika. Br: v. 16 no. —. Jan. 31 1931. bl. 10.
- Net een taal kan ons siel vertolk. V.blad: v. 29 no. 56. Des. 5 1933. bl. 5.
- Nuwe studie oor die poëtiese kant van die Tagtiger-beweging. V.blad: v. 25 no. 237. Jul. 5 1930. bl. 5.
- Onderhoud met Willem Kloos. Br: v. 14 no. 4238. Apr. 9 1929. bl. 6.
- Ons Hollandse erfenis. Forum: v. 2 no. 1. Apr. 1 1939. bl. 47.
- Ons lektuurvoorsiening. V.blad: v. 26 no. 69. Des. 20 1930. bl. 6.
- Ons norme van beoordeling. Br: v. 4 no. 176. Des. 20 1940. bl. 20.
- Ontspanning en inspanning. Br: v. 3 no. 117. Okt. 27 1939. bl. 3.
- Ontwikkeling van ons poësie sedert Unie. Hg: v. 19 no. 688. Mei 31 1935. bl. 27.
- Oorlog en kultuur. Br: v. 1 no. 18. Des. 3 1937. bl. 15.
- Opkoms van die moderne kultuurloosheid. Hg: v. 21 no. 796. Jun. 25 1937. bl. 14.
- Ou wortels klou in goudgrond. Br: v. 19 no. 33. Sep. 16 1955. bl. 41. illus.
- „Perbeerslae” in die Afrikaanse poësie. Br: v. 2 no. 62. Okt. 7 1938. bl. 24.
- Persoonlike ontmoeting met Kloos, van Eeden, Van Deyssel en Boutens. Hg: v. 31 no. 1303. Mr. 14 1947. bl. 18.
- Propaganda en beïnvloeding. Hg:

- v. 22 no. 815. Nov. 5 1937. bl. 17.
- Querido se betekenis in die Nederlandse letterkunde. Vad: v. 16 no. 1342. Sep. 17 1932. bl. 13.
- Reaksie teen die Tagtigers. V.blad: v. 25 no. 242. Jul. 11 1930. bl. 6.
- Ryke verskeidenheid van die jonger Vlaamse liriek. Br: v. 1 no. 12. Okt. 22 1937. bl. 16.
- Sentimentaliteit en die werklikheid. Vad: v. 1 no. 133. Des. 5 1936. bl. 4.
- Die skrywer en die kritikus. Helikon: v. 4 no. 16. Jun. 1954. bl. 57.
- Bulletin: v. 2 no. 1. Sep. 1954. bl. 35.
- Skrywer se taak. Br: v. 3 no. 140. Apr. 5 1940. bl. 3.
- Skrywerskring se taak. Br: v. 11 no. 661. Jun. 2 1950. bl. 5.
- Staat moet kunstenaars hulp verleen. Vad: v. 8 no. 3078. Okt. 2 1943. bl. 3.
- Stijn Streuvels. Hg: v. 20 no. 703. Sep. 13 1935. bl. 18.
- Stryd om waardes. Hg: v. 33 no. 1396. Des. 24 1948. bl. 23.
- Tirannie van die taal. Br: v. 5 no. 356. Jun. 9 1944. bl. 6.
- Toekoms van Afrikaans. V.blad: v. 28 no. 153. Mr. 31 1933. bl. 7.
- Toekoms van die Afrikaanse kultuur en letterkunde. Vad: v. 16 no. 1286. Apr. 1 1933. bl. 13.
- Toekoms van die poësie. Br: v. 1 no. 37. Apr. 15 1938. bl. 3.
- Totius. Ts.L: v. 3 no. 3. Sep. 1953. bl. 5.
- Totius, digter van verlede en toekoms. Br: v. 14 no. 42. Nov. 24 1950. bl. 23.
- Totius en sy boodskap vir die Afrikaanse volk. Kr.S.blad: v. 33 no. 314. Jan. 1933. bl. 9.
- Totius se digtersarbeid. Afr. Skrywer. Jbk., 1936. bl. 27.
- Totius se veelsydige diens aan sy volk. S: v. 1. Des. 23 1936. bl. 9.
- Tydperk van stilstand in die Afrikaanse poësie bereik. V.blad: v. 25 no. 252. Jul. 23 1930. bl. 6.
- Uitspruitsels van die misteriespel. T.V.V: v. 11 no. 1. Aug. 1954. bl. 1.
- Uys Krige se gedigte. O.t: v. 3 no. 2. Mei 1935. bl. 45.
- Verdwyning van ou letterkundige vorme. Br: v. 10 no. 434. Jul. 19 1946. bl. 3.
- Verskeidenheid van jongste Vlaamse liriek. Br: v. 1 no. 12. Okt. 22 1937. bl. 16.
- Verskil tussen letterkunde en leesstof. Vad: v. 18 no. 1485. Mr. 20 1936. bl. 14.
- Verrassende verwantskap van Afrikaanse letterkunde met Hollandse en Vlaamse. Vad: v. 1 no. 36. Aug. 12 1936. bl. 2.
- Visser se digterspersoonlikheid. V.blad: v. 26 no. 90. Jan. 16 1931. bl. 6.
- Visser se eerste bundel. T.W.K: v. 9 no. 2. Des. 1930. bl. 73.
- Volk is groot wat sy helde eer. Br: v. 8 no. 374. Okt. 20 1944. bl. 11.
- Vondel na 350 jaar — 'n herdenking. Br: v. 1 no. 16. Nov. 19 1937. bl. 16.
- Voortbestaan van Afrikaans. deel 1. Br: v. 2 no. 88. Apr. 7 1939. bl. 22.
- deel 2. Br: v. 2 no. 89. Apr. 14 1939. bl. 24.
- Vooroordeel teen ons taal aan die verdwyn. V.blad: v. 25 no. 125. Feb. 26 1935. bl. 7.
- Voortrek se hydrae tot ons nasie-idee. Br: Spesiale Voortrekkeruitgaaf. Des. 5 1938. bl. 18.
- Vorming van 'n Afrikaanse kultuur. B: v. 20 no. 5979. Des. 25 1934. bl. 2.
- Vorming van 'n suiwer letterkundige smaak. Vad: v. 16 no. 1361. Des. 22 1933. bl. 13.
- Vyf-en-twintig jaar in die vorming van 'n nasie. Vad: v. 18 no. 1460. Mei 31 1935. bl. 21.
- Vyf-en-twintig jaar literatuurgeskiedenis. V.blad: v. 25 no. 203. Mei 29 1935. bl. 10. port.
- Waar moet ons kultuurtaal begin? Vad: v. 1 no. 311. Jul. 2 1937. bl. 17.
- Waardering van 'n gedig. Vad: v. 17 no. 1387. Mr. 23 1934. bl. 13.
- Afr. Skrywer. Jbk. 1937. bl. 78.
- Wanbegrippe oor Afrikaans opgeruim. Br: v. 2 no. 102. Jul. 14 1939. bl. 25.
- Wat word van ons taal en kultuur? Br: v. 16 no. 21. Jun. 20 1952. bl. 37.
- Wêreldvrede en kultuur. Hg: v. 30 no. 1236. Nov. 30 1945. bl. 9.
- Werklikheid om ons. Br: v. 3 no. 133. Feb. 16 1940. bl. 3.
- Wie lees gedigte? Br: v. 10 no. 466. Sep. 6 1946. bl. 3.

Willem van den Berg: 'n waardering. Heliikon: v. 1 no. 6. Aug. 1952. bl. 84.

Willem Kloos sewentig jaar. N.Br: v. 1 no. 2. Mei 1929. bl. 143.

DEEL IV.

SAMESTELLING EN REDAKSIE

Celliers, Jan Francois Elias:

Bloemlesing uit die gedigte van Jan F. E. Celliers, deur C. M. van den Heever en P. J. Nienaber. Johannesburg, Afr. pers, 1948. 204 bl. (Bibliografie bl. 1-5).

Du Toit, Jacobus Daniel, sk. Totius:

Keur uit die gedigte van Totius deur C. M. van den Heever. Bloemfontein, Nas. pers, 1949. 212 bl. (Bibliografie bl. 210-212).

Gezelle, Guido:

Bloemlesing uit die gedigte van Guido Gezelle, met inleiding en aantekeninge deur C. M. van den Heever . . . 4de druk. Amsterdam, Veen; Pretoria, de Bussy, 1944. 189 bl. port. kaart. (Uit die Dietse boord, no. 4).

Hooft, Pieter Corneliszoon:

Bloemlesing uit die gedigte van P. C. Hooft, deur C. M. van den Heever. Pretoria, van Schaik, 1946. xxxii, 83 bl. (Van stamverwante bodem, no. 12). (Bibliografie bl. xxxi).

Inleiding en aantekeninge (deur C. M. van den Heever) by J. A. Simons-Mees, „Geloof”: drama uit die Hugenotetyd. Pretoria, de Bussy; Kaapstad, H.A.U.M., 1933. 37 bl.

Malherbe, Daniel Francois:

Uitgesoekte gedigte van Malherbe; keuse en inleiding deur C. M. van den Heever. Kaapstad, Nas. Boekhandel, 1954. 150 bl.

My jeugland: jeugherinneringe van Afrikaanse skrywers, redigeer deur C. M. van den Heever, Johannesburg, Afr. pers, 1953. 142 bl. illus.

Van den Bergh, Pieter Theodore Helvetius:

De leven: blijspel in vier bedrywen . . . inleiding en aan-

tekeninge van C. M. van den Heever. Pretoria, de Bussy, 1932. 138 bl.

Van den Heever, C. M. en P. de V. Pienaar, reds.:

Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner; die eerste beskrywing van die boere-volkslewe in al sy vertakkinge. Kaapstad, Nas. pers, 1945-1950. 3v. illus. (Bibliografie).

Vondel, Joost van den:

Bloemlesing uit die gedigte van Joost van den Vondel, deur C. M. van den Heever. Pretoria, van Schaik, 1945. 161 bl. port. (Van stamverwante bodem, no. 11).

DEEL V.

ONGEKLASSIFISEER

Ek kom dadelik! eenakter. Heliikon: v. 4 no. 20. Jun. 1955. bl. 7.

Laat vrugte: vir die radio bewerk deur C. D. Fuchs, Streekdirekteur, S.A.U.K., Natal.

O dae van my jeug: woorde van C. M. van den Heever in Wijdveld, Wolfgang „Tien liederen op Zuid-Afrikaansche text.” bl. 14-17.

Radiogesprek met C. M. van den Heever. Ts.L.: v. 5 no. 2. Jun. 1955. bl. 53.

DEEL VI.

GESKRIFTE OOR C. M. VAN DEN HEEVER EN SY WERKE

Antonissen, Rob.:

Zuidafrikaansche poëzie. Antwerpen, Nederlandsche boekhandel, 1944. 158 bl.

C. M. van den Heever, bl. 98-105, en inleiding.

Beukes, Gerhard J.:

C. M. van den Heever as individualis. T: v. 2 no. 19. Okt. 22 1938. bl. 9.

Brandwag op besoek. Br: v. 2 no. 87. Mr. 31 1939. bl. 19.

C. M. van den Heever in Brussel. S: v. 3. Jan. 3 1939. bl. 5.

C. M. van den Heever nou doctordus. V.blad: v. 24 no. 300. Okt. 1 1929.

C. M. van den Heever nou doktor. V.blad: v. 27 no. 194. Mei 16 1932. bl. 8.

Coetzee, Abel Jacobus:

C. M. van den Heever: die wese van sy kuns. Pretoria, van

- Schaik, 1936. 216 bl. port.
(Bibliografie. bl. 215-6).
- Coetzee, Abel Jacobus:
Groei in van den Heever se kuns. O.T. v. 1 no. 6. Feb. 1934. bl. 3. port.
--- Sedelike gevoel en wêreldontvlugting in „Somer,” van C. M. van den Heever. O.t: v. 4 no. 2. Mei 1936. bl. 48.
--- Stilisties - grammatiese aantekeninge by „Anderkant die berge” van C. M. van den Heever. T.V.V: v. 4 no. 3. Feb. 1948. bl. 78.
- Dekker, G.:
C. M. van den Heever se verskuns. Hg: v. 31 no. 1288. Nov. 29 1946. bl. 22.
--- Verdieping in ons prosakuns. Hg: v. 19 no. 684. Mei 3 1935. bl. 35.
- Dr. C. M. van den Heever na Johannesburg. V.blad: v. 27 no. 205. Mei 28 1932. bl. 5.
- Du Toit, P. M.:
C. M. van den Heever se ontwikkeling as skrywer. Trans-Afrika: v. 1 no. 8. Aug. 1945. bl. 2.
- Enige indrukke van iemand wat hom ken. Hg: v. 18 no. 610. Des. 1 1933. bl. 67.
- Erns is nodig. V.blad: v. 22 no. 277. Aug. 20 1927. bl. 6.
- H., M. M.:
Wisselwerking tussen opper- en onderkultuur in „Anderkant die Berge” van C. M. van den Heever. T.V.V: v. 4 no. 2. Nov. 1947. bl. 50.
- Haantjes, J.:
Zuid Afrikaanse literatuur: C. M. van den Heever. Opw. Wegen: v. 7 no. 8. 1929-30. bl. 367.
- Hattingh, S. C.:
„C. M. van den Heever” in Nienaber, P. J., red., „Perspektief en profiel.” Johannesburg, Afr. pers, 1951; hoofstuk XVI, bl. 494-547. port.
- Lewe. V.blad: v. 24 no. 149. Mr. 26 1929. bl. 6.
--- Br: v. 10 no. 489. Feb. 14 1947. bl. 63.
--- Hg: v. 33 no. 1381. Sep. 10 1948. bl. 17.
- Louw, W. E. G.:
De nuiewere Afrikaanse poëzie. 's-Gravenhage, Daamen, 1939 63 bl.
- C. M. van den Heever; hoofstuk XIII, bl. 48-51.
- Malan, S. I.:
Die Vlaamse boerelewe by Stijn Streuvels en sy invloed op C. M. van den Heever. Verhandeling vir die M.A.-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika, 1945.
- Malherbe, F. E. J.:
Aspekte van Afrikaanse literatuur. Kaapstad, Nas. pers, 1940. 211 bl.
„Plaasromantiek van C. M. van den Heever,” hoofstuk VI, bl. 47-70.
- Malherbe, F. E. J.:
Wending en inkeer: 'n beskouing oor die nuwere Afrikaanse letterkunde. Kaapstad, Nas. pers, 1940. 211 bl.
„Plaasromantiek van C. M. van den Heever,” hoofstuk IV, bl. 66-99.
- Mulder, H. A.:
Opstelle oor poësie. Pretoria, van Schaik, 1939. 68 bl.
„Die digter, C. M. van den Heever,” hoofstuk IV, bl. 51-58.
- Mulder, H. A.:
Twee wêrelde: opstelle oor Afrikaanse en Nederlandse letterkunde. Pretoria, van Schaik, 1942. 186 bl.
C. M. van den Heever: hoofstuk VI, bl. 67-78.
- Nienaber, P. J., red.:
Afrikaanse skrywers aan die woord. Johannesburg, Afr. pers, 1944. 218 bl. illus.
C. M. van den Heever: hoofstuk X, bl. 170-188. port.
- Nienaber, P. J.:
Hier is ons skrywers. Johannesburg, Afr. pers, 1949. 475 bl.
C. M. van den Heever, bl. 110-113.
- Op taalbesoek by C. M. van den Heever. O.E.B: v. 11 no. 2. Jun. 1945. bl. 78.
--- O.E.B: v. 11 no. 3. Sep. 1945. bl. 126. (Vervolg en slot).
- Opperman, D. J.:
C. M. van den Heever as digter. Spunte: v. 1 no. 3. Jul. 1946. bl. 8.
- Pienaar, P. de V.:
Erkenning. Br: v. 3 no. 135. Mr. 1 1940. bl. 3.

Ryk stemmingslewe. Na: v. 2 no.
22. Feb. 1956. bl. 40.

Schoonees, P. C.:

Tien jaar prosa. Johannesburg,
Afr. pers, 1950. 212 bl.
„C. M. van den Heever”: hoof-
stuk III, bl. 43-69.

Uit die albums van bekendes: C.
M. van den Heever. Hg: v. 39
no. 1720. Mr. 11 1955. bl. 12.
port.

Van Bruggen, J. R. L.:

C. M. van den Heever. Horison:
v. 2 no. 8. Aug. 15 1946. bl.
15.

Van den Heever verower Hertzog-
prys. Vad: v. 7 no. 2786. Okt.
24 1942. bl. 2.

Van Rensburg, F. J. Janse:

Die romanwerk van C. M. van
den Heever. Verhandeling vir
die M.A.-graad aan die Uni-
versiteit van Suid-Afrika,
1944.

Vertrek na Holland. V.blad: v. 23
no. 96. Jan. 24 1928. bl. 6.

Viljoen, J. M. H.:

Herinneringe. S.punte: v. 5 no.
1. Okt. 1950. bl. 48.

DEEL VII.

HULDEBETOGINGS

A creative writer. Rand Daily
Mail: leading article Jul. 10
1957.

Afrikaanse skrywers bring hulde
aan C. M. van den Heever. T:
Jul. 9 1957.

„C.M.” Vad: hoofartikel. Jul. 9
1957.

C. M. van den Heever. T: hoof-
artikel. Jul. 9 1957.

Dekker, G.:

C. M. van den Heever. Tydskrif
bylaag tot Dagbreek: Jul. 14
1957. bl. 19.

'n Groot figuur in die Afrikaanse
letterkunde oorlede. T: Jul. 9
1957.

Malherbe, D. F.:

Huldeblyk aan van den Heever.
V.blad: Jul. 9 1957.

Prof. C. M. van den Heever oor-
lede. B: Jul. 9 1957.

Prof. van den Heever laat stem-
pel op S.A. letterkunde. V.blad:
Jul. 9 1957.

Solz, Maura:

So het ek my vader geken. Br:
v. 21 no. 25. Jul 19 1957. bl.
4. port.

Oor Boeke

GEDAGTES OOR RABIE: *EEN-EN-TWINTIG*.

Tussen die baie werke wat verlede jaar op die Afrikaanse boeke-mark gestoot is, was daar een bundeltjie wat beskeie, maar baie beslis laat weet het: „Hier is ek.” Tot dusver het die meeste kritici eintlik nog net „kennis geneem” van die werkie. Werklike reaksie, aanvaarding van die uitdaging, was daar na my wete nog nie.

Jan Sebastian Rabie se *Een-en-twintig* hou inderdaad vir die skerpsinnige leser dié uitdaging in dat dit ’n absoluut unieke kunswerk in ons letterkunde is; dat daar niks in ons prosa is wat eintlik naasteby daarmee vergelyk kan word nie.

Dit is ’n een-en-twintigtal sketse, verhale, sketsverhale en wat dies meer sy, waarin daar vir die eerste keer deur ons prosa na die pante van ons poësie gegryp word. Uys Krige sien in sy voorwoord — nie oral ewe betroubaar nie — tereg in Rabie se verhale, of in baie daarvan, die *poème en prose*: die Franse prosagedig, waarin veel van die elemente wat gewoonlik in die taal gereserveer word vir gebruik deur die digter, ook nou in die prosa met welslae toegepas word: klank, ritme, beeldspraak.

In ’n ander belangrike opsig is hierdie bundel ’n aanduiding van ’n agterstand tussen prosa en poësie wat nou ingehaal wil word: die prosa werp hom hier midde-in die tydsgebeure van ons eeu. Die dinge wat ons ervaar en beleef word nou deurgestoot in die prosakuns, waar Van Wyk Louw,

Opperman e.a. dit al lank in die poësie ingelê het. Dit beteken nie net dat die motiewe van ons tyd in Rabie se werk as tema gebruik word nie. Die motiewe is die aansporing tot die kunsuiting, is inderdaad die kunsuiting self. Dis nie ’n *poging* — soos Willem van der Berg se werk tot hoë mate is — om die „nuwe” dinge van ons eeu te sê nie: dit sê dit.

Dit is veral in twee vorme dat hierdie nuwe — laat ons dit noem „moderne” — strominge in Rabie se werk tot uiting kom: enersyds ’n filosofiese grondslag (die eksistensialisme); andersyds ’n uitingsvorm (surrealisme).

Om hierdie bundeltjie dus in volle lig te waardeer, moet die leser eers kennis neem van hierdie onderliggende aspekte. Die eksistensialisme, veral soos Heidegger en Sartre dit gedefinieer het, sien die mens in ’n gedurige wording, ’n gedurige eksistering, ’n gedurige self-projeksie. Die mens is alleen op homself aangewys; hy is geworpe in ’n wêreld waar hy in elke oomblik van eksistering en selftransendering moet *kies*. Maar sy keuses doen hy nie net vir homself nie: in elke besluit betrek hy die geheelheid van die mensdom. Die eksistensialisme is ’n troostelose filosofie waarin die mens verlate staan slegs voor homself, in die volle besef van die nietigheid van sy lewe en die verantwoordelikheid van elke besluit.

Kyk hoe Rabie hierdie begrip o.m. vergestalt in *Die man met die swaar been*: ’n siek man stort ineen; ’n skaretjie dam; hy soek

vervaard na sy eie naam; 'n toeskouer word deur hom aan die been geklem en as dié man aanloop, word sy las al swaarder tot sy been nouliks beweeg kan word.

Hier is eerstens die mens se geworpenheid in 'n situasie: die man met die swaar been, doodgewone toeskouer soos die res, word buite eie wil en sin 'n 'n situasie gedring waarin sy eie lewe tot krisis kom en — in Van Wyk Louw se woorde — „die wêreld weeg op die skerpte van 'n mes.” Hy word aangeraak deur 'n medemens en deur so uit sy eie kring te trek, homself te transendeer (al is dit teen sy sin) moet hy die las van die hele mensdom aan sy been dra. Opvallend is die siek man se panikerige gesoek na sy naam: die mens wat in die huidige samelewing eie identiteit verloor het en nou skielik in die amorfe massa daarvan bewus word.

In die slotverhaal — *Ek het jou gemaak* — maak 'n waansinnige ingenieur 'n robot wat hom uiteindelik vermorsel. Hier is die eksistensialisme weer terug te vind op baie humanistiese toon (onthou Sartre: *L'Existentialisme est un humanisme*); die ingenieur spreek sy robot, Andries, aan: „Alles is na die mens se ewebeeld gemaak. God, die duiwel, en jy.”

Juis daarom gaan die mens te gronde: sy skepping is te afsigtelik. Die slotindruk, ook in hierdie verhaal wat ongetwyfeld effens geforseerd aandoen, is weer die mens se verlatenheid omdat hy geen halm het om aan te gryp nie. Alles gaan te gronde, alles glip onder die hande weg, alle vorme verdwyn. Let juis in dié verhaal daarop dat die wasbeeld

van die ingenieur se vrou „afgryslik naak” tussen die man en sy robot neerval in die laaste omhelsing. Die robot het haar plek ingeneem en liefde is net „aanhou beweeg en geraas maak.”

Hierdie ontarding van die verhouding tussen man en vrou word baie suiwer in *Gesprek onder 'n donker maan* weergegee: in 'n restaurant sit 'n man en vrou onder 'n lamp — maar hulle ervaar nie die lig nie: wel die donker skadukul wat bô die lamp teen die dak val. Dit is 'n prentjie van waansin waarin die man gek word oor die aangroeiende swart halfmane onder sy vinger-naels (die verwording van sy siel) en sy vingers stukkend byt. Die verhouding tussen man en vrou is grotesk en verworde.

Mooi subtiele verwysing daarna is ook te vind in *Baie*: die statige parlamentslid praat met twee spieëls, maar raak in homself verwar. En „deur 'n venster oorkant die straat kyk 'n jong paartjie hoe sy skaduwee dans op die toegestreckte gordyne onderwyl hulle mekaar op die ritme daarvan bemin”: m.a.w. die liefde het net so sinneloos geword as die gees.

'n Aspek van die verworde mens van vandag — en onthou dat Rabie vanweë sy lang oorsese verblyf baie nouer aanraking met hierdie „mooi ontbinding” van die Weste ervaar het — is die aftakeling van eerbied. In *Skelle modder* aanskou 'n paar drinkers op 'n kafeestoepe baie luiters hoe 'n siek man in die modder val en sterf en deur waens daar ingetrap word. Hy wat hulp nodig het, mag nie gehelp word nie? Hoekom nie? Die antwoord het *Die man met die swaar been* reeds verskaf: deur medelye te

betoon, laai ons die las van die ganse mensdom op ons skouers.

Ek wil nog verwys na *Bloed*: Mnr. Breton is aangesê om elke dag 'n koppie bloed te drink. Dit veroorsaak sy waansin (vgl. Van Wyk Louw se *Gestaltes en Diere* waar die waansinmotief so gedurig deurdring). Hy raak berserk, vermoor 'n aantal mense en sterf tussen die bloedige karkasse van die slagpale. Die slotsom? Hoe kan ons ons red as die middel wat ons aanwend (bloed) juis dit is wat ons waansinnig maak?

As uitingsvorm het ek reeds vroeër die surrealisme genoem. Dit val nou saam met die wese van Rabie se kuns. Die surrealisteskep sy eie wêreld waarin die gewone verhoudings en verbande tussen dinge totaal omvergegooi word. 'n Hele nuwe orde word in die brein geskep. Op sy mooiste is dit by Rabie se *Drie kaalkoppe eet tesame* te sien. Dit is wêér in die eerste plek 'n studie van waansin, van verworde menslike verhoudings. Let op die ontwikkeling in die stuk: eers verorber die drie voedsel. Dan, namate die verworping vorder, neem die voedsel mensevorms aan: „arms, bene, borste van maagde, en selfs 'n kinderhofie, rosig gekook.” (Let op dat net twee identifiseerbaar is: *borste van maagde . . . 'n kinderhofie*. M.a.w. dit is die onskuld wat afgetakel word: die vrou en die kind). Ná 'n rukkie word die voedsel nie meer mensevorme nie, maar die menslike toeskouers self word geëet. En uiteindelik takel die drie eters mekäär. In sy verworping, sy algehele waardeloosheid, dus, laat die mens homself in die vullisblik beland. Maar let op dat die kelnar aan die einde rustig die tafel dek „vir die volgende dag se

maal”: hoe gek die mens ook is, dié dinge gaan voort, bly voortgaan.

Hierdie surrealistiese trekkies word in talle ander verhale teruggevind. Vgl. die einde van *Baie*: „Stilte is slegs 'n teleskoop. Die elektriese lamp bol uit om te kyk. Die hele stad kyk met sy ontplofings van oë.” (Is hier, terloops, nie invloed van Nijhoff se *Het Uur U* merkbaar nie? Mens kan ook T. S. Eliot in gedagte bring.)

In 'n *Vlermuis in die park* is 'n pragtige surrealistiese moment vasgelê in die verskyning van die ou vrou in swart wat haar kind kom weghaal: „Skielik stoot 'n vlermuis-agtige kop na vore deur die rose . . .” en wat volg. Dit wil ook amper impressionisties wees. Vgl. in dié verband die pragtige *Gondel-deuntjie*, m.i. die suiwerste stukkie werk in die bundel: „Die gondel met sy musikale vrag dra die stad se bewondering soos 'n armband iedere keer as dit onder die slanke boog van 'n brug deurgly.” Dit is 'n ander impressionisme as Van Deysse s'n: meer Frans, meer na Monet geskilder.

Nog 'n surrealistiese trekkie kom voor in *Gesprek onder 'n donker maan*, vanefte aangeroei: „'n Gloeilamp, 'n sekelboog, 'n maan, 'n bol wol swem voor sy oë. Weens sy vrees verplaas hy décors met duiselingwekkende gemak: die bol wol is die vrou en die vrou is 'n ronde rots.”

Ek wil nie te kenne gee dat hierdie „vreemde” ál is waarin Rabie uitmunt nie. Ek wil juis aandag vestig op 'n paar ander aspekte.

Sy enkele Suid-Afrikaanse motiewe is verrassend suiwer. *Droogte* is m.i. een van die beste stukkie werk oor ons kleur-

probleem wat nog die lig gesien het — en waarskynlik die enigste wat volkome kuns geword het. 'n Witman en 'n swartman bou saam 'n huis — die blanke binne, die naturel buite. Hier is hulle volkome afgeslote van die wêreld: „Swyend kyk die swartman hom aan met oë wat antwoord: Jou voorouers is ook dood. Ons is alleen hier.” Die blanke bou homself toe en dan roep die swartman verlate: „Kom uit, Baas . . . Kom uit na my . . .”

In dié verhaal is daar 'n beeldelement wat aandag verdien. Aan die begin loop 'n dwarrelwind oor die kaal vlakke. Dit word amper prosaïes beskryf. Daarop volg 'n beskrywing van die swartman se verlede toe sy woeste voorsate met „die drif van die swart son in hul ledemate” die Ngoma-dans gedans het. Aan die einde loop daar weer 'n dwarrelwind verby: „die swartman staar verwilderd op na die hemel sonder 'n enkel wolk, en rondom na die horison waar warrelwinde rooi-warm stof die vreeslike Ngoma van die droogte dans.” So word baie subtiel die twee elemente verenig, afgesien nog van 'n ander fyn onderskeiding: aan die begin is daar één dwarrelwind en dans die hordes die Ngoma; aan die einde staan die swartman alleen en die winde („die winde van u toorn”?) loop dol verby.

Stellenbosch, my vallei is self 'n mooi ding. 'n Eensame mens teen die Alpe, verlate van god en mens, het niks anders as homself en die klein kring warmte van sy eie lyf om aan die lewete bly nie. Daar, tussen die suiwer sneeu, keer één besoedelende daad uit die verlede terug: 'n bakleiere tussen studente en kleurlinge tydens sy universiteits-

dae. En hier dring dit ontstellend deur sy verwerping in, ná veertien jaar, en neem alle eiewaag weg sodat ál wat oorbly is: „dié verlate warmhou van die lyf.” Dit is weer 'n pragtige beeld van die verlatenheid van ons eeu (vgl. *Revolutie der eencamen*, dr. P. J. Bouman). Hier, terloops, is een geval waar ek meen dat Uys Krige in sy inleiding darem mistas.

'n Laaste groep in die bundel is sprokies en ander ragfyne verhale waarin Rabie bewys lewer van 'n verrassende aanvoeling vir brose skoonheid enersyds, en speelse humor andersyds. *L'Annunziata* is seker een van die fynste werkies in die bundel. Let op hoe die titel, sinspelende op die aankondiging aan Maria, deurwerk in die verhaal in Emile se vreugde: „'n huwelik van vreemde, gefluisterde betekenis.” Huwelik — die suiwer vereniging van siele — en Kommunie word hier pragtig verenig. Let terloops op die krag van die sin: „Haar dogtertjie het so pas 12 geword,” waar die syfers 12, i.p.v. 'n magiese simbool word, nie net van die puberteitsveranderinge nie, maar veral van die fyner, geestelike dinge wat daarmee saamhang en in die verhaal daarmee verenig word: die mistieke „huwelik.”

Die dag van die roos, ofskoon ten dele nie so volkome suiwer nie, kom ook tot ragfyne skoonheid. Let op die mooi kontras van die ekstatiëse slot (vgl. Gossaert: *Centaur* of *Badende Herderin*) met die stil liefdesverlange van die res van die stuk (vgl. Van Schendel).

Oor Rabie se taal en sy soms meesterlike beeldingsvermoë kan veel gesê word. Dit is immers

hierin dat die grootste verkunsting van sy idee is. Ek wil dit illustreer deur hoofsaaklik te verwys na *Gondel-deuntjie* wat ek vir laaste gehou het omdat dit so uitermate suiwer is. Die bekoring van die glydende gondelrit kon nouliks beter weergegee word as wat Rabie dit doen: „By die kaai wag 'n gondel met slanke skoenkurwes wat uitnoot tot magiese loop op water.” Na die armbandbeeld het ek reeds verwys. Let nog ook op die surrealisme in die beskrywing van die vet vrou in die gekolde rok: „in statige verwatenheid omring sy haarself met wentelende heelalle.” Hulle vaar diep die stad in: „waar selfs die see se skurende gety en die skoon vee van die wind verlore geraak het in die doolhowige baarmoeder van koors en uitgewasemde avenddaal.”

Uit die lewe — die piazza met sy rococo-goue hemel, vaar hulle die donker in en kom die sterwe: die meisie se lippe, eers „granaatappel-rooi,” loop leeg van kleur, die mandolinestringe breek. Die duif — die „watte-omhulde siel” vlug uit die vrou „se hartvormige hande en vleuel saggies op in die donkerende lug, terug na haar nes in die vergulde dom.” Let op die pragtige simboliek van die „hartvormige hande” en die duif se vlug.

Dit is 'n Styx-beeld; Charon keer terug na sy oewer om ander te gaan haal — ander wat eintlik maar dieselfde is. Dit word vroeg al gesuggereer, waar by die eerste kennismaking met die meisie al gesê word: „haar mond (is) nog steeds gevlek . . .” (ek kursiveer).

Dit hang saam met die kelner in die Kaalkoppe-verhaal, die drinkers in *Skelle modder*, die

kinders in *Viermuis*, ens. — hierdie idee van voortgang, gedurige kringloop.

Laat dit duidelik gesê word: *Een-en-twintig* het géén verwant in die Afrikaanse prosa nie. Mens moet die moderne Franse en Amerikaanse literatuur gaan raadpleeg om sy modelle te vind. Hierdie was maar as kort inleidende studie bedoel: 'n deeglike ontleding van die bundel, veral ook t.o.v. beïnvloeding (skilderkunstig én literêr) is egter gerade, veral om die baie skreeuers besin-kans te gee op die vraag of ons nie hier werklik te doen het met 'n bewuste stap om die kloof tussen ons prosa en ons poësie te oorbrug nie.

ANDRÉ P. BRINK

KOM SAAM . . . Kleurling-verhale saamgestel deur S. J. Malan.

Uitgewer: Afrikaanse Persboekhandel, Johannesburg 1957. Voorafgegaan deur 'n oorsigtelike inleiding, waarin die „uitgewers” 'n beskrywing gee van die verskyning van die Kleurling in Afrikaans, word hier 'n dertiental fragmente van romans, sketse en kortverhale van tien skrywers aangebied.

„Hierdie bloemlesing probeer 'n verteenwoordigende beeld gee van wat reeds in Afrikaans geskryf is met die Kleurling as tema; ons het egter nie verhale opgeneem waarin die Kleurling as karikatuur voorgestel word, of waar sy taalgebruik in oordrewe vorm aangewend word nie; so ver moontlik wou ons die Kleurling as volwaardige mens met 'n eie sielewe aan die leser voorstel” — verklaar die uitgewers in die slotparagraaf van die inleiding.

Met so'n doelstelling sal seker heel weinig lesers fout vind.

Trouens, dis verkwikkend om in 'n geskrif kennis te maak met 'n belangrike gedeelte van ons landgenote en om dan te ontdek dat hulle dieselfde soort introspektiewe wesens is as wat ons self is, met dieselfde kwellings, dieselfde drang tot grootheid, dieselfde drang tot selfbehoud en voortbestaan.

In die tydsgewrig waarin ons verkeer, is dit ongetwyfeld te verwelkom dat spesiale aandag opgeeis word vir dié soort kunswerk in Afrikaans, want ongelukkig is daar veel en vele wat bewus hydra tot 'n verwydering tussen die Kleurlinge en hulle Afrikaanse erfenis.

Daar is egter 'n ander aspek waarvoor ons nie ons oë moet sluit nie. 'n Mate van onvolgroeidheid by die Afrikaanse leser het daartoe gelei dat die sogenoemde „armblanke” of „Ampieroman” in Afrikaans onderdruk is. Die wanopvatting het ontstaan dat daardie soort romans alle Afrikaners bestempel tot armblankes en as Ampies. Deur hierdie houding van 'n deel van die Afrikaanse leserspubliek is 'n belangrike bron van inspirasie eintlik gesluit vir die skeppende kunstenaar, alhoewel Van Blerk e.a. later tog weer met welslae daar gaan put het. Feit is tog dat die openbaring van menslikheid in die Ampie-trilogie die Afrikaanse letterkunde met blywende skoonheid verryk het.

Van die kant van die Kleurlinge is daar hewig beswaar gemaak teen die Toiings-trilogie van Mikro. Mikro se werk sou dan die indruk skep dat alle Kleurlinge soos Toiings is. Feit is dat Mikro geen karikatuur geskep het nie, maar 'n egte mens, en hy het alle moontlike middele van die woordkuns aangewend

om daardie skepping so lewenswarm en lewenswaar te maak as moontlik.

Nou, waarteen ek uitdruklik wil pleit, is dat onvolgroeidheid ook by die Kleurlingleser, daarop sal uitloop dat 'n uiters dankbare stof vir die Afrikaanse en Kleurling-kunstenaar verbied gaan word. Dit sou te betreur wees, want vir my gevoel sou die Afrikaanse letterkunde en die Kleurlinggemeenskap onuitspreeklik armer gewees het aan veropenbaarde menslikheid in skoonheid van letterkundige vorm as ons nie vir Toiings geken het nie.

Alhoewel ek dus hierdie versameling as 'n gebaar van welwillendheid en vriendskap van harte verwelkom, om sy geopenbaarde skoonheid en nie om sy vermyding van „dialektiese” afwykings nie, wil ek tog ook die hoop uitspreek dat verhale oor die mindere mens in sowel die Kleurlinggemeenskap as in die blanke gemeenskap weer in ere herstel gaan word. 'n Ampie en 'n Toiings met manelpante en kanseltaal sou siellose gedrogte wees in enige letterkunde.

Kuns is des te meer oortuigend na mate dit die warmte van die lewe aanneem.

Om alle verwyt voor te wees, moet ek verduidelik dat verhale met hoogstaande, welopgevoede Kleurlinge seer sekerlik eweveel te verwelkom sal wees, net soos ons naas *Ampie* ook *Die Held* en *Reisigers na Nêrens* ken. En dat Kleurlingskrywers die vermoë, insig en vervaring het om die teenbeeld van Toiings te skep en te beeld, word juis bewys in die onderhawige bloemlesing. En ek juig dit toe dat dit so is.

Ek betreur maar slegs die omstootlike feit dat dit nodig was

om so 'n bloemlesing uit te gee om te dien as korrekatief.

Die bundel verdien 'n ruim leserskring in alle lae van die bevolking.

ABEL COETZEE

DIE MAN MET DRIE GESIGTE, Hans-Otto Meissner. Nasionale Boekhandel, Bpk., Kaapstad, ens., 1957.

Een van die grootste tekortkominge in die Afrikaanse kultuur is nog die gebrek aan gevormde leesstof vir die algemene leser wat nie hou van die fiktiewe wêreld van die skone lettere en sy waardes nie, of wat tydelik na iets anders soek by wyse van afleiding. Ek glo nie die ou-ou kreet van „beperkte mark” is meer geldig nie, want sedert daardie kreet die eerste keer aangehef is, het ons mense geweldig leer lees. Tot nog toe het ons, slegs oor die algemeen gesproke, té eensydig en té onoordeelkundig gelees. Maar ook dit is, goddank, aan die verbygaan. Daar is volop tekens dat die dae van die snertroman, skiet-en-donderverhale - volgens - Amerikaanse-resep, en die prikelroman verby is. Vir die ondernemende uitgewer — en sy „letterkundige adviseur” — moet dit seker al duidelik wees dat ons lesers so stilaan volwasse geraak het en dat hulle na stewiger voedsel vir die gees soek.

Om dié rede word die Afrikaanse vertaling van Meissner se *The man with three faces* van harte verwelkom. Die werk bied 'n rekonstruksie aan van die lotgevalle en optrede van die baaspioen Richard Sorge, wat tussen die twee wêreldoorloë in spioensiewerk gedoen het vir Rusland in Tokio.

Die skok wat 'n mens opdoen

deur hierdie onthulling van wat deur 'n brutale avonturier bereik kan word in 'n geruste, niksvermoedende gemeenskap, moet vir elke denkende inwoner van Suid-Afrika 'n duidelike vingerwysing wees van wat by ons waarskynlik reeds vol aan die gang is.

Laat ons hierdie goedversorgde vertaling aanvaar en lees, en laat dit dien as waarskuwing om ons poorte te sluit.

ABEL COETZEE

THE BEADLE, Pauline Smith.

A. A. Balkema, Kaapstad 1956. Dit gebeur nie altyd dat mens 'n onbevange beeld kry van die Afrikaanse samelewing in die Engelstalige letterkunde van Suid-Afrika nie. Tog gebeur dit. Nog onlangs het ons 'n roman van C. Leighton gehad wat om sy onbevangenheid, sy diepte van begrip en sy liefde vir die laeveldse mens en sy omgewing net so wel in Afrikaans geskrywe kon gewees het — eintlik moet ek sê: moes gewees het.

Voor hom, in 1926 reeds, het Pauline Smith 'n soortgelyke roman geskryf: *The Beadle* (Die Koster) oor 'n Boeregemeenskap in die Klein-Karoo. Die skryfster het met suiwer oog al die maatskaplike strominge in daardie gemeenskap gepeil en dit genadeloos in hulle werking enduit uitgebeeld, getemper deur 'n diepgaande eie gevoel vir menslike waardes en 'n grenselose meelye met dié een wat gesondig het teenoor die samelewing.

Sedertdien het omtrent almal van hierdie roman vergeet — wat jammer is. Dis nie net 'n daad van regverdiging teenoor die skryfster nie, maar ook teenoor die Engelstalige letterkunde in Suid-Afrika dat die uitgewer

hierdie boek opnuut en vakkundig goed versorg onder die aandag bring—sy dit dan in 'n streng beperkte oplaag.

ABEL COETZEE

TWEE WÊRELDE, G. H. Franz.
Afrikaanse Pers Bpk., Johannesburg 1957.

In die laaste roman wat Franz nog voor sy dood voltooi het, *Twee Wêrelde*, toon hy 'n onverwagte faset van sy menslikheid. In sowat alles wat hy tot dusver geskrywe het, het ons kennis gemaak met die sendelingseun met 'n grondige liefde vir die skoonheid wat hy ontdek het in die kultuur van die stamgebonde Bantoe en vir die opregte verhouding wat eertyds bestaan het tussen Bantoe en Afrikaner.

Hier beskrywe Franz die lotgevallen van 'n klein Afrikaanse gemeenskappie tydens die Rebelleie waarin Afrikaners in twee teenoorgestelde kampe te staan gekom het. Maar daar is ook nog 'n ander dubbele wêreld waarvoor die skrywer ons aandag opeis: dié aansienlike groep mense wat in Suid-Afrika gebore is, wat nie by die Engelssprekende wil aansluit nie en wat deur die Afrikaanse eksklusiwiteit uit Afrikaanse kringe geweier word.

Die boek sit vol bespiegelings oor hoe die getalsterkte en aantrekkingskrag van die Afrikaanse groep verstewig kan word, en om sy wysheid en besadigheid alleen al, moet die boek in wye kringe gelees word. Die verhaal word vlot meegedeel in die dialoogvorm, en mens lees dit met gespanne belangstelling enduit.

ABEL COETZEE

DIE OLEWAGEN SAGA, Hans Grimm. A. A. Balkema, Kaapstad 1957.

Hans Grimm het jarelank in Suidwes gewoon en hom só ingeleef in die landsomstandigheid dat dr. Vedder aan hom gesê het dat hy in dié gebied 'n plaas moet aanskaf, want sy geestelike tuiste is eintlik Suid-Afrika. Daar het ewewel niks van tereg gekom nie, en tans sien die tagtigjarige grysaard nog in hoë ouderdom 'n Afrikaanse bewerking van 'n roman wat eintlik in die Afrikaanse letterkunde sy regmatige tuiste vind.

Maar Hans Grimm het heelwat skeppingswerk gelewer met Suid-Afrika as agtergrond, o.a. *Die Olewagen Saga* in 1918. In die verhaal is heelwat van ons eie land se geskiedenis verweef, o.a. die Rebelleie van 1914 en die verhouding met Duits-Suidwes tydens die Eerste Wêreldoorlog.

Die soort sagastyl wat Grimm aanwend om sy verhaal mee te deel is verwant aan die Yslandse sagastyl, maar dis nie heeltemal nuut in Afrikaans nie — dit herinner baie sterk aan die styl van Johannes van Melle.

Die begrip wat die skrywer aan die dag lê rakende ons Suid-Afrikaanse vraagstukke, die kennis van ons mense en hulle uitbeelding getuig nie net van grondige waarneming en insig nie, maar ook van diepgaande bepeinsing. Met die keurige vertaling deur D. van Niekerk en die mooi versorging deur die uitgewer, word ons letterkunde 'n klinkende diens bewys.

ABEL COETZEE

NAGVLUG, Antoine de Saint-Exupéry. A. A. Balkema, Kaapstad 1957.

Een van die kenmerke van die Franse prosakuns is naamlik die indruk wat dit by die leser wek van 'n botsing met magte ver buitekant en bokant die onderwerp wat toevallig die middelpunt van belangstelling is. Daardeur kry die prosawerk 'n vlak by wat 'n mens soms ten onregte geneig is om slegs in die bes geslaagde poësie te soek — daardie sprong in die heelal in waar mens beweeg op die vlak van ewige waardes, die verhaal waarvan parallel loop met die verhaal van die alledaagse lewensgebeurtenisse.

Nagvlug is die verhaal van 'n vlieënier uit die baanbrekerstydperk, toe mense hulle lewe op die spel geplaas het teen onbekende magte. Tallose deelnemers aan die stryd het ondergegaan, maar in hulle ondergang die volgende skakel gesmee na uiteindelijke oorwinning.

Die Franse roman is in Afrikaans vertaal deur J. G. J. Krige, wat self 'n opgeleide vlieënier is. Die vertaling lees vlot, en die herpublikasie daarvan is allesins geregverdig.

ABEL COETZEE

DRIE GEDENKALBUMS.

Die Afrikaanse Pers Beperk vier die een-en-twintigste verjaardag van sy bestaan in Johannesburg met drie albums wat 'n keur bevat van skeppingswerk en beskouings met die verloop van die jare in sy verskillende tydskrifte en dagblad verskyn het:

Die Vaderland - Gedenkalbum, *Die Brandwag-Gedenkalbum*, en *Rooi Rose - Gedenkalbum*. Hier maak mens kennis met korter werk van sowat almal ons belangrikste skeppende kunstenaars van die afgelope twee dekades.

As mens hierdie bundels aandagtig deurlees, kan jy nie anders as om te ontdek hoe ontsaglik groot die diens is wat 'n goedgeesinde pers lewer aan die kultuur van 'n volk nie. Deur die bydrae van al die Afrikaanse tydskrifte en koerante wat in Johannesburg verskyn, kon die Afrikaanse kultuurlewe so ingrypend verander na 1936 en die rustiger bedding binnestroom van die skeppende skoonheid.

ABEL COETZEE

Skrywersaangeleenthede

Professor Abel Coetzee is aangewys as redakteur van *Die Tydskrif vir Letterkunde* en voorsitter van die Dagbestuur. Adres: Posbus 1176, Johannesburg. Die administrasie kom onder leiding van mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, Johannesburg.

* * *

Onderhewig aan die bekragting deur die Hoofbestuur, is dr. Jan Kromhout as sekretaris aangestel in die plek van dr. Dirk Coetsee, wat weens werksverandering bedank het. Briewe rakende die hoofbestuur en briewe van die verskillende werkgemeenskappe moet voortaan asseblief aan posbus 1013, Johannesburg, gerig word.

* * *

Die landswye skrywerskongres wat vroeër in die vooruitsig gestel is, is tentatief gereël vir 9, 10 en 11 April 1958, te Pretoria. Nadere besonderhede verskyn later in hierdie blad en in die pers.

* * *

Die nuwe sekretaris van die Johannesburgse werkgemeenskap is mnr. H. J. Vermaas, posbus 4585, Johannesburg. Die tesouriere is mev. H. C. Theunissen. Mnr. Dirk Richard is enkele maande gelede as ondervoorsitter verkies, in die plek van wyle dr. Fritz van der Merwe.

* * *

Ons verneem nog gereeld van mnr. Harm Oost, wat al twee jaar

lank sy oudstryderspensioen afstaan vir die noodhulpfonds vir skrywers wat deur sy toedoen in die lewe geroep is.

* * *

Benewens die talryke betuigings van deelneming wat die Skrywerskring ontvang het met die afsterwe van prof. C. M. van den Heever, het ons onlangs ook nog briewe van die Engelse tak van die PEN in Suid-Afrika, en van die werkgemeenskap Kaapstad ontvang.

* * *

Buitelid mev. Emma D. M. Venter, van Fouriesburg, skryf dat sy weens drukke openbare werksaamhede min tyd vir letterkundige skryfwerk het. Mnr. H. J. M. Redelinghuys, 'n lewenslange lid te Bellville, laat weet dat dit met hom ook nog goed gaan.

* * *

Mnr. Johannes Pienaar, broer van Sangiro, het in Kenia 'n betonblad laat oprig om die plek aan te dui waar *Uit oerwoud* en *vlakte* ontstaan het; 'n granietblad sal langs die grootpad noordwaarts opgerig word met die nodige aanduidings in Afrikaans en Engels om verbygangers se aandag op voorgaande feite te vestig. Die gedenkstone word opgerig deur die Afrikaanse Skrywerskring in medewerking met die Kultuurkring van Nairobi.

KORREKSIES

1. In die uitgawe van Junie 1957, bl. 57 staan 'n verhaal met die titel: *Die eerste keer*, Daudet, vertaal deur André Brink.

Tot ons spyt was dit foutief; dit moes gelees het: *Die leë hart*, deur André Brink. Dis geen vertaling nie, maar oorspronklike werk.

2. Op bl. 69 (Jrg. VII/2) staan afgedruk 'n beskouing *Die Afrikaanse volksliedjies*, waarvan die slotparagraaf en naam van die skrywer op bl. 71 ongelukkig ongemerk weggeval het. Ons verstrekk die ontbrekende deel hier:


Die skrywer W. A. de Klerk het in die Septembernommer 1956 van die *Tydskrif vir Letterkunde* om „'n nuwe terugkeer na ons Afrikaansheid” gepleit. In die stryd teen die vervlakkende invloed van die Handelsradio en Jazzmusiek, kan die weerbekendmaking van die ernstige en vrolike volksliedjies 'n belangrike faktor wees. Maar dan moet mense soos mev. Fourie en mnr. Willem van Warmelo die geleentheid kry om hulle werk te publiseer. Want „Onbekend maak onbemin.”

JAN BOUWS

ADRES GEVRA

Die Redaksie het die adres nodig van A. de Vries, skrywer van die verhaal *Pêrels voor die swyne*, Jrg. VII/2.

A.P.B.



Tree
die
toekoms
tegemoet . . .
versekerd

SANLAM

DIE GROOT AFRIKAANSE LEWENSVERSEKERINGSMAATSKAPPY



*Maak U keuse:- VAN RIJN
kurk in wynrooi ongekurk
in olyfgroen en filter in
roomkleurige verpakking.*

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hulle strewe na die beste leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN sigarette.

Dit is gemaak vir diegene wat liever rook vir genot as bloot uit gewoonte . . . en vir wie prys sekondêr is.

Welke ander sigaret u ookal mag rook, weet ons dat u meer genot uit VAN RIJN sal kry. Koop gerus vandag 'n pakkie VAN RIJN.

Rembrandt VAN RIJN

IN DOSIES
Kopiereg

KURK, ONGEKURK EN FILTER DE LUXE — 1/9 VIR 20, 3/11 VIR 30.
VRFA 37